# DIE ROL VAN DIE SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT CO-ORDINATION CONFERENCE (SADCC) EN DIE SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT COMMUNITY (SADC) IN SUIDER-AFRIKA

Werner Jozef Cornelia Maria Soontiëns,
B.Com., Hons B.Com.

Verhandeling voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Commercii in die Departement Ekonomie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

LEIER: Dr. W. Viviers

Potchefstroom

1992

## VOORWOORD


Hiermee wens ek my dank uit te spreek teenoor die volgende partye:

- My gesin; Laetitia, Lirsi, Kira; vir die opofferings, geduld, bystand en ondersteuning die afgelope paar jaar.

- My studieleier, Dr. Wilma Viviers, vir die volgehoue aanmoediging, positiewe kommentaar, persoonlike betrokkenheid en leiding tydens die studie.

- Prof. Louw van Wyk vir sy opbouende kritiek en raad.

- Mej. Erika van Rooyen vir die taalversorging.

- Kollega's, vriende en familie vir raad, motivering en ondersteuning.

- Die Afrika Instituut van Suid-Afrika en in besonder Mev. Elize Wessels by die biblioteek vir haar onbaatsugtige diens,
  Dr. Erich Leistner vir sy bereidwilligheid om sy ervarings en kennis met my te deel en kommentaar te lewer tydens die studie, en
  Dr. Stef Coetzee vir sy waardevolle wenke ten opsigte van die volledigheid in die afronding van die studie.

- Technikon Pretoria vir die finansiële bystand en die Skool vir Bestuurswese en Skool vir Rekeningkunde vir die gebruik van fasiliteite.

My grootste dankbaarheid is teenoor my Skepper, vir die wete: "IN U LIG SIEN ONS DIE LIG".

**ABSTRACT**

**THE ROLE OF THE SADCC AND THE SADC IN SOUTHERN AFRICA**

The objective of this study is to determine the economic value of the Southern African Development Co-ordination Conference (SADCC). The organization was transformed into the Southern African Development Community (SADC) in August 1992 and the future of this organization also forms part of this research. The method used for the acquiring of information was based mainly on a study of literature and visits to competent people in this field of study.

The initial approach of the founder members of SADCC was based on experiences relating to co-operation and integration in Africa. This led to SADCC being an organization in which members participate voluntarily, which is most probably the reason why the organization still exists. Since the foundation of SADCC not much results were achieved in terms of the original objectives of the organization. The progress of projects in the growth sectors identified by SADCC is also far from satisfying. The only sector where some form of progress is reported is transport and communication. SADCC countries contributed only 11 percent of the total costs of projects in 1990-91, which clearly indicates that the organization is not viable without external funds. On the positive side SADCC created a suitable environment for growth and development in the region.

Changes worldwide, but especially in South Africa, forced SADCC to adopt a new approach for co-operation. With the acceptance of the policy document "SADCC: towards economic integration" in January 1992 and the subsequent transformation of SADCC into the Southern African Development Community (SADC) in August 1992, SADCC adopted a drastic new approach. This approach represents full scale integration and the establishment of the SADC as a supranational body.

The recommendations of this study emphasize the inclusion of the "new South Africa" in co-operation and integration in Southern Africa. In the short term all possibilities of co-operation should get attention to promote growth and development in the region. Existing organizations (SADC, PTA and SACU) should be studied and adaptions made to create an applicable framework for co-operation in the short term and integration in the long term. Southern Africa as a region has a prosperous future if integration can take place according to a framework which is built on the realities of the region.

## INHOUDSOPGAWE


Bladsy

LYS VAN FIGURE EN TABELLE.............................. ix

**HOOFSTUK 1: INLEIDING**

1.1 **PROBLEEMSTELLING**.................................. 1

1.2 **DOELSTELLING**...................................... 1

1.3 **MOTIVERING**........................................ 1
1.3.1 DIE ONTSTAAN EN STREWES VAN SADCC.............. 1
1.3.2 DIE WAARDE VAN SADCC........................... 3
1.3.2.1 Verskillende standpunte........................ 3
1.3.2.2 Beperkte prestasies............................ 3
1.3.3 VERBINTENISSE MET SUID-AFRIKA.................. 4
1.3.4 VERANDERINGE IN DIE NEGENTIGERJARE............. 5
1.3.4.1 Die invloed van wêreldwye veranderinge......... 5
1.3.4.2 Die invloed van veranderinge in Suid-Afrika.... 7

1.4 **METODE VAN ONDERSOEK**............................. 7

1.5 **AFBAKENING VAN DIE STUDIEVELD**.................... 8

1.6 **HOOFSTUKINDELING**.................................. 10

**HOOFSTUK 2: 'N HISTORIESE OORSIG OOR SADCC**

2.1 **INLEIDING**......................................... 11

2.2 **DIE ONTSTAAN VAN SADCC**............................ 11
2.2.1 DIE AANLOOP TOT DIE STIGTING VAN SADCC......... 11
2.2.1.1 Verskillende standpunte........................ 11
2.2.1.2 Suid-Afrikaanse optrede........................ 12
2.2.1.3 Die KONSAS-voorstel............................ 13

Bladsy


2.2.2 DIE STIGTING VAN SADCC........................ 14
2.2.2.1 Konferensies.................................. 15
2.2.2.2 Wye belangstelling............................ 16
2.2.2.3 Die keuse van die naam........................ 16

2.3 **DIE AARD VAN SADCC**.............................. 17
2.3.1 TEORETIESE ONDERBOU.......................... 17
2.3.1.1 Die makro-benadering.......................... 17
2.3.1.2 Die mikro-benadering.......................... 18
2.3.2 DIE SADCC-STANDPUNT TEENOOR SAMEWERKING EN INTEGRASIE.................................. 18
2.3.2.1 Eiesoortige vorm van samewerking.............. 19
2.3.2.2 Voordele...................................... 20
2.3.2.3 Nadele........................................ 20

2.4 **DIE FUNKSIONERING VAN SADCC**...................... 21
2.4.1 DIE OORKOEPELENDE BESTUUR VAN SADCC............ 22
2.4.2 DIE BESTUUR VAN SADCC-AKTIWITEITE............. 23
2.4.2.1 Die SADCC-aksieprogram........................ 23
2.4.2.2 Die hantering van die samewerkingsgebiede...... 25

2.5 **DIE DOELSTELLINGS VAN SADCC**...................... 26
2.5.1 DIE VERMINDERING VAN EKONOMIESE AFHANKLIKHEID.. 26
2.5.2 DIE SKEP VAN STREEKSINTEGRASIE................ 27
2.5.3 DIE MOBILISERING VAN PLAASLIKE HULPBRONNE...... 28
2.5.4 DIE VERSEKERING VAN INTERNASIONALE SAMEWERKING. 28

2.6 **LIDLANDE**......................................... 29
2.6.1 GEMEENSKAPLIKE BELANGE EN OOREENKOMSTE......... 29
2.6.2 VERSKILLE..................................... 31
2.6.2.1 Verhoudinge met die buiteland................. 31
2.6.2.2 Polities-ekonomiese stelsels.................. 32
2.6.2.3 Plaaslike omstandighede....................... 33
2.6.2.4 Verbintenisse met Suid-Afrika................. 35
2.6.3 KONFLIKGEBIEDE ................................ 35

2.7 **SAMEVATTING**...................................... 36

Bladsy

**HOOFSTUK 3: 'N EVALUERING VAN DIE VORDERING VAN SADCC IN SY EERSTE DEKADE**


3.1 **INLEIDING**............................................ 38

3.2 **STANDPUNTE OOR DIE VORDERING VAN SADDC**.............. 38
3.2.1 TEENSTRYDIGHEDE.................................. 38
3.2.2 PRESTASIES....................................... 39
3.2.3 GEBREKE.......................................... 40

3.3 **'n EVALUERING VAN SADCC SE DOELSTELLINGS**............ 41
3.3.1 TYDSDIMENSIE..................................... 41
3.3.2 DIE VERMINDERING VAN EKONOMIESE AFHANKLIKHEID.. 42
3.3.2.1 Suksesse....................................... 42
3.3.2.2 Gebreke........................................ 43
3.3.2.3 Die invloed van verandering sedert 1990........ 43
3.3.3 DIE SKEP VAN STREEKSINTEGRASIE................... 44
3.3.4 DIE VERSEKERING VAN INTERNASIONALE SAMEWERKING. 45
3.3.4.1 Die betrokkenheid van skenkerlande............ 45
3.3.4.2 Toekomstige betrokkenheid...................... 46
3.3.4.3 EG-betrokkenheid............................... 46
3.3.5 DIE MOBILISERING VAN PLAASLIKE HULPBRONNE...... 48

3.4 **'n EVALUERING VAN SADCC SE GROEISEKTORE**............ 48
3.4.1 'n VERANDERING VAN PRIORITEITE.................. 49
3.4.2 LANDBOU.......................................... 50
3.4.2.1 Algemeen....................................... 50
3.4.2.2 Projekte en finansiering....................... 50
3.4.3 MYNWESE.......................................... 52
3.4.3.1 Algemeen....................................... 52
3.4.3.2 Projekte en finansiering....................... 54
3.4.4 ENERGIE.......................................... 55
3.4.4.1 Algemeen....................................... 55
3.4.4.2 Projekte en finansiering....................... 55
3.4.5 NYWERHEID EN HANDEL.............................. 56
3.4.5.1 Algemeen - nywerheid........................... 56

Bladsy

3.4.5.2 Algemeen - handel.............................. 58
3.4.5.3 Projekte en finansiering....................... 60
3.4.6 TOERISME........................................ 62
3.4.6.1 Algemeen...................................... 62
3.4.6.2 Projekte en finansiering....................... 62
3.4.7 VERVOER EN KOMMUNIKASIE......................... 63
3.4.7.1 Algemeen...................................... 63
3.4.7.2 Projekte en finansiering....................... 65
3.4.7.3 Toenemende belangrikheid....................... 66
3.4.8 MANNEKRAG....................................... 68
3.4.8.1 Algemeen...................................... 68
3.4.8.2 Projekte en finansiering....................... 70
3.4.9 FINANSIERING.................................... 71
3.4.9.1 Algemeen...................................... 71
3.4.9.2 Projekte en finansiering....................... 71

3.5 **ONDERLIGGENDE PROBLEME**.............................. 75
3.5.1 INTERNASIONALE PROBLEME......................... 75
3.5.2 PLAASLIKE PROBLEME.............................. 75

3.6 **DIE AFHANKLIKHEID VAN SUID-AFRIKA**.................. 76
3.6.1 VERVOER......................................... 77
3.6.2 HANDEL.......................................... 77
3.6.3 ARBEID.......................................... 80
3.6.4 INVESTERING EN HULP............................. 81
3.6.5 ENERGIE......................................... 81
3.6.6 GEVOLGTREKKINGS................................. 82
3.6.7 INTERAFHANKLIKHEID.............................. 84

3.7 **SAMEVATTING**........................................ 85

**HOOFSTUK 4: DIE STIGTING VAN SADC AS REAKSIE OP VERANDERENDE OMSTANDIGHEDE**

4.1 **INLEIDING**.......................................... 87

Bladsy


4.2 **VERANDERENDE OMSTANDIGHEDE**.......................... 87

4.2.1 OMSTANDIGHEDE BUITE SUIDER-AFRIKA.............. 87

4.2.1.1 Veranderinge.................................... 87

4.2.1.2 Implikasies van die veranderinge............... 88

4.2.2 OMSTANDIGHEDE IN SADCC-LANDE.................... 88

4.2.2.1 Veranderinge.................................... 88

4.2.2.2 Implikasies van die veranderinge............... 89

4.2.3 OMSTANDIGHEDE IN SUID-AFRIKA.................... 90

4.2.3.1 Veranderinge.................................... 90

4.2.3.1.1 'n Nuwe politieke benadering................. 90

4.2.3.1.2 Die onderhandelingsproses.................... 91

4.2.3.1.3 Die moontlike invloed van die demokratisering op die ekonomie van Suid-Afrika............. 92

4.2.3.2 Implikasies vir die Suider-Afrika streek....... 93

4.2.3.3 Implikasies vir SADCC as 'n organisasie........ 95

4.2.3.3.1 Die nut van SADCC............................ 95

4.2.3.3.2 Die nut van SADCC-projekte................... 95

4.3 **DIE REAKSIE VAN SADCC OP DIE VERANDERINGE IN SUID-AFRIKA**.......................................... 96

4.3.1 DIE NOODSAAK VAN DIE VERSTERKING VAN SADCC-EKONOMIEë................................ 97

4.3.1.1 Ekonomiese aanwysers vir die versterking van ekonomieë........................................ 98

4.3.1.2 Dringende optrede............................... 102

4.3.2 DIE HERWAARDERING VAN SADCC SE STANDPUNT TEENOOR SAMEWERKING EN INTEGRASIE...................... 102

4.3.2.1 Die nuwe benadering............................ 103

4.3.2.2 Kritiek op die nuwe funksionering van SADCC.... 105

4.4 **DIE STIGTING VAN DIE SADC**......................... 106

4.4.1. DIE AARD VAN SADC.............................. 106

4.4.2 DIE DOELSTELLINGS VAN SADC..................... 107

4.4.3. DIE FUNKSIONERING VAN SADC.................... 109

4.5 **SAMEVATTING**......................................... 110

Bladsy

**HOOFSTUK 5: TOEKOMSTIGE SAMEWERKING EN INTEGRASIE IN SUIDER-AFRIKA**

5.1 **INLEIDING**........................................ 112

5.2 **BESTAANDE OOREENKOMSTE**............................ 112
5.2.1 DIE SADC (Suider-Afrika Ontwikkelingsgemeenskap) 112
5.2.1.1 Die integrasie-benadering van SADC............. 112
5.2.1.2 Die uitbreiding van lidmaatskap van SADC....... 113
5.2.1.3 Suid-Afrika se moontlike lidmaatskap........... 114
5.2.1.3.1 Verskillende standpunte...................... 114
5.2.1.3.2 Verwagtings en vrese......................... 114
5.2.1.3.3 Die implikasies van Suid-Afrika se moontlike lidmaatskap.................................. 115
5.2.1.4 Die toekoms van SADC........................... 116
5.2.2 DIE PTA (Voorkeurhandelsgebied vir Oostelike en Suidelike Afrika-state)........................ 118
5.2.2.1 Die stigting en doelstellings van die PTA...... 118
5.2.2.2 Die integrasie-benadering van die PTA.......... 119
5.2.2.3 Die uitbreiding van lidmaatskap van die PTA.... 120
5.2.2.4 Die toekoms van die PTA........................ 121
5.2.3 DIE SADU (Suider-Afrikaanse Doeane-Unie)....... 123
5.2.3.1 Die stigting en doelstellings van SADU......... 123
5.2.3.2 Die integrasie-benadering van SADU............. 123
5.2.3.3 Die uitbreiding van lidmaatskap van SADU....... 124
5.2.3.4 Die toekoms van SADU........................... 125
5.2.3.5 Gevolgtrekkings................................ 125

5.3 **ANDER MOONTLIKHEDE VAN INTEGRASIE EN SAMEWERKING**.... 126
5.3.1 DIE ONDERSKEID TUSSEN INTEGRASIE EN SAMEWERKING 126
5.3.2 DIE TOEKOMS VAN INTEGRASIE IN SUIDER-AFRIKA.... 127
5.3.2.1 Vryehandelsgebied.............................. 127
5.3.2.2 Gemeenskapsmark................................ 128
5.3.2.3 Meer gevorderde integrasie..................... 129
5.3.2.4 Lesse uit EG-ervarings......................... 129

Bladsy

5.3.2.5 Die toepaslikheid van integrasie in Suider-Afrika........................................ 130
5.3.3 DIE TOEKOMS VAN SAMEWERKING IN SUIDER AFRIKA... 132
5.3.3.1 Bilaterale en multilaterale ooreenkomste....... 132
5.3.3.2 Trilaterale samewerking met die EG............ 133
5.3.3.3 Die toepaslikheid van samewerking in Suider-Afrika........................................ 134
5.3.3.4 Beperkings op samewerking...................... 135

5.4 **DIE TOEKOMSTIGE ROL VAN DIE "NUWE SUID-AFRIKA"......** 136

5.5 **DIE TWEELEDIGE BENADERING VIR SUIDER-AFRIKA.........** 138
5.5.1 DIE KORTTERMYN-BENADERING...................... 138
5.5.2 DIE LANGTERMYN BENADERING...................... 139

5.6 **SAMEVATTING.........................................** 140

**HOOFSTUK 6: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

6.1 **INLEIDING..........................................** 142

6.2 **SAMEVATTING.........................................** 142

6.3 **GEVOLGTREKKINGS...................................** 144
6.3.1 DIE EKONOMIESE WAARDE VAN SADCC................ 144
6.3.1.1 Die aard van SADC.............................. 144
6.3.1.2 Die bereiking van die stigtingsdoelstellings... 146
6.3.1.2.1 Die vermindering van ekonomiese afhanklikheid 146
6.3.1.2.2 Die skepping van streeksintegrasie........... 146
6.3.1.2.3 Die verkryging van internasionale samewerking 147
6.3.1.2.4 Die mobilisering van plaaslike hulpbronne.... 147
6.3.1.3 Die vordering van projekte in die groeisektore. 148
6.3.2 DIE STIGTING EN TOEKOMSPOTENSIAAL VAN SADC..... 150
6.3.2.1 Die stigting van SADC as noodsaaklike reaksie.. 150
6.3.2.2 Die toekomspotensiaal van SADC................ 151

Bladsy

6.4 **AANBEVELINGS**........................................ 153

6.5 **SLOT**................................................ 155

**BRONNELYS**.............................................. 157

## LYS VAN FIGURE EN TABELLE

Bladsy

### Figure

Figuur 2.1 - Suider-Afrika: SADCC-lidlande en Suid-Afrika 30

Figuur 3.1 - Finansiering van landbouprojekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)........... 51

Figuur 3.2 - Finansiering van mynwese projekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)........... 53

Figuur 3.3 - Finansiering van energieprojekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)........... 57

Figuur 3.4 - Finansiering van nywerheids- en handelsprojekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste). 59

Figuur 3.5 - Finansiering van toerismeprojekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)...... 61

Figuur 3.6 - Finansiering van vervoer- en kommunikasie projekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)........................................... 64

Figuur 3.7 - Finansiering van mannekragprojekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)...... 69

Figuur 3.8 - Finansiering van alle SADCC-projekte: 1985-1991. (Uitgedruk in finansiële waarde)................. 74

Figuur 3.9 - Finansiering van alle SADCC-projekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)...... 74

Figuur 3.10 - Invoer vanaf Suid-Afrika: 1985 en 1989. (Uitgedruk as persentasie van totale invoer)........... 79

Bladsy

Figuur 3.11 - Uitvoer na Suid-Afrika: 1985 en 1989. (Uitgedruk as persentasie van totale uitvoer).......... 79

Figuur 4.1 - SADCC-lande: Reële BNP groei: 1981-85 en 1986-90. (Gemiddelde jaarlikse persentasie verandering) 100

Figuur 4.2 - SADCC-lande: BNP per kapita: 1980 en 1989. (Uitgedruk in VSA dollar)............................ 100

Tabelle

Tabel 2.1 - Polities-ekonomiese indeling van SADCC-lande: 1991.................................................. 33

Tabel 2.2 - Oppervlakte en bevolking van SADCC-lande: 1990.................................................. 34

Tabel 3.1 - LANDBOU: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).............. 51

Tabel 3.2 - MYNWESE: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).............. 53

Tabel 3.3 - ENERGIE: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).............. 57

Tabel 3.4 - NYWERHEID EN HANDEL: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).. 59

Tabel 3.5 - TOERISME: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).............. 61

Bladsy

Tabel 3.6 - VERVOER EN KOMMUNIKASIE: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).. 64

Tabel 3.7 - VERVOER EN KOMMUNIKASIE: projekte, koste en finansiering as persentasie van die totaal van alle SADCC-sektore :1985-1991.............................. 66

Tabel 3.8 - MANNEKRAG: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van geskatte koste)...... 69

Tabel 3.9 - TOTAAL VAN ALLE SEKTORE: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en as persentasie van geskatte koste)............... 73

Tabel 3.10 - In- en uitvoer tussen SADCC-lande en Suid-Afrika: 1985 en 1989 (uitgedruk as persentasie van totale in- en uitvoer)................................. 78

Tabel 3.11 - Energieverskaffing van Suid-Afrika aan SADCC-lande: 1980, 1985 en 1990 (uitgedruk in miljoen Kilowatt-uur)...................................... 82

Tabel 3.12 - Verbintenisse van SADCC-lande met Suid-Afrika: 1988 (Uitgedruk in terme van totale waardes vir die betrokke lande)................................. 83

Tabel 4.1 - Ekonomiese aanwysers van SADCC-lande: 1980 - 1990.................................................. 99

Tabel 5.1 - Lidmaatskap van streeksorganisasies: 1992... 118

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Die Southern African Development Co-ordination Conference (SADCC) is in 1980 gestig as 'n organisasie wat ekonomiese samewerking in Suidelike Afrika nagestreef het. In 1992 is SADCC vervang met die Southern African Development Community (SADC), 'n organisasie wat integrasie nastreef. Daar bestaan onduidelikheid oor die rol wat SADCC vanf 1980 tot 1992 in Suider-Afrika gespeel het en oor die toekoms van die nuwe SADC.

## 1.2 DOELSTELLING

Die doel van die studie is om die ekonomiese waarde van die voormalige SADCC sedert sy stigting in 1980 te evalueer en om SADC, wat in 1992 gestig is, in die lig van die veranderende omstandighede in Suider-Afrika te evalueer.

## 1.3 MOTIVERING

Om hierdie studie te motiveer word 'n aantal onderwerpe aangespreek. In die eerste plek is dit nodig om die ontstaan en strewes van SADCC te ondersoek. Tweedens word die waarde van SADCC vir sy lidlande bespreek. Derdens word die verbintenisse met Suid-Afrika bespreek en vierdens word die invloed van veranderinge wêreldwyd en in Suid-Afrika ondersoek.

### 1.3.1 DIE ONTSTAAN EN STREWES VAN SADCC

Om die ekonomiese waarde van die organisasie vas te stel, is dit noodsaaklik om die omstandighede waaronder die organisasie ontstaan het, asook die strewes van die organisasie te ondersoek.

Verskille bestaan oor die ontstaan van SADCC. Sowel Kongwa (1990(a):3) as Morna (1990(c):15) stel dat vanaf die stigting van SADCC die beeld geskep is dat die organisasie daargestel is om ekonomiese ontwikkeling te bevorder, maar dat die logiese grond vir die skepping van die organisasie altyd polities eerder as ekonomies was. Volgens N'gandwe (1987:207) het SADCC ontstaan as 'n vryheidsbeweging - die logiese en natuurlike uitvloeisel van 'n politieke stryd wat geleidelik na 'n ekonomiese stryd verander het. Langs die politieke stryd tussen SADCC en Suid-Afrika het ekonomiese verbintenisse tussen die lidlande en Suid-Afrika bly voortbestaan. Dit is 'n aanduiding dat dit eerder die politieke bestel in Suid-Afrika was wat 'n rol in die ontstaan van SADCC gespeel het (kyk 2.2.1.2) (Maasdorp, 1990:117).

Die Suider-Afrika streek is die enigste streek wat in die tagtigerjare nie na beplande nouer integrasie gestrewe het nie (Kongwa, 1990(a):3). Tog is die strewe vir die tweede dekade van sy bestaan meer op die smee van bande vir 'n regverdige streeksintegrasie gefokus (Anon, 1990(c):23). Die wyse waarop SADCC sy doelstellings nastreef is ook nie altyd duidelik nie soos sal blyk uit die volgende verduidelikings.

Enersyds beweer Makoni, die uitvoerende sekretaris van SADCC, in 'n onderhoud met Novicki (1990:35), dat basiese ekonomiese beginsels as grondslag vir die goedkeuring van projekte gebruik word. Die vestiging van alternatiewe handelsroetes in SADCC-lande word as voorbeeld hiervan gebruik. Andersyds dring SADCC-lande daarop aan dat meer staatsinmenging in hul ekonomieë plaasvind. Hierdie stap is nodig omdat ekonomiese besluite politieke oorwegings moet insluit om groei met gelykheid te bevorder (Thompson, 1986:29).

### 1.3.2 DIE WAARDE VAN SADCC

Die ekonomiese waarde van SADCC, veral vir sy lidlande, word deur die aard en prestasies van die organisasie bepaal. Sedert die ontstaan van SADCC het verskillende standpunte oor die waarde van die organisasie ontwikkel.

#### 1.3.2.1 Verskillende standpunte.

SADCC is 'n los assosiasie van lede wat die probleme inherent aan integrasie-ooreenkomste vermy (Maasdorp, 1988:74) en eerder op samewerking toegespits is. Hierdie los struktuur word as 'n positiewe element van SADCC beskou. In teenstelling hiermee sien Mandaza (1988:12) hierdie los struktuur as die element wat die waarde van SADCC kan verminder.

Die waarde van SADCC word verder deur verskillende stellings bevraagteken. Mandaza (1988:13) beweer dat SADCC die neiging het om eerder die historiese verhouding van afhanklikheid, uitbuiting en dominering te versterk as om dit uit te daag. Die argument is dat die streeks-infrastruktuur in Suider-Afrika ook sonder SADCC-deelname sou verbeter het (Anon, 1990(e):5). Dié stelling is direk teenstrydig met Reddy (1988:14) s'n waarvolgens die situasie swakker sou wees sonder SADCC-deelname op die gebied van vervoer en kommunikasie.

Die waarde van die organisasie word bevraagteken in die lig van die prestasies oor die eerste tien jaar van sy bestaan wat min, wydverspreid en betekenisloos blyk te wees (Anon, 1990(a):8). SADCC se beperkte prestasies word vervolgens bespreek.

#### 1.3.2.2 Beperkte prestasies

Die ekonomiese probleme van lidlande het toegeneem, die

mense van die streek het armer geword en die gemiddelde groei in bruto nasionale produk was laer as die bevolkingsaanwas gedurende die jare tagtig (Reddy, 1988:14). Net die BLS-lande (Botswana, Lesotho en Swaziland) het 'n relatief goeie groei sedert die ontstaan van SADCC getoon (kyk tabel 4.1). Hierdie lande was egter ook lid van die Suider-Afrikaanse Doeane-unie (SADU), wat dit moeilik maak om die oorsaak van die vooruitgang vas te stel.

Ook die handel tussen SADCC-lande het die afgelope dekade nie verbeter nie. Volgens Nyika (1990:579) bly intra-SADCC-handel laag as gevolg van onbuigbare wisselkoerse, invoertariewe, belasting en inkonsekwente makro-ekonomiese beleid.

Die beperkte prestasies word aan 'n verskeidenheid faktore toegeskryf. Reddy (1988:14) verwys na Suid-Afrikaanse destabilisasie, toenemende skuld en 'n tekort aan buitelandse valuta. Elemente soos betalingsbalansprobleme, daling in openbare en privaat investering, ontoepaslike beleid (Anon, 1990(d):14), en mannekragtekorte en bestuurswakhede (Nyika, 1990:579) dra verder tot die situasie by.

Verbintenisse met Suid-Afrika het egter bly voortbestaan en die SADCC-lande was byvoorbeeld in 1990 vir 21 persent van hulle oorsese handel van Suid-Afrikaanse vervoer afhanklik (Anon, 1990(a):8).

### 1.3.3 VERBINTENISSE MET SUID-AFRIKA

Vanweë die noue verbintenisse tussen die Suider-Afrikaanse lande is dit belangrik om vas te stel watter invloed veranderinge in Suid-Afrika op SADCC/SADC het. Hierdie veranderinge sal ook die rol wat SADC in die toekoms kan speel, beïnvloed. Die rigting van die invloede is ook van belang omdat dit bepaal of daar afhanklikheid of inter-afhanklikheid in Suider-Afrika voorkom.

Die afhanklikheid of interafhanklikheid in Suider-Afrika is volgens Morna (1990(c):15) nie 'n natuurlike verskynsel of resultaat van 'n vryemarkstelsel nie. Volgens hom is dit grotendeels die gevolg van Suid-Afrikaans gesteunde oorloë in Angola en Mosambiek. Die veranderinge in Suid-Afrika en die streek sedert 1990 maak hierdie oorsaak tot niet. Toekomstige samewerking sal dus nie op 'n afhanklikheidsgrondslag hoef te geskied nie.

Maasdorp (1985:70) beskryf die verhouding tussen Suid-Afrika en SADCC as interafhanklik van aard en gebruik as voorbeeld die vervoer- en hawe-fasiliteite van Maputo wat deur Suid-Afrika gebruik word en Suid-Afrikaanse hawens wat produkte van SADCC-lande verskeep. Nuwe projekte wat in die streek geloods word, en waarby Suid-Afrika betrokke is, is 'n verdere bewys van die interafhanklikheid. Die belangrikste projekte in hierdie verband is die Lesotho Hoogland Waterprojek, die Sua Pan soda-as projek in Botswana en die Cahora Bassa projek in Mosambiek (kyk 3.6.7) (Leistner, 1991(c):494).

### 1.3.4 VERANDERINGE IN DIE NEGENTIGERJARE

Die wêreldwye ekonomiese veranderinge sedert die negentigerjare beïnvloed die klimaat waarin 'n organisasie soos SADCC funksioneer. Verder het veranderinge ook in Suider-Afrika plaasgevind wat beteken dat die lede van SADCC nie meer dieselfde benadering handhaaf as met die stigting van die organisasie in 1980 nie. Hierdie veranderinge het 'n invloed op die waarde en toekoms van SADCC/SADC.

#### 1.3.4.1 Die invloed van wêreldwye veranderinge

Wêreldwye politieke en ekonomiese veranderinge, veral in Oos-Europa, skep 'n gespanne atmosfeer in die SADCC-lidlande. Die SADCC-lande vrees dat skenkerlande hul

fondse uit die Suider-Afrika streek sal onttrek. Volgens Morna (1990(a):17) bestaan die vrees dat die Weste so besig gaan wees met die herontwikkeling van die Oos-Europese ekonomieë dat aandag van Afrika verskuif sal word.

Andersyds sal Suid-Afrika, danksy interne veranderinge, waarskynlik in die komende dekade in 'n sterk posisie wees om SADCC se behoeftes en die verwagte leemte wat die Weste se veranderde prioriteite agterlaat, te bevredig (Kongwa, 1990(a):4).

Die verkryging van finansiering vir projekte is 'n belangrike funksie, want SADCC is afhanklik van internasionale hulp en investering. Tot 90 persent van die totale finansiering van projekte word van internasionale hulporganisasies en Westerse lande verkry (kyk 3.4.9) (Ncube, 1991:8).

Die invloed van die Oos-Europese verwikkelinge op die beskikbaarheid van buitelandse hulp en finansiering is nog onduidelik. Arnold (1990(a):21) dui op SADCC se vrese vir hertoekenning van fondse (soos reeds deur Swede en Italië aangekondig) en 'n verminderinng van belangstelling in Afrika. Volgens Hall (1990:15) sal bankiers egter nie groot lenings aan die nuwe demokratiese Oos-Europa toestaan alvorens daar bewys van ekonomiese hervorming gelewer is nie.

Daar bestaan min twyfel dat die beskikbare buitelandse fondse beperk gaan wees. Dr. Quett Masire, die president van Botswana, het daarom erken dat die langtermyn ontwikkeling van die organisasie op eie fondse gebaseer moet word (Anon, 1990(c):23). SADCC het ook sy lidlande versoek om die "ongesonde" vlakke van afhanklikheid van buitelandse hulp te verlaag (Makoni soos aangehaal deur Hall, 1990:15).

### 1.3.4.2 Die invloed van veranderinge in Suid-Afrika

Die veranderende omstandighede in Suid-Afrika, veral die bereidwilligheid om met politieke hervorming voort te gaan, het nuwe realiteite in Suider-Afrika geskep. Soos Hall (1990:16) dit stel maak die veranderende omstandighede Suid-Afrika 'n deelnemer in die streeks-ekonomiese verhoudinge. Hierdie deelname het 'n byna onberekenbare invloed op hulp, handel, investering en streeksamewerking.

Bogenoemde invloed kan Suider-Afrika meer afhanklik van Suid-Afrika maak. Dit word deur SADCC-lidlande as potensieël nadelig beskou. SADCC het gehoop dat ekonomiese wanbalanse tussen Suid-Afrika en die SADCC-lande reggestel sou wees teen die tyd dat Suid-Afrika polities aanvaarbaar is (Morna, 1990(c):15). Met die huidige tendens van veranderinge blyk dit nie die geval te wees nie.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie sal waarskynlik die sterker ekonomiese mag in Suider-Afrika bly (kyk 4.2.3.1.3). Dit het direkte implikasies vir die doelstelling van SADCC om minder afhanklik van Suid-Afrika te word. 'n Afname van afhanklikheid sal dus nie noodwendig plaasvind nie, wat 'n aanduiding is van die politieke eerder as ekonomiese aard van die probleem wat SADCC met Suid-Afrika het (Maasdorp, 1990:117). In reaksie hierop haal Kongwa (1990(a):3) die uitvoerende sekretaris van SADCC aan waar hy sê dat die afkeer van Suid-Afrika nie sal eindig met die val van apartheid of die instelling van 'n meerderheidsregering nie. Die doel om minder afhanklik te word, sal steeds nagestreef word.

## 1.4 **METODE VAN ONDERSOEK**

Die ondersoek is gebaseer op 'n literatuurstudie wat hoofsaaklik bestaan uit SADCC-publikasies, verslae en tydskrifartikels wat meerendeels by die Afrika-Instituut

verky is. Daar is ook persoonlike gesprekke met kundiges gevoer.

Navrae is gedoen by verskeie privaat en openbare instansies en organisasies, waaronder die SADCC-sekretariaat. Die doel van die navrae was om meer volledige inligting oor beskikbare gegewens te verkry. Beperkte sukses is met hierdie navrae behaal.

## 1.5 AFBAKENING VAN DIE STUDIEVELD

Die afkorting SADCC, afgelei van die Engelse naam van die organisasie, naamlik Southern African Development Co-ordination Conference, word gebruik. Die Afrikaanse vertaling is die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingskoordineringskonferensie. Die Afrikaanse naam van die organisasie word egter selde in die literatuur gebruik en is daarom nie algemeen bekend nie. Vir dieselfde rede word SADC (Southern African Development Community) gebruik vir die Suider-Afrika Ontwikkelings Gemeenskap en PTA (Preferential Trade Area for Eastern and Southern Africa) vir die Voorkeurhandelsgebied vir Oostelike en Suidelike Afrika.

Die tydsdimensie waarin die studie plaasvind is vanaf 1980 tot 1992 met uitsondering van verwysings na die totstandkoming van SADCC wat in die laat sewentigerjare plaasgevind het. Nuwe verwikkelinge met betrekking tot SADCC en SADC is tot September 1992 ingesluit.

Geografies word die studie hoofsaaklik beperk tot die gebied suid van Zaïre (Uganda, Kenia, Rwanda en Burundi uitgesluit). Dit sluit die lidlande van SADCC/SADC en Suid-Afrika in. Die term Suider-Afrika verwys na hierdie geografiese gebied (kyk figuur 2.1).

Die studie konsentreer op die bestaan van SADCC as 'n organisasie. Verwysings na individuele lidlande is

onvermydelik maar geskied in die konteks van die organisasie. Vanweë die interafhanklikheid in Suider-Afrika vorm Suid-Afrika ook deel van die studie.

Verwantskappe met organisasies met duidelike raakpunte soos die Suider-Afrikaanse Doeane-Unie (SADU) en die Voorkeurhandelsgebied vir Oostelike en Suidelike Afrika (PTA) word kortliks in die studie ondersoek. Daar word nie 'n in-diepte studie van die SADU en PTA gemaak nie, aangesien dit te omvangryk sal wees. Die lesse van dié organisasies vir toekomstige samewerking of integrasie in Suidelike-Afrika word egter kortliks uitgelig.

Die klem van die studie val op die ekonomiese aspekte hoewel enkele verwysings na politieke, sosio- kulturele, maatskaplike en fisiese aspekte voorkom. In die uiteensetting van argumente word die ontwikkelingsgebiede soos deur SADCC geïdentifiseer, uitgelig.

Die ondersoek na die vordering van SADCC is gegrond op gegewens wat deur die SADCC-sekretariaat gepubliseer is. Maatstawwe is gebruik om die vordering te meet, naamlik die bereiking van die stigtingsdoelstellings en die vordering in die groeisektore.

Die gebruik van algemeen ekonomiese aanwysers soos die Bruto Nasionale Produk (BNP) en ekonomiese groei is oorweeg om die vordering van SADCC te bepaal. Met die vergelyking daarvan is egter bevind dat geen sinvolle en/of kwantifiseerbare verwantskap tussen die funksionering van SADCC en die algemeen ekonomiese aanwysers van sy lidlande bestaan nie. Dit is nie duidelik of die veranderinge in die aanwysers as gevolg van die bestaan van SADCC was nie en daarom word dié aanwysers nie vir die bepaling van die vordering van SADCC gebruik nie.

## 1.6 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1 bevat die probleemstelling, doelstelling en motivering van die aktualiteit en noodsaaklikheid van die studie. As grondslag en ter aansluiting by die doelstelling word in hoofstuk 2 'n historiese oorsig oor SADCC verskaf. Hierdie oorsig verwys na die ontstaan, aard, funksionering en doelstellings van die organisasie asook ooreenkomste en veskille tussen die lidlande.

In hoofstuk 3 word teenstrydige standpunte ten opsigte van die vordering van SADCC gedurende die eerste dekade van sy bestaan uitgelig. Die vordering van SADCC word ondersoek aan die hand van die doelstellings en die geïdentifiseerde groeisektore van die organisasie. Onderliggende probleme word opgesom en verbintenisse met Suid-Afrika word ook in hierdie hoofstuk bespreek

Nadat die vordering van SADCC bepaal is, word in hoofstuk 4 aandag gegee aan veranderinge wêreldwyd en in Suider-Afrika. Die veranderende omstandighede en die invloed daarvan op die streek en SADCC word bespreek voordat die reaksie van SADCC en die totstandkoming van SADC aandag geniet.

Hoofstuk 5 werp 'n blik op die toekomstige samewerking en integrasie in die streek. Die belangrikste ooreenkomste, hul toekoms en alternatiewe geniet aandag voordat afgesluit word met 'n Suider-Afrika benadering vir die toekoms. Hierdie benadering word veral gebaseer op die bestaande omstandighede in die Suider-Afrika streek. Ter afsluiting word in hoofstuk 6 'n samevatting verskaf, gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings vir verdere ondersoek voorgestel.

# HOOFSTUK 2

# 'N HISTORIESE OORSIG OOR SADCC

## 2.1 INLEIDING

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om die historiese verloop van SADCC sedert sy totstandkoming te ondersoek.

Eerstens word die ontstaan van SADCC en die stigting bespreek. Tweedens word die aard van SADCC bespreek. Die funksionering van SADCC word in die derde deel bespreek. Vierdens word die stigtingsdoelstellings uiteengesit en laastens word die ooreenkomste en verskille tussen die lidlande beklemtoon.

## 2.2 DIE ONTSTAAN VAN SADCC

Daar bestaan verskeie standpunte oor die aanloop tot die stigting van die organisasie. Dit word eerstens bespreek.

### 2.2.1 DIE AANLOOP TOT DIE STIGTING VAN SADCC

#### 2.2.1.1 Verskillende standpunte

Daar bestaan onduidelikheid oor die presiese oorsprong van SADCC (Amin, 1987:8). Die oënskynlike inisiatief het van die frontlinie-state (Angola, Botswana, Mosambiek, Tanzanië en Zambië) gekom, maar dit word wyd erken dat 'n sterk aansporing ook van die Westerse lande gekom het. Die aansporing was in die vorm van 'n herstrukturering van Suidelike Afrika na jare van oorlog (Amin, 1987:8).

Breytenbach (1986:42) beskou die oorsprong van SADCC as die "Pan-African Freedom Movement of East, Central and Southern Africa" wat vanaf 1958 tot 1963 bestaan het, die Konferensie van Oos en Sentraal Afrikaanse State wat oor die tydperk 1966 tot 1974 gefunksioneer het, en die informele frontlinie-state. Die informele frontlinie-state

was die eerste groep om 'n eenvormige beleid oor vryheidsbewegings en onafhanklikheid van Suider-Afrika te formuleer. N'gandwe (1987:207) sluit hierby aan met sy standpunt van SADCC as 'n vryheidsbeweging.

Verskeie ander omstandighede en gebeurtenisse het ook tot 'n mate aanleiding tot die ontstaan van SADCC gegee. Die voorstel van President Kenneth Kaunda van Zambië, naamlik om 'n transkontinentale streek van onafhanklike en ekonomies magtige state van Dar-es-Salaam en Maputo aan die Indiese Oseaan tot Luanda aan die Atlantiese Oseaan te stig, word deur Cataneo (1986:58) as deel van die oorsprong van SADCC beskou.

Tostensen (1982:16) noem as rede vir SADCC se stigting die koloniale erfenis wat onveranderd gebly het ondanks aanpassings sedert onafhanklikheid. Dié koloniale erfenis verwys na die vestiging van groeipunte in Suid-Afrika en die ontwikkeling van die streek as 'n substelsel. Dit impliseer dat die ekonomiese sterkte van Suid-Afrika en optrede om dit te handhaaf ook aanleiding gegee het tot die stigting van SADCC. Die bydrae wat Suid-Afrikaanse optrede tot die stigting van SADCC gelewer het word vervolgens bespreek.

2.2.1.2 Suid-Afrikaanse optrede

Die grond vir die stigting van SADDC was altyd eerder polities as ekonomies (Kongwa, 1990(a):3 en Morna, 1990(c):15). Volgens Maasdorp (1990:117) lewer die voortbestaan van verhoudings tussen SADCC-lidlande en Suid-Afrika, agter die fasade van die politieke stryd, tot 'n mate bewys dat die ontstaan van SADDC ook deur die onaanvaarbare politieke stelsel in Suid-Afrika veroorsaak is (kyk 1.2.2).

Reeds in die koloniale tydperk in die laat jare sestig, het

Suid-Afrika die posisie van streeksmag gekoppel aan die behoud van die apartheidstelsel. In hierdie tyd het die Portugese kolonies en die destydse Rhodesië 'n blanke buffer teen die suidwaardse stryd na meerderheidsregerings in Afrika verskaf.

Met die verswakking van Rhodesië in 1977 het die witskrif van die Suid-Afrikaanse weermag die behoefte geïdentifiseer om 'n stewige militêre ewewig teenoor buurstate te handhaaf. In hierdie dokument is ekonomiese optrede om politieke en ekonomiese samewerking met die state van Suider-Afrika te bevorder, ook uitgelig (Hanlon, 1989:19).

Na die onafhanklikheid van Mosambiek en Angola het Rhodesië, en meer spesifiek Biskop Muzorewa, die laaste hoop van Suid-Afrika geword vir die handhawing van mag in die streek (Tostensen, 1982:16). In hierdie lig het Suid-Afrika in 1979 die Konstellasie van Suider-Afrikaaanse State (KONSAS), wat vervolgens bespreek word, voorgestel.

2.2.1.3 Die KONSAS-voorstel.

Die KONSAS-voorstel van Suid-Afrika was gegrond op 'n samewerkingsooreenkoms tussen Suid-Afrika en lande in die streek wat Suid-Afrika as sy bondgenote beskou het. Hierdie lande was Zimbabwe (onder Biskop Muzorewa), Namibië (die destydse protektoraat), Botswana, Lesotho, Swaziland, Malawi en moontlik ook Zaïre en Zambië.

Die verkiesing in Zimbabwe was die deurslaggewende faktor vir die toekoms van samewerking in die Suider-Afrika streek. Suid-Afrika het alle hoop op sy bondgenoot, Biskop Muzorewa, gehad omdat hy die bogenoemde KONSAS-idee ondersteun het. Die oorwinning van Mnr. R. Mugabe, teen alle verwagtings in, het die KONSAS-idee verongeluk (Cataneo, 1986:59). Zimbabwe het onmiddellik aangesluit by die frontlinie-state (kyk 2.2.1.1) en dié stap het SADCC 'n

werklikheid laat word. Om die saak vir Suid-Afrika te vererger het sy eertydse bondgenote, en potensiële lede van KONSAS, naamlik Malawi, Swaziland en Lesotho, ook by SADCC aangesluit (Hanlon, 1989:20).

Die stigting van SADCC en die Konstellasie van Suider-Afrikaanse State (KONSAS) in dieselfde jaar is nie toevallig nie. Dit sal onregverdig wees om SADCC slegs as reaksie op, of as teenpool vir die KONSAS-voorstel te beskou. Dit is duidelik dat die tydskedule vir die stigting van SADCC hierdeur beïnvloed is (Malan, 1983:2). Die behoefte van Suider-Afrika om vroeër of later teenoor die afhanklikheid van Suid-Afrika op te tree sou in elk geval 'n organisasie op die been gebring het. KONSAS het dit net bespoedig.

Ongeag die redes vir SADCC se stigting is dit duidelik dat die omstandighede waaronder die stigting plaasgevind het deur talle faktore beinvloed is. Die ondersteuning van die Westerse lande, konflik en konfrontasie tussen die front-linie-state en Suid-Afrika, maar veral die oproep van Mnr. P.W. Botha om 'n konstellasie van Suider-Afrikaanse State te stig en die oorwinning van Mnr. R. Mugabe in die Zimbabwe verkiesing is faktore wat die stigting van SADCC bespoedig het.

### 2.2.2 DIE STIGTING VAN SADCC

Die eerste president van Mosambiek, Samora Machel, het met die onafhanklikheid van Mosambiek in 1975 beweer dat die eerste dag van politieke onafhanklikheid ook die eerste dag is van 'n langer en harder stryd vir ekonomiese onafhanklikheid.

Die destydse president van Botswana, Sir Seretse Khama, het die probleem wyer gesien met die standpunt dat die bereiking van ekonomiese bevryding in 'n streek die

toewyding van elke lidland vereis. Hierdie vereiste geld omdat die ekonomie, geografie en politiek van elke lidland binne die streek interafhanklik is en samewerking tussen die lande onontbeerlik is (Hanlon, 1984:2).

2.2.2.1 Konferensies

In die lig van bogenoemde noodsaaklike samewerking is verskeie konferensies gedurende 1977 en 1978 gehou. Daarna het die ministers van buitelandse sake van die frontlinie-state (Angola, Botswana, Mosambiek, Tanzanië en Zambië) in Mei 1979 te Gaborone, Botswana ontmoet. Die doel van die ontmoeting was om 'n agenda vir 'n konferensie van ministers van ekonomiese sake in Arusha, Tanzanië, later die jaar op te stel (Breytenbach, 1986:45).

Die eerste formele konferensie het op 3 en 4 Julie 1979 te Arusha, Tanzanië, plaasgevind. Die konferensie is belê deur die vyf frontlinie-state. 'n Konsepverklaring is opgestel, wat aan die staatshoofde vir goedkeuring voorgelê is. Talle Westerse lande was ook op hierdie konferensie teenwoordig (Hanlon, 1984:2).

Op die tweede konferensie in April 1980 in Lusaka, het die formele stigting van SADCC plaasgevind. Hier het die staatshoofde en verteenwoordigers van Angola, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Swaziland, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe saamgekom en die verklaring "Southern Africa: Towards Economic Liberation" onderteken. Die verklaring het klem gelê op die afhanklikheidstatus van die SADCC-lande van Suid-Afrika en het ondersteuning en samewerking van die buitewêreld gevra. Die stigting van SADCC het belangstelling in die streek sowel as in die buiteland gewek, wat hierna bespreek word.

2.2.2.2 Wye belangstelling

Die stigtingskonferensie van SADCC is bygewoon deur belangstellendes vanoor die hele wêreld. Afgevaardigdes van die "African National Congress" (ANC) en "South West African People's Organisation" (SWAPO) was teenwoordig. Dit het die solidariteit van die SADCC-lande met hierdie "bevrydingsbewegings" beklemtoon (Geldenhuys, 1981:21).

Belangstelling van die Westerse wêreld het geblyk uit die teenwoordigheid van afgevaardigdes van onder meer die Wêreldbank, die Verenigde Volke Ontwikkelingsprogram, die Europese Ekonomiese Gemeenskap en die Verenigde State (Matthews, 1987:85).

2.2.2.3 Die keuse van die naam

Die naam SADCC was aanvanklik SAACC, waar die tweede A vir "Aid" of hulp gestaan het. Dit toon aan hoe sterk bydraes van skenkers met die stigting van die organisasie was. Een van die primêre funksies was aanvanklik om steun van skenkers op finansiële en tegniese gebied te werf.

Die feit dat "Aid" deur "Development" in die benaming van die organisasie vervang is, is 'n aanduiding van die voorkeur van die SADCC-lidlande om aan te dui dat die organisasie hul eie skepping is en skenkers 'n sekondêre rol speel (Tostensen, 1982:95). Dit beklemtoon ook die belangrikheid van ontwikkeling in die Suider-Afrika streek.

Met die stigting van SADCC is die geskiedenis van die verskillende Afrika-groeperings in gedagte gehou (kyk 2.3.2.1). SADCC het nie kans gesien vir nog 'n onsukses-volle internasionale burokrasie nie en het besluit om 'n totaal nuwe formaat te skep (Hanlon, 1984:5). Dié formaat word weerspieël in die standpunt wat SADCC teenoor integrasie inneem. Hierdie standpunt bepaal die aard van

SADCC, wat vervolgens bespreek word.

## 2.3 DIE AARD VAN SADCC

### 2.3.1 TEORETIESE ONDERBOU

Daar bestaan twee hoofrigtings tot streeksekonomiese samewerking of integrasie wat vervolgens bespreek word.

#### 2.3.1.1 Die makro-benadering

Die makro- of globale benadering tot integrasie bestaan uit twee dele, naamlik mark-integrasie en ontwikkelings-integrasie. Mark-integrasie kan verskillende vorme aanneem. Die eenvoudigste vorm behels die uitskakeling van handelsbeperkings soos tariewe en kwota's en word 'n vryehandelsgebied genoem. Die mees gevorderde vorm is die politieke unie waar eenheid in politieke instellings van die lidlande voorkom. Tussen hierdie uiterstes bestaan die doeane-unie, gemeenskapsmark en ekonomiese unie (Haarlov, 1988:19).

Die ontwikkelings-integrasie benadering beklemtoon politieke samewerking en verdeling van voordele tussen die betrokke lande. Politieke samewerking is egter onwaar-skynlik binne SADCC (kyk 2.6.2.2). Hoewel gestreef word na projekte met gelyke voordeel vir die verskillende lidlande, bestaan daar tans geen kompensasiemeganisme in SADCC nie. Die gebruik van 'n kompensasiemeganisme stel nie die skewe patroon van ekonomiese ontwikkeling tussen die verskillende lidlande reg nie en lei nie noodwendig tot gelyke voordeel nie (Haarlov, 1988:21). SADCC pas nie in hierdie benadering nie.

#### 2.3.1.2 Die mikro-benadering

Die mikro-benadering verwys na die situasie waar twee of meer lande gemeenskaplike projekte op spesifieke gebiede formuleer. Hierdie projekte moet duidelike wedersydse voordele inhou. Die samewerking tussen verskillende lande is aanvullend tot die nasionale belang van die lande. Die institusionele model wat gebruik word om hierdie vorm van samewerking te bevorder, behoort gedesentraliseer te wees om die behoeftes van die verskillende projekte te akkommodeer. Daar word geen bindende besluite geneem of gedetailleerde ooreenkomste gesluit nie en besluitneming geskied op konsensus van die verskillende lede (Haarlov, 1988:23).

Die funksionering van SADCC (kyk 2.4) stem ooreen met die mikro-benadering tot samewerking. Die organisasie streef nie daarna om 'n supra-nasionale liggaam daar te stel nie. Besluite is nie afdwingbaar nie en SADCC is eerder 'n gemeenskaplike hulp en samewerkings-organisasie wat poog om gebalanseerde ontwikkeling te bevorder (Hanlon, 1989:1). Teen die agtergrond van SADCC se besondere aard word die organisasie se standpunt teenoor samewerking en integrasie vervolgens bespreek.

### 2.3.2 DIE SADCC-STANDPUNT TEENOOR SAMEWERKING EN INTEGRASIE

SADCC kon met sy standpunt teenoor integrasie 'n keuse maak tussen die makro- en die mikro-benadering. Die aanvanklike idee agter SADCC was die daarstelling van 'n struktuur van streeksamewerking en ontwikkeling gegrond op gelyke verdeling van voordele, m.a.w. die makro-benadering (Hanlon, 1989:65). Die oortuiging was egter dat nywerhede verplaas sou word na die mees ontwikkelde land. Die dominering van swakker ekonomieë deur sterker ekonomieë is ook as resultaat voorspel.

Die alternatief, met ander woorde die mikro-benadering, wat gekies is, onderskei SADCC van die meeste ander samewerkings- en integrasie-ooreenkomste in Afrika.

2.3.2.1 Eiesoortige vorm van samewerking.

Die SADCC-standpunt teenoor integrasie is 'n voortvloeisel van die opvattings van die stigters van SADCC oor die geskiedenis in Afrika en ekonomiese omstandighede in Suider-Afrika. Talle pogings tot integrasie in Afrika, soos bv. die Oos-Afrika Gemeenskap, die Konstellasie van Suider-Afrikaanse State en die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrika State, was onsuksesvol. Dit was die gevolg van die gebrek van byna alle lande om prioriteit te verleen aan streeksbelang bo nasionale belang. Geen tekens van werklike vooruitgang en ontwikkeling wat toegeskryf kan word aan integrasie is in Suider-Afrika sigbaar nie (Fair, 1990:7).

Chizinga (1988:68) verwys na streeksintegrasie wat in sy losste vorm opoffering van politieke jurisdiksie eis. Dit impliseer dat die soewereiniteit van die lande wat betrokke is, aangetas word. Meeste lande in Suider-Afrika is nie hiertoe bereid nie (Leistner, 1992(a):5). Die voordeel van SADCC is dat hierdie vereiste nie gestel word nie. Deur sy samestelling as 'n los groepering vermy SADCC die meeste probleme wat met ekonomiese integrasie gepaard gaan (kyk 5.3.2.5).

Die oorlewing van SADCC word aan sy standpunt teenoor streeksintegrasie toegeskryf. Die SADCC-standpunt verskil aansienlik van die standpunt wat 'n gemeenskapsmark of doeane-unie voorstaan. SADCC het 'n struktuur aanvaar wat as sektorale programmering omskryf kan word. As beleid beperk sektorale programmering homself tot 'n spesifieke sektor van aktiwiteite. Die doel is dan om integrasie-bewegings eerder dieper, met ander woorde meer spesifieke

projekte, as wyer, met ander woorde meer lande betrokke, te maak. Die gewenste gevolge is om gelyke voordele toe te laat in die streek deur middel van die toekenning van projekte aan lidlande (Chitala, 1987:13).

Hierdie mikro-benadering van SADCC poog om 'n meer gebalanseerde verspreiding van handel en ontwikkeling te bewerkstellig. SADCC het alle pogings vir streeksooreenkomste vermy en 'n stap-vir-stap-benadering gevolg wat op bilaterale handelsooreenkomste gegrond is (Hanlon, 1989: 65).

Die eiesoortige vorm van samewerking wat deur SADCC gevolg word hou voordele en nadele in. Dit word vervolgens bespreek.

2.3.2.2 Voordele

Volgens Maasdorp (1988:70) is dit van die begin af duidelik dat geen formele ekonomiese integrasie deur SADCC in die vooruitsig gestel is nie. SADCC het nooit die soewereiniteit van sy lidlande bedreig nie. Dit het aanleiding gegee tot die algemene en byna onvoorwaardelike aanvaarding van SADCC en sy doelstellings. Die voordeel wat hieruit verkry is, is die vestiging van 'n eenheidsgevoel vir die bereiking van SADCC-doelstellings onder die lidlande (Anon, 1988(a):5).

Na aanleiding van die beperkte sukses van meer formele integrasie-ooreenkomste in Afrika (kyk 2.3.2.1) kan die los struktuur van SADCC die organisasie sterker maak. Veral in Suider-Afrika kan dit op die lang termyn voordelig vir die voortbestaan van die organisasie wees (Maasdorp, 1988:70).

2.3.2.3 Nadele

Die direkte nadeel van die tipe streeksintegrasie wat deur

SADCC daargestel is, is dat amptenare wat by SADCC-projekte betrokke is twee opdraggewers (SADCC en sy regering) met dikwels botsende belange moet dien. Die wagtyd van die burokratiese stelsel word ook op hierdie manier in SADCC ingebring.

Ten spyte van die voordele van die los struktuur van SADCC kan dit ook 'n swakheid van die organisasie wees. Die klein sekretariaat en die afwesigheid van 'n sterk oorkoepelende liggaam wat plaaslike inspanning kan mobiliseer en koördineer in streeksamewerking, kan groot nadele vir die lidlande inhou. Dit het SADCC-lande blootgestel aan hulpverskaffers wat die ekonomieë direk of indirek kan beheer (Mandaza, 1988:13).

Die vermyding van 'n institusionele infrastruktuur mag die belangrikste nadeel van die standpunt van SADCC teenoor integrasie wees.

Die standpunt teenoor integrasie is bepalend vir die funksionering van SADCC. Die funksionering van SADCC word vervolgens bespreek.

## 2.4 DIE FUNKSIONERING VAN SADCC

Om effektief te funksioneer moet sekere besluitnemingsmagte van die lidlande na die organisasie oorgedra word. Daar word nie vir so 'n oordrag in die funksionering van SADCC voorsiening gemaak nie (Chizinga, 1988:68). Die aard van SADCC het die organisasie verplig om 'n eiesoortige wyse van funksionering te implementeer.

Die grondslag van die funksionering van SADCC bestaan uit die aksieprogram van die organisasie. In hierdie aksieprogram is verantwoordelikhede en samewerkings gebiede geïdentifiseer en aan lidlande toegeken. In die bespreking van die funksionering van SADCC word eerstens die

oorkoepelende bestuur van SADCC en tweedens die bestuur van die aktiwiteite deur die aksieprogram van SADCC verduidelik.

### 2.4.1 DIE OORKOEPELENDE BESTUUR VAN SADCC

Die oorkoepelende SADCC bestuur word deur die staatshoofde op die jaarlikse beraad in Junie of Julie bepaal. Meer praktiese sake, insluitende die bestuur van die sekretariaat, word deur die Raad van Ministers behartig. Hierdie Raad bestaan uit ten minste een minister van elk lidland en vergader ten minste twee keer per jaar (Hanlon, 1989:6).

Die SADCC-sekretariaat is verantwoordelik vir die koördinering van aktiwiteite en hou die lidlande op hoogte van die vordering van projekte. Die sekretariaat word bestuur deur die uitvoerende sekretaris van SADCC, Mnr. Simba Makoni, en is in Botswana gesetel (Hanlon, 1989:5).

Dr. Quett Masire, die president van Botswana, het die hoop uitgespreek dat die sekretariaat ook op ander maniere as dienslewering aan die staatshoofde en ministerrade 'n bydrae sal maak. Die volgende moontlikhede is deur hom geïdentifiseer (Breytenbach, 1986:63):

i) om die samewerkingsvermoë van die streek te versterk,

ii) om voorsiening te maak vir beter langtermyn beplanning,

iii) om inligting van SADCC-aktiwiteite te versprei, en

iv) om, waar moontlik, noodsaaklike administratiewe bronne beskikbaar te stel om streeksontwikkeling te ondersteun.

Kortliks beteken die oorkoepelende bestuur dat besluite

deur die lidlande vir SADCC as 'n geheel op hul jaarlikse beraad geneem word (Hanlon, 1989:5).

### 2.4.2 DIE BESTUUR VAN SADCC-AKTIWITEITE

Verskeie konferensies het plaasgevind om die meer spesifieke funksionering van SADCC te bespreek. Die konferensie te Maputo in November 1980 was hoofsaaklik gemik op die buitelandse betrokkenheid by SADCC-aktiwiteite.

Die Blantyre-konferensie in November 1981 was 'n voorraad-opname van hierdie buitelandse betrokkenheid. Veral vervoer en kommunikasie-aktiwiteite het duidelike tekens van ontwikkeling getoon. Die teleurstellende ontvangs van beloofde betrokkenheid het 'n demper op ontwikkeling in die algemeen geplaas (Tostensen, 1982:5). In reaksie hierop het SADCC 'n aksieprogram opgestel.

#### 2.4.2.1 Die SADCC-aksieprogram

Op die Blantyre-konferensie het SADCC 'n aksieprogram aangeneem. Hierdie program verdeel die SADCC-aktiwiteite in samewerkingsgebiede. Die verantwoordelikheid vir elke samewerkingsgebied word aan die lidlande toegewys (Zehender, 1983:20). Die aksieprogram was grotendeels langtermyn gerig en is deur die SADCC-lande as 'n deel van die vryheidstryd in Suider-Afrika beskou (Cataneo, 1986:59).

Die verdeling van verantwoordelikhede lyk soos volg (Zehender, 1983:20):

- **Angola:** Energie-ontwikkeling, insluitende alternatiewe energiebronne en verwante omgewingsprobleme.

- **Botswana:** projekte om dieresiektes te bestry en die

daarstelling van 'n streeksnavorsingsentrum vir plantegroei.

- **Lesotho:** die gebruik van grond en voorkoming van gronderosie.

- **Malawi:** ontwikkeling van visserye en natuurbewaring.

- **Mosambiek:** vervoer en kommunikasie en sedert 1991 ook kultuur en inligting.

- **Swaziland:** opleiding en gevorderde opleiding van spesialis-personeel.

- **Tanzanië:** nywerheidsontwikkeling en -samewerking.

- **Zambië:** mynwese en die daarstelling van 'n Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsfonds.

- **Zimbabwe:** voorrade en veiligheid van voedsel.

- **Namibië:** seevissery (die verantwoordelikheid is in 1991 toegeken).

Volgens Tostensen (1982:108) beteken die toekenning van funksionele verantwoordelikhede nie dat die onus vir ontwikkeling in die samewerkingsgebied slegs op die verantwoordelike land rus nie. Dit beteken wel dat die koördinering van aktiwiteite tussen SADCC-lande deur die betrokke land behartig word. Verder word verwag dat die verantwoordelike land as 'n dryfkrag en inisieerder in sy betrokke gebied sal optree. Hierdie siening sluit aan by die bewering dat die toekenning van verantwoordelikhede nie op prestasies in die onderskeie gebiede gegrond is nie, maar slegs om te verseker dat aan elke land die verantwoordelikheid vir 'n samewekingsgebied toegeken word (Zehender, 1983:21).

Die SADCC-aksieprogram impliseer dat die verantwoordelikheid vir verskillende gebiede aan verskillende lidlande oorgedra word. Die lidlande moet die administratiewe infrastuktuur verskaf en het 'n direkte belang daarby as die gebied waarvoor hul verantwoordelik is, funksioneer (Hanlon, 1989:5).

2.4.2.2 Die hantering van die samewerkingsgebiede

Elke samewerkingsgebied word bestuur deur 'n ministerskomitee. Die minister van die verantwoordelike land wat die portefeulje beklee wat met die samewerkingsgebied ooreenstem, is outomaties die hoof van die komitee. Die ministerskomitee kom minstens een maal per jaar byeen en neem beleidsbesluite vir elke betrokke gebied. 'n Komitee van amptenare van die ontwikkelingsgebied bestaan op 'n laer vlak. Verteenwoordigers van die betrokke ministeries se sekretariate dien op hierdie komitee.

Op 'n meer funksionele vlak van die samewerkingsgebiede bestaan die koördineringseenhede. Hierdie eenhede belê konsulterende vergaderings tussen buitelandse vennote in ontwikkelingsprojekte en die betrokke SADCC-lande. Vir die uitvoering van die koördinasie bestaan verskeie komitees van amptenare wat die projek werklik aan die gang kry (Hanlon, 1989:6).

Indien deelnemende vennote wat bereid is om tot 'n projek by te dra, geïdentifiseer is, word die hele ooreenkoms na die land waar die projek uitgevoer word oorgedra en behandel as 'n bilaterale hulpprogram (Hanlon, 1989:5).

Nie een van bogenoemde instrumente in die funksionering van SADCC het die mag om bindende besluite vir al die lidlande te neem nie (Hanlon, 1989:6). Die funksionering van SADCC pas dus goed aan by die organisasie se standpunt teenoor integrasie (kyk 2.3.2).

Die funksionering van SADCC is gegrond op die implementering van projekte in die verskillende samewerkingsgebiede. Die vordering van die projekte bepaal die mate van sukses wat deur SADCC bereik is. Om doelgerig te funksioneer in die toekenning en evaluering van projekte het SADCC met sy stigting doelstellings gestel. Hierdie doelstellings word vervolgens bespreek.

## 2.5 DIE DOELSTELLINGS VAN SADCC

Uit die verklaring "Southern Africa: Towards Economic Liberation", wat op die Lusaka-beraad deur die staatshoofde onderteken is, kan die doelstellings van SADCC afgelei word (Hanlon, 1989:4). Die doelstellings word vervolgens bespreek.

### 2.5.1 DIE VERMINDERING VAN EKONOMIESE AFHANKLIKHEID

Die vermindering van ekonomiese afhanklikheid is spesifiek, maar nie uitsluitlik nie, op die Republiek van Suid-Afrika van toepassing. Die formulering van hierdie doelstelling is 'n aanduiding dat die nege lidlande alles in hul vermoë sou doen om die oorheersing van enige eksterne faktor te voorkom (Zehender, 1983:19).

Hierdie strewe spruit voort uit die oortuiging dat afhanklikheid 'n onnatuurlike verskynsel is. Afhanklikheid is nie 'n gevolg van die vryemark ekonomie nie, maar is eerder 'n erfenis van die koloniale tydperk (kyk 2.2.1.1) (Hanlon, 1989:4).

Die doelstelling van verminderde ekonomiese afhanklikheid van Suid-Afrika kan op vier terreine bevraagteken word (Maasdorp, 1988:81):

i) Die vraag bestaan of lidlande die wil of vermoë het om die ekonomiese opofferinge wat dit vereis, te maak,

ii) sommige kritici beweer dat die verminderde afhanklikheid geen werklike verandering vir Suid-Afrika of SADCC-lidlande sal inhou nie,

iii) besorgdheid oor ekonomiese bevryding kan lei tot 'n verminderde strewe na politieke bevryding, en

iv) radikales glo dat die klem op vermindering van afhanklikheid van Suid-Afrika as primêre doelwit 'n wanvoorstelling is. Die belangrikste probleem is eerder die invloed van skenkerlande in SADCC-ekonomieë en nie Suid-Afrikaanse ekonomiese oorheersing van die streek nie.

Hoewel dit uit ideologiese oorweging die bedoeling is om alle bande met Suid-Afrika te verbreek, is dit 'n onrealistiese en teenproduktiewe, indien nie onmoontlike, benadering nie. Die ontwikkeling van SADCC-lande is egter direk aan die mate van interaksie met die Suid-Afrikaanse ekonomie gekoppel (kyk 3.6).

### 2.5.2 DIE SKEP VAN STREEKSINTEGRASIE

Die tweede doelstelling is die smee van bande om 'n ware en onpartydige streekseenheid te skep. Hierdie doelstelling toon die besef van SADCC dat die streek versplinter en geïsoleerd is, en dat buitelandse magte maklik lidstate kan manipuleer (Breytenbach, 1986:49). Die klem met hierdie doelstelling val op die eenheidsgevoel wat tussen lidstate geskep moet word om sodoende in die toekoms streeksintegrasie te bevorder.

### 2.5.3 DIE MOBILISERING VAN PLAASLIKE HULPBRONNE

Dié doelstelling lê klem op die mobilisering van plaaslike hulpbronne om die implementering van nasionale-, interstaatlike- en streeksbeleid te bevorder. Die rede vir dié

doelstelling van SADCC is die wete dat die welstand en lewenstandaard van hul mense verbeter kan word, indien beskikbare hulp- bronne gemobiliseer word (Breytenbach, 1986:49). Deur meer bronne te gebruik, kan 'n verhoging in produksie plaasvind wat uiteindelik tot voordeel van die bevolking sal strek. SADCC-lande het veral ten opsigte van minerale rykdom 'n enorme potensiaal. Daarom is die bereiking van hierdie doelstelling belangrik vir die suksesvolle funksionering van die organisasie (Zehender, 1983:14).

### 2.5.4 DIE VERSEKERING VAN INTERNASIONALE SAMEWERKING

Met hierdie doelstelling poog SADCC om gesamentlike optrede te bewerkstellig om internasionale samewerking binne die raamwerk van die beleid vir ekonomiese bevryding te verseker. SADCC erken dat skenkers en beleggers dit moeilik vind om met nege state met verskillende reëls en prosedures te onderhandel. Een sentrale organisasie sal onderhandeling vergemaklik (Hanlon, 1984:8).

Die insluiting van hierdie doelstelling in die Lusaka-verklaring dui op die noodsaaklikheid van internasionale hulp, ondersteuning en belegging om SADCC-projekte aan die gang te kry en suksesvol af te handel. Die sukses van SADCC is dus van die vrygewigheid van buitelandse skenkers afhanklik (Geldenhuys, 1981:22).

In die strewe na die bereiking van die doelstellings van SADCC is dit belangrik dat elke lidland hierdie doelstellings vooropstel. Die lidlande van SADCC word vervolgens aan die hand van hul ooreenkomste en verskille bespreek.

## 2.6 LIDLANDE

Die SADCC-lidlande is Angola, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Swaziland, Tanzanië, Zambië, Zimbabwe en Namibië

(kyk figuur 2.1). In sy openingsrede op die 1990 SADCC-konferensie het Dr. Q. Masire (1990:27), as voorsitter van die staatshoofde, vir Namibië as tiende lid van die organisasie verwelkom. As jongste lid het Namibië nuwe hoop en inspirasie vir SADCC geskep.

President Sam Nujoma het laat blyk dat Namibië slegs 'n beskeie bydrae tot SADCC kan lewer, vanweë groot bedrae skuld wat met onafhanklikheid geërf is. Dié skuld plaas 'n stremming op die aanvang van sosiale hulpprogramme (Anon, 1990(c):24). Sedert sy toetrede het Namibië die 1991- en 1992-SADCC-konferensies te Windhoek aangebied.


Die verskeidenheid lande wat in SADCC saamgebind word het menige verskille. Die assosiasie binne SADCC is egter tog moontlik omdat gemeenskaplike belange en ooreenkomste ook tussen hierdie lande bestaan. Dit word vervolgens bespreek.

### 2.6.1 GEMEENSKAPLIKE BELANGE EN OOREENKOMSTE

Sekere ooreenkomste van die SADCC-lande spruit uit die koloniale tydperk, naamlik versteurde ekonomiese strukture, ongelykhede en afhanklikheidsverhoudings, wat vir alle SADCC-lande ongeveer dieselfde is (Tostensen, 1982:116). Breytenbach (1986:144) beweer dat SADCC gevorm is teen die agtergrond van swak ekonomiese toestande in die meeste SADCC-lande. Thompson (1986:10) beaam die mening met die standpunt dat alle SADCC-lande ekonomies onderontwikkeld is.

Alle SADCC-lande vervaardig veral primêre produkte. Dit het 'n invloed op hul betalingsbalans as gevolg van die verswakking van hul onderskeie ruilvoete (Hanlon, 1984: 12). 'n Land se ruilvoet word bepaal deur die prys- indeks van uitvoer (Px) deur die prysindeks van invoer (Pm) te deel (Px/Pm) (Du Plessis, 1984:337). Primêre produkte se

Figuur 2.1 - Suider-Afrika: SADCC-lidlande en Suid-Afrika




: SADCC-lidlande

Bron: Matthews, 1987:87

pryse is relatief stabiel, terwyl nywerheidsprodukte se pryse styg.

Die SADCC-lande, wat hoofsaaklik primêre produkte uitvoer, se prysindeks van uitvoer bly stabiel of toon 'n daling. Die prysindeks van invoer daarenteen styg omdat duurder nywerheidsprodukte ingevoer word. Hierdie veranderinge in die prysindeks van uitvoer en die prysindeks van invoer veroorsaak die verswakking van die ruilvoet (Px/Pm) van die SADCC-lande. Verder is meeste SADCC-lande ook van een enkele produk vir uitvoer afhanklik en dus baie gevoelig vir prysveranderinge.

Lidlande se gemeenskaplike belang word ook in die verhouding tussen lidlande en Suid-Afrika geïdentifiseer. Die afkeer van die apartheidstelsel word as die kern van die gemeenskaplike strewe na onafhanklikheid van Suid-Afrika beskou (Mufune, 1988:12). Dié politieke regverdiging van SADCC se eerste doelstelling val egter grootliks weg met die hervormingsproses en die verval van apartheid in Suid-Afrika sedert 1990 (kyk 4.2.3.1) (Arnold, 1991:4).

### 2.6.2 VERSKILLE

Daar bestaan 'n verskeidenheid verskille tussen die SADCC-lidlande wat die doeltreffende funksionering van die organisasie beïnvloed. Hierdie verskille word vervolgens bespreek.

#### 2.6.2.1 Verhoudinge met die buiteland

Angola en Mosambiek het na onafhanklikheid in 1978 nouer samewerking met die Comecon-lidlande gesoek. Hierdie optrede was logies uit die aard van die Portugese handelsbeleid voor onafhanklikheid. Die aansoek om lidmaatskap van Comecon deur Mosambiek was onsuksesvol

omdat Comecon geen presedent wil skep nie. Die voorvereiste van ten minste 20 persent van die totale handel met Comecon-lande word nie deur Mosambiek nagekom nie. Die daarstelling van 'n eenvormige samewerkingsbeleid is ook deur Comecon as 'n probleemarea geïdentifiseer.

Alle ander SADCC-lande het buitelandse ekonomiese verhoudinge op die geïndustrialiseerde Weste toegespits. Hierdie lande is sedert die stigting van SADCC lede van die IMF en die Wêreldbank en betrokke by die Lomé-konvensies. Die tweespalt tussen Angola, Mosambiek en die ander SADCC-lande is opgelos na onderhandelinge binne SADCC. Tans is alle SADCC lande by die IMF, die Wêreldbank en die Lomé-konvensies betrokke (Zehender, 1983:29).

2.6.2.2 Polities-ekonomiese stelsels

Nog 'n verskil wat ernstige probleme binne SADCC kan veroorsaak, is die bestaan van verskillende ekonomiese stelsels en politieke ideologieë (Cataneo, 1986:70 en Zehender, 1983:28). Tabel 2.1 (p.33) is 'n weergawe van die polities-ekonomiese indeling van SADCC-lande in 1991.

Botswana, Namibië, Zimbabwe en Zambië handhaaf polities veelparty-stelsels. Swaziland, Malawi en Tanzanië handhaaf eenparty-stelsels en Lesotho, Angola en Mosambiek is in die oorgang na'n veelpartystelsel. In Botswana, Namibië, Zimbabwe, Lesotho, Swaziland en Malawi is markgeoriënteerde ekonomieë. Angola en Mosambiek is nog sosialisties georiënteer en Zambië en Tanzanië is in die oorgang na 'n markgeoriënteerde ekonomiese stelsel.

Die Angolese politieke stelsel het sedert die verkiesing wat in 1991 gehou is ook 'n veelparty-stelsel aangeneem. Onlangse vereistes van skenkerlande vir goedkeuring van skenkings beïnvloed die polities-ekonomiese standvastigheid van SADCC-lande. Vereistes van ekonomiese beleid, hand-

Tabel 2.1 - Polities-ekonomiese indeling van SADCC-lande: 1991.

| | EKONOMIESE STELSEL | | |
|---|---|---|---|
| POLITIEKE STELSEL | Markgeoriënteer | In oorgang na markstelsel | Sosialisties georiënteer |
| Veelparty stelsel | Botswana<br>Namibië<br>Zimbabwe | Zambië | |
| In oorgang na veelparty | Lesotho | | Angola<br>Mosambiek |
| Eenparty stelsel | Swaziland<br>Malawi | Tanzanië | |

Bron: Aangepas uit Africa at a glance, 1992:55.

hawing van menseregte en demokrasieë oefen druk uit op SADCC-lande om meer aanvaarbare ekonomiese stelsels en politieke ideologieë te volg (Leistner, 1991(b):1).

2.6.2.3 Plaaslike omstandighede

SADCC is 'n ongelyksoortige groepering van lande. Die lidlande verskil in koloniale agtergrond, kulture en ideologieë (Maasdorp, 1985:92). Zehender (1983:31) voeg aspekte soos die ontwikkelingsvlak, taalverskille en interne probleme by die lys van verskille.

Verskille bestaan op die gebied van die oorsprong en ontginning van hulpbronne. Zambië en Zimbabwe sal daarby baat vind om hul afsetgebied, veral deur middel van hawens, op 'n vinnige en goedkoop manier te kan bereik. Mosambiek

Tabel 2.2 - Oppervlakte en bevolking van SADCC-lande: 1990.

| Land | Opp. ('000 km) | Bev. (miljoen) | Land | Opp. ('000 km) | Bev. (miljoen) |
|---|---|---|---|---|---|
| Angola | 1 247 | 10 | Namibië | 823 | 1,4 |
| Botswana | 582 | 1,2 | Swaziland | 17 | 0,8 |
| Lesotho | 30 | 1,8 | Tanzanië | 945 | 26 |
| Malawi | 118 | 8,7 | Zambië | 753 | 8 |
| Mosambiek | 802 | 16 | Zimbabwe | 391 | 10 |

Bron: Aangepas uit Africa at a glance, 1992:29.

en Tanzanië het egter 'n belang (inkomste) in hoë hanterings- en transito-fooie op produkte wat in hul hawens verskeep word (Zehender, 1983:30).

SADCC-lande verskil ook ten opsigte van beskikbare grondstowwe, markgrootte (bevolking) en geo-politiese ligging. Beperkings van grondstowwe bestaan binne SADCC in Lesotho en Angola en beperkte markte in Swaziland en Tanzanië (Tostensen, 1982:118).

Oppervlakte en bevolkingsverskille tussen die SADCC-lande word in tabel 2.2 weergegee en die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word:

i) Mosambiek en Tanzanië verteenwoordig gesamentlik die helfte van die totale SADCC-bevolking en Swaziland en Botswana gesamentlik slegs twee persent, en

ii) Angola beslaan meer oppervlakte as Botswana, Lesotho, Malawi, Swaziland en Zimbabwe saam.

Die grootste enkele verskil tussen die SADCC-lande is egter

hul ekonomiese verbintenisse met Suid-Afrika.

### 2.6.2.4 Verbintenisse met Suid-Afrika

Die mate van ekonomiese verbintenisse met Suid-Afrika beïnvloed die erns waarmee die verskillende SADCC-lidlande 'n afname in afhanklikheid van Suid-Afrika nastreef. Zambië en Mosambiek het beperkte handelsbande met Suid-Afrika teenoor die kwesbaarheid van veral Lesotho en Swaziland en selfs Botswana en Namibië (BLNS-lande) as gevolg van die SADU-lidmaatskap en hul geografiese ligging (kyk 3.6.6, 5.2.3 en figuur 2.1).

Vir die BLNS-lande is 'n skerp daling in ekonomiese interaksie met Suid-Afrika nie wenslik nie omdat fondse uit die SADU 'n groot bron van hul inkomste is. Zambië, Zimbabwe en Mosambiek het 'n pragmatiese houding teenoor die Suid-Afrikaanse politieke stelsel ingeneem en Angola en Tanzanië het geen noemenswaardige verbintenisse met Suid-Afrika nie. Malawi is die enigste SADCC-land wat sedert die stigting van SADCC diplomatieke verhoudinge met Suid-Afrika gehandhaaf het (Van Aswegen, 1991).

Die verskille in verbintenisse met Suid-Afrika gee aanleiding tot konflik tussen SADCC-lidlande. Hierdie konflikgebied en ander moontlike konflikgebiede word vervolgens bespreek.

## 2.6.3 KONFLIKGEBIEDE

Om doeltreffend as 'n organisasie te wees, moet die lidlande van SADCC gemeenskaplik die stigtingsdoelstellings nastreef. Daar bestaan egter konflikgebiede wat hierdie gemeenskaplike strewe kan ondermyn. Die moontlike konflikgebiede is die volgende (Mufene, 1988:13):

i) Sekere SADCC-lande, veral Botswana, Lesotho, Namibië

en Swaziland (BLNS-lande) en in 'n mindere mate ook Malawi, ding mee om die guns van Suid-Afrika omdat dit vir hulle direkte voordele inhou,

ii) konflik kan ontstaan tussen lande met 'n voorkeurstelsel met Suid-Afrika (BLNS en Malawi), lande wat alle kontak met Suid-Afrika wil verbreek (Zambië en Zimbabwe) en lande wat minimale kontak met Suid-Afrika het (Angola en Mosambiek), en

iii) die bestaan van gelyksoortige uitvoerstrukture in SADCC-lande kan konflik veroorsaak wanneer proteksionisme in uitvoermarkte gebruik word. In so 'n geval sal werklike mededinging tussen SADCC-lande vir toegang tot die Suid-Afrikaanse mark ontstaan.

Die verskillende benaderings ten opsigte van beskikbare bronne in SADCC (kyk 2.6.2.3) kan die oorsaak van konflik word indien SADCC-lande nie ooreenstemming hieroor kry nie. Verskille in beleidsbepaling is ook 'n moontlike oorsaak van konflik in beplande samewerkingsprogramme (Zehender, 1983:30).

## 2.7 SAMEVATTING

Uit die eerste deel van hierdie hoofstuk blyk dat 'n verskeidenheid uiteenlopende faktore bygedra het tot die stigting van SADCC. Die belangrikste faktor was waarskynlik die KONSAS-idee van Suid-Afrika. Die stigting van die organisasie het wye belangstelling uitgelok. In die tweede plek is vasgestel dat die standpunt van SADCC teenoor integrasie eiesoortig is in Afrika. Hierdie standpunt is heel moontlik die rede dat die organisasie na tien jaar nog bestaan. Die standpunt het voordele en nadele in die lig van die omstandighede waarin dit gebruik word.

Ten derde sluit die funksionering van SADCC goed aan by die aard van die organisasie. Veral die gebruik van die samewerkingsgebiede is 'n gesonde grondslag vir samewerking in die Suider-Afrikaanse omstandighede. Vierdens blyk dit dat die organisasie van meet af aan duidelike doelstellings aangeneem het wat die doelgerigte funksionering vergemaklik.

Ten slotte veroorsaak die heterogeniteit van die lidlande 'n aantal konflikte. Veral die uiteenlopende verbintenisse met Suid-Afrika lei tot verskillende optredes van die SADCC-lande.

Die optrede van SADCC-lande moet daarop gerig wees om die stigtingsdoelstellings te bereik. In hoofstuk drie word die bereiking van die stigtingsdoelstellings en ander vorderinge van SADCC in die eerste dekade van sy bestaan geëvalueer.

## HOOFSTUK 3

## 'N EVALUERING VAN DIE VORDERING VAN SADCC IN SY EERSTE DEKADE

### 3.1 INLEIDING

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om die vordering van SADCC tydens sy eerste tien bestaansjare te ontleed.

In hierdie hoofstuk word eerstens na die teenstrydighede oor die vordering van SADCC verwys. Tweedens word die vordering van SADCC volgens die stigtingsdoelstellings van die organisasie geëvalueer. Die eerste doelstelling, naamlik die vermindering van afhanklikheid, verwys veral na Suid-Afrika (kyk 2.5.1). Dié onderafdeling is egter 'n lang bespreking en word afsonderlik aan die einde van die hoofstuk bespreek. Die derde deel fokus op die verandering van prioriteite sedert die stigting van SADCC en evaluering van die vordering van die verskillende groeisektore. Vierdens word verwys na die onderliggende probleme wat SADCC-lande ervaar en vyfdens word die afhanklikheid van SADCC-lande van Suid-Afrika kwantitatief bestudeer.

### 3.2 STANDPUNTE OOR DIE VORDERING VAN SADDC

Die vordering van SADDC sedert sy ontstaan is kontroversieel. Die standpunte oor die vordering is soms teenstrydig en word vervolgens bespreek.

#### 3.2.1 TEENSTRYDIGHEDE

By SADCC se tiende verjaardagkonferensie in 1990 is dit enersyds gestel dat die organisasie rede vir gelukwensing en feesviering het (Kongwa, 1990(b):1) en andersyds opgemerk dat suksesse in alle sektore van SADDC min, wydverspreid en betekenisloos was (Anon, 1990(a):8).

Anders gestel bestaan die oortuiging dat die situasie in Suider-Afrika swakker sou gewees het sonder die bestaan van

SADCC (Reddy, 1988:14), teenoor die argument dat ontwikkeling in die streek ook sonder die optrede van SADCC sou plaasgevind het (Anon, 1990(e):5).

Dit wil egter voorkom asof die positiewe standpunt, anders gestel die prestasies van SADCC, meer algemeen is. Dié prestasies word vervolgens bespreek.

### 3.2.2 PRESTASIES

E. Jaycox van die Wêreldbank het op die 1988 SADCC-konferensie na SADCC verwys as die werkende voorbeeld van streeksamewerking in Afrika. Dit is 'n bewys van die sukses van SADCC (Mandaza, 1991(a):2). Verder is die voortbestaan van die organisasie 'n prestasie as die negatiewe ekonomiese omgewing en streekskonflik sedert sy ontstaan in gedagte gehou word (Kongwa, 1990(b):1).

SADCC word deur Leistner (1991(a):6) as een van die mees doeltreffende streeksgroeperings in Afrika beskou. Die organisasie het daarin geslaag om internasionale aandag op Suider-Afrika te vestig en finansiële steun te verkry. SADCC het ook gehelp om 'n streeksidentiteit tussen lidlande daar te stel.

Die vordering van SADCC kan weergegee word deur te verwys na die volgende prestasies (Weisfelder 1991:6 en Weimer, 1991:80):

i) voortbestaan vir 'n dekade met alle oorspronklike lede en die handhawing van die oorspronklike benadering tot streeksintegrasie, wat selfvertroue onder die lidlande daargestel het,

ii) daarstelling en bevordering van 'n eenheidsgevoel,

iii) aanmoediging van 'n verskeidenheid bilaterale

verbintenisse tussen lidlande,

iv) hulpverkryging van buitelandse skenkers,

v) verbetering van die streekskommunikasie en vervoernetwerk,

vi) die ontwikkeling van 'n verbintenis met die Nordiese state,

vii) vestiging as 'n belangrike party in die politieke en ekonomiese toekomsbepaling van Suider-Afrika.

viii) die gunstige invloed van SADCC-projekte op die ekonomiese verloop van meeste van sy lidlande, en

ix) die vermoë om die oorspronklike aksieprogram en benadering aan te pas.

Daar bestaan egter ook gebreke, wat vervolgens bespreek word.

### 3.2.3 GEBREKE

Die vermyding van 'n institusionele infrastruktuur kan 'n groot inherente gebrek van SADCC wees (kyk 2.3.2.3). Die los struktuur kan doeltreffende funksionering kortwiek (Chizanga, 1988:68).

By die openingsgeleentheid van die SADCC-ministersvergadering in Arusha in 1991 het Mnr. Malecela, die eerste minister van Tanzanië, erken dat die organisasie in sy doelwitte misluk het (Schoeman, 1991:35). Hy het gesê dat ekonomiese afhanklikheid van Suid-Afrika nie verminder het nie en dat geen werklike streeksintegrasie geskep is nie.

Die belangrikste gebreke tydens die eerste dekade van die

bestaan van SADCC kan soos volg weergegee word (Weimer, 1991:81):

i) die afhanklikheid van buitelandse fondse, wat oor die eerste tien jaar byna 90 persent van alle geskatte koste beloop (kyk 3.4.9),

ii) die lae inter-SADCC handel, wat ongeveer 5 persent van totale SADCC-handel beloop en waarvan meer as 80 persent deur Zimbabwe gedryf word,

iii) die gebrek aan toewyding of onvermoë van lidlande om streeksbeplanning in die nasionale besluitnemingsproses in te sluit.

Om die prestasies en gebreke van SADCC egter in perspektief te stel en 'n meer volledige beeld van SADCC se waarde te bepaal, word die prestasies teenoor die stigtingsdoelstellings van SADCC (kyk 2.5) vervolgens geëvalueer.

## 3.3 'n EVALUERING VAN SADCC SE DOELSTELLINGS

Die bereiking van doelstellings is 'n proses wat slegs oor die langtermyn sukses kan behaal. Die evaluering van die doelstellings van SADCC moet ook aan 'n tydsdimensie gekoppel word om vordering te kan bepaal. Die tydsdimensie word bespreek alvorens vordering ten opsigte van die doelstellings geëvaleer word.

### 3.3.1 TYDSDIMENSIE

Die doelstellings van SADCC was nie bedoel om binne die eerste tien bestaansjare van die organisasie bereik te word nie (Makoni soos aangehaal deur Mandaza, 1991(a):3). Die stigtingsdoelstellings is almal langtermyn doelstellings en die beoordeling van sukses of mislukking moet dan ook in hierdie tydsraamwerk geplaas word.

Makoni (soos aangehaal deur Mandaza, 1991(a):3) beklemtoon verder dat hierdie waarneming nie gemaak word om 'n gebrekkige vooruitgang te regverdig nie, maar om reeds bereikte vooruitgang in die regte tydsperspektief en konteks te plaas.

### 3.3.2. DIE VERMINDERING VAN EKONOMIESE AFHANKLIKHEID

In die omskrywing van hierdie doelstelling word spesifiek na afhanklikheid van Suid-Afrika verwys (kyk 2.5.1). Aangesien die verminderde afhanklikheid van Suid-Afrika vir SADCC belangrik blyk te wees en omdat dit 'n omvangryke bespreking vorm, word hierdie afhanklikheid aan die einde van die hoofstuk apart en in meer kwantifiseerbare terme geëvalueer (kyk 3.6).

Vordering ten opsigte van hierdie doelstelling is kontroversieel. In SADCC-geledere word suksesse uitgelig terwyl nie-SADCC-partye gebreke beklemtoon. Albei standpunte word hieronder bespreek.

#### 3.3.2.1 Suksesse

Daar is op verskillende terreine met hierdie doelstelling sukses bereik. Volgens Maphanyane (soos aangehaal deur Morna, 1990(c):16), die hoofekonoom van SADCC, is die verbetering in streekskommunikasie die mees suksesvolle gebied in terme van verminderde afhanklikheid. Makoni (soos aangehaal deur Mandaza, 1991(a):3) sluit hierby aan deur te verwys na kommunikasie en vervoer as gebiede waar aansienlike vermindering in afhanklikheid bewerkstellig is.

Hy beklemtoon egter die feit dat die vermindering van afhanklikheid nie slegs kwantitatief van aard is nie maar ook kwalitatief. Dit impliseer dat die SADCC-lande meer onafhanklik is en 'n beter gehalte produk of diens tot hul beskikking het. Die duidelikste voorbeeld van die

verbetering van gehalte is die telekommunikasie-verbintenisse tussen lidlande. Kommunikasie wat in die verlede via Suid-Afrika moes plaasvind, het meestal ook van Europa as tussenganger gebruik gemaak. Die nuwe verbintenisse skakel nie net Suid-Afrika uit nie, maar is direk tussen SADCC-lidlande, wat beteken dat Europa ook as tussenganger uitgeskakel word (Makoni soos aangehaal deur Mandaza, 1991(a):3)

3.3.2.2 Gebreke

In SADCC-geledere heers daar kommer dat die verminderde afhanklikheid van Suid-Afrika vervang is met 'n toenemende afhanklikheid van Westerse skenkerlande. Makoni het met die 1990-konferensie 'n beroep op alle SADCC-lande gedoen om hul "ongesonde" vlakke van afhanklikheid van buitelandse hulp te verminder. Hy het beklemtoon dat ontwikkeling slegs gehandhaaf kan word in 'n klimaat van selfonderhoud, met ander woorde, waar buitelandse hulp slegs 'n klein rol speel (Arnold, 1990(b):15).

As standpunte van persone buite SADCC in aanmerking geneem word, blyk dit dat, gemeet in terme van handelspatroon, vervoer, gesamentlike projekte en investering in hulpprogramme, die SADCC-lidlande meer afhanklik van die Suid-Afrikaanse ekonomie as in 1980 is (O Meara, 1991:11).

In die lig van veranderinge in die Suider-Afrika streek sedert 1990, bestaan twyfel oor die waarde van die verminderde afhanklikheid van Suid-Afrika. Dit word vervolgens bespreek.

3.3.2.3 Die invloed van veranderinge sedert 1990

Op die tiende verjaarsdagskonferensie van SADCC was die onuitgesproke vraag of die strewe na verminderde afhanklikheid nie in die lig van politieke veranderinge in Suid-

Afrika begin ontrafel nie (Anon, 1990(a):8). Die aftakeling van die apartheidstelsel in Suid-Afrika (kyk 4.2.3.1.1) het dié land internasionaal meer aanvaarbaar gemaak. Die strewe om die afhanklikheid van Suid-Afrika te verminder beteken dat 'n ekonomies sterk vennoot in die streek ten koste van groei en ontwikkeling in SADCC-lidlande uitgesluit word.

Dit blyk dat die doelstelling om ekonomiese afhanklikheid te verminder, gemengde welslae behaal het. Hierdie doelstelling word ook in meer kwantifiseerbare terme en met uitsluitlike verwysing na afhanklikheid van Suid-Afrika aan die einde van hierdie hoofstuk bespreek (kyk 3.6).

3.3.3 DIE SKEP VAN STREEKSINTEGRASIE

Ten tye van die wêreldwye resessie in die vroeë jare tagtig het ander pogings tot streeksamewerking en/of -integrasie, soos die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrika State en die Konstellasie van Suider-Afrikaanse State, gestagneer of verdwyn (kyk 2.2.2). Volgens Weisfelder (1991:6) het SADCC sy voortbestaan in hierdie tyd te danke aan die bereidwilligheid van lidlande om nasionale ekonomiese beleid aan te pas om streeksprioriteite te akkommodeer.

Verskeie skrywers verwys na SADCC se suksesse in dié verband. Die samehorigheidsgevoel, streeksidentiteit en familiegees onder lidlande kan as die grootste enkele prestasie van SADCC oor sy eerste tien bestaansjare uitgelig word (Makoni soos aangehaal deur Novicki, 1990:34). Lee (soos aangehaal deur Haarlov, 1988:8) beklemtoon die voortbestaan van die organisasie en die behoud van alle aanvanklike lede as die enigste werklike prestasie van die organisasie.

Die lidmaatskap van Namibië na sy onafhanklikheid is 'n verdere aanduiding dat SADCC in die Suider-Afrika streek as

'n bindende faktor beskou word. Die deelnemerstatus van die ANC en PAC sedert 1990 dui op die belangstelling van hierdie organisasies om ook lid van SADCC te word (kyk 5.2.1.2).

Dit blyk dat met hierdie doelstelling redelike suksesse behaal is.

### 3.3.4 DIE VERSEKERING VAN INTERNASIONALE SAMEWERKING

Die hoofprestasie van SADCC bly volgens Dr. Q. Masire die verkryging van internasionale begrip en materiële ondersteuning (Anon, 1990(a):9). Makoni (soos aangehaal deur Novicki, 1990:34) lig ook die verkryging van internasionale samewerkingsvennote uit as 'n prestasie. Waarnemers buite SADCC deel hierdie siening en verwys na die verkryging van finansiële en ander hulp van skenkers as die belangrikste prestasie van SADCC (Leistner, 1992(e):3). Die internasionale betrokkenheid by SADCC-aktiwiteite het verskeie oorsake, wat hieronder bespreek word.

#### 3.3.4.1 Die betrokkenheid van skenkerlande

Die toename in betrokkenheid van skenkerlande kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die integrasiebenadering van SADCC (kyk 2.3.2). Hierdie benadering skep 'n gunstige klimaat vir buitelandse skenkers omdat hulle die beheer oor die skenking behou (kyk 2.3.2.3). Die algemene aanvaarding dat die tekortkominge van SADCC 'n voortvloeisel van Suid-Afrikaanse optrede is, het ook gelei tot 'n toename in betrokkenheid van skenkerlande (Leistner, 1991(b):2).

Die motivering agter die betrokkenheid van skenkerlande word bevraagteken omdat die omstandighede van SADCC-lande nie lenings- of skuldterugbetalings toelaat nie. Die vrees bestaan dat Westerse lande hulpverlening gebruik het om sodoende strenger sanksies teen Suid-Afrika te vermy. Met

onlangse verwikkelinge in Suid-Afrika verdwyn dié rede vir hulpverlening (kyk 4.2.3.2) (Leistner, 1991(b):2). Makoni erken dat steun van die internasionale gemeenskap verkry is as simpatie-ondersteuning teen Suid-Afrikaanse destabilisasie. In die toekoms sal dit noodsaaklik wees om steun te werf deur die "regte dinge" te doen (Weisfelder, 1991:13).

3.3.4.2 Toekomstige betrokkenheid

Toekomstige internasionale betrokkenheid lyk belowend. Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) beplan om sy verhouding met sleutelorganisasies, veral met SADCC, in die toekoms te versterk. Die IMF het die versekering gegee dat hulp wat tans verleen word, nie verminder sal word nie. Die organisasie het onderneem om goeie ekonomiese programme in al sy lidlande te ondersteun. 'n Bewys hiervan is die verbintenis in die vorm van strukturele aanpassingsprogramme by sommige SADCC-lidlande (Camdessus, 1991:87).

Skenkers raak egter bekommerd omdat die hoeveelheid programme bly groei en geen bewys van groter selfvoorsiening deur SADCC gelewer word nie. Die plaaslike bydrae van SADCC tot hul projekte was in 1990 gemiddeld nie meer as 11 persent nie (kyk 3.4.9.2). In die lig van veranderinge wêreldwyd en in die Suider-Afrika streek bestaan die moontlikheid dat internasionale betrokkenheid wel in die toekoms kan verminder (kyk 3.4.9. en 4.2.2.2).

Die Europese Gemeenskap (EG) sal egter betrokke bly by SADCC-lande, aangesien die organisasie voor die stigting van SADCC via die Lomé-konvensie reeds met die lidlande saamgewerk het. Hierdie betrokkenheid word vervolgens bespreek.

3.3.4.3 EG-betrokkenheid

Die EG het sedert die ontstaan van die SADCC 'n intense

belangstelling in die organisasie getoon. Die eerste rede hiervoor is die toewyding van die EG aan wêreldwye streeksintegrasie. Die tweede rede is omdat die EG voor die stigting reeds betrokke was met hulpverlening in alle SADCC-lande en dat sommige hulp meer produktief kan wees in die vorm van streeksprojekte (Matthews, 1985:270). Die derde rede verwys na politieke, handels- en kulturele bande wat histories tussen die lande in Suider-Afrika en die EG-lande gevestig is (Leistner, 1992(e):11).

Die deelname van alle SADCC-lande aan die Lomé III-konvensie in 1985 het die ondertekening van 'n begripsmemorandum tussen SADCC en die EG in 1986 moontlik gemaak. Hierdie memorandum was die eerste streek-tot-streek verbintenis wat die EG gesluit het (Scott, 1987:9).

Die betrokkenheid van die EG by die SADCC-lidlande was voor die stigting van SADCC, onder die Lomé I-konvensie (1975-80), 489 miljoen ECU. Met die stigting van SADCC, onder Lomé II (1980-85), het hierdie bedrag vermeerder na 1 100 miljoen ECU. Onder Lomé III (1985-90) was die totale EG-hulp aan SADCC en sy lidlande 1 600 miljoen ECU (Livi, 1989:41). Hiervan was ongeveer 9 persent (140 miljoen ECU) vir SADCC as organisasie.

Daar is tekens dat die EG-betrokkenheid afgeskaal word. Bogenoemde 140 miljoen ECU in 1985 het met die Lomé IV-konvensie in 1990 verminder na 121 miljoen ECU. Die vermindering word vererger deur die feit dat hierdie bedrag gedeel moet word met die Voorkeurhandelsgebied vir Oostelike en Suidelike Afrika (PTA) (Morna, 1991:17).

SADCC was suksesvol met die verkryging van internasionale betrokkenheid in die vorm van hulp. Dit wil voorkom of die internasionale samewerking 'n plaasvervanger geword het vir die vroeëre afhanklikheid van Suid-Afrika (kyk 3.3.2.2). In die lig van veranderinge wêreldwyd en in die streek

bestaan daar twyfel oor die omvang van die internasionale hulp in die toekoms. Dit blyk dat die mobilisering van plaaslike hulpbronne, wat die vierde doelstelling van SADCC is, in die toekoms al hoe meer aandag moet kry.

### 3.3.5 DIE MOBILISERING VAN PLAASLIKE HULPBRONNE

Die mobilisering van plaaslike hulpbronne bly 'n gebied van bekommernis want dit het geensins 'n bevredigende vlak bereik nie. Die enigste noemenswaardige prestasie wat met die mobilisering van hulpbronne behaal is, is dat alle administratiewe koste van die sekretariaat deur lidlande befonds word (Makoni soos aangehaal deur Mandaza, 1991(a):4).

Soos reeds vermeld (kyk 3.3.4.2), was die plaaslike bydrae van SADCC tot projekte in 1990 slegs 11 persent van die geskatte totale onkoste. Die finansiering van projekte (kyk 3.4.9) is nie die enigste vorm van hulpbronne wat in SADCC-lande beskikbaar is nie. Die SADCC-lande het potensiaal, veral op gebied van minerale grondstowwe, landbou en toerisme.

Daar kort egter nog inisiatief om dié potensiaal te verwesenlik. Die SADCC-organisasie het verskillende groeisektore geïdentifiseer, sodat die plaaslike hulpbronpotensiaal ontgin en benut kan word. Hierdie groeisektore word vervolgens geëvalueer.

## 3.4 'n EVALUERING VAN SADCC SE GROEISEKTORE

Ondanks die feit dat SADCC op die Lusaka-stigtingsberaad samewerkingsgebiede aan sy lidlande toegeken het (kyk 2.4.2.1), word geen verslag volgens hierdie gebiede gelewer nie. Verslag oor die vordering van projekte word volgens groeisektore gelewer. Hierdie groeisektore behels landbou, energie en mynwese, nywerheid en handel, toerisme, vervoer

en kommunikasie en mannekrag. As gevolg van die belangrikheid van projekfinansiering in al die sektore, word finansiering as 'n afsonderlike sektor tot hierdie bespreking bygevoeg.

Die vordering in die groeisektore word gemeet deur eerstens te verwys na 'n algemene beskrywing daarvan en tweedens gevolgtrekkings uit syfers met betrekking tot die finansiering van projekte te maak. Die belangrikheid van die vervoer en kommunikasie-sektor word bespreek in die lig van die toename in finansiering wat hierdie sektor sedert 1985 kry.

Voordat die vordering in die groeisektore bespreek word, word die benadering van SADCC ten opsigte van die verandering in prioriteite sedert 1980 bespreek.

### 3.4.1 'n VERANDERING VAN PRIORITEITE

SADCC dring daarop aan dat sektore en projekte in 'n voorkeurorde geplaas word. Met die instelling van die SADCC-aksieprogram en samewerkingsgebiede (kyk 2.4.2.1) in 1980 was vervoer en kommunikasie die hoofprioriteit. Die droogte in die vroeë jare tagtig het SADCC ook op voedsel en landbou laat fokus (Hanlon, 1989:9).

Volgens SADCC se oordeel was die omstandighede in sowel die vervoer en kommunikasie-sektor as die voedsel en landbousektor gunstig teen 1986. Daarom is die investering en produksie-sektor as nuwe prioriteit gestel. Bogenoemde klemverskuiwing is 'n aanduiding dat eersgenoemde sektore genoegsame stukrag verkry het en laasgenoemde sektor vir verdere ontwikkeling noodsaaklik geblyk het (Malan, 1987:45).

Die verskillende groeisektore se vordering volgens projekte aangegaan en die koste en finansiering daarvan, word

vervolgens bespreek.

## 3.4.2 LANDBOU

### 3.4.2.1 Algemeen

Die landbou-sektor is die ekonomiese ruggraat van die meeste SADCC-lande. Hierdie sektor bestaan uit die volgende bedryfstakke: landbou, visserye, lewende hawe, bosbou, wild-, grond- en natuurbewaring. Landbou verskaf grondstowwe vir die nywerhede en is ook die grootste werkverskaffer in SADCC-lande (SADCC, 1991(b):12).

In die landbou-sektor het die meeste SADCC-lande prioriteit aan uitvoerbevordering en kapitaalintensiewe boerdery verleen. Die afname in per kapita voedselproduksie oor die afgelope dekade het voedseltekorte laat ontstaan. Hierdie voedseltekorte moet plaaslik aangevul word aangesien die invoer van voedsel finansiële implikasies het. Hierdie implikasies behels koste van vervoer en buitelandse valuta-tekorte (Hardy, 1987:48). Suid-Afrika is die enigste land in die Suider-Afrika streek wat moontlik verligting kan bring. Dit beteken dat 'n groter afhanklikheid van Suid-Afrika ontstaan. Hierdie gevolg is egter strydig met die eerste doelstelling van SADCC (kyk 2.5.1).

In 1990 was daar vir die eerste keer sedert die bestaan van SADCC 'n oorskot voedselaanbod (Kongwa, 1990(b):1). Hoewel die streek in hierdie jaar 'n netto surplus in voedsel-produksie getoon het, het baie individuele lande nog riskante voedselvoorrade. As gevolg van swak kommunikasie en vervoer is die voedseloorskot nie verkoop aan die lande met tekorte binne die streek nie (SADCC, 1991(b):1).

### 3.4.2.2. Projekte en finansiering

Verdere besonderhede oor die vordering in die landbousektor


Tabel 3.1 - LANDBOU: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).

| | Aantal projekte (1) | Totale koste (mn $) (2) | SADCC-fondse % (3) | Ander fondse % (4) | Fin. tekort % (5) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1985-1986 | (a) | 506 | 11 | 35 | 54 |
| 1986-1987 | 97 | 628 | 9 | 21 | 70 |
| 1987-1988 | 135 | 760 | 10 | 27 | 63 |
| 1988-1989 | 119 | 670 | 16 | 29 | 55 |
| 1989-1990 | 141 | 964 | 12 | 23 | 65 |
| 1990-1991 | 94 | 992 | 13 | 24 | 63 |

Bron: SADCC Annual Progress Report, 1986-92.

a) Gegewens nie beskikbaar nie.

Figuur 3.1 - Finansiering van landbouprojekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)




Bron: Afgelei uit tabel 3.1.

kan verkry word deur die finansiering van projekte in hierdie sektor te evalueer. Gegewens word in tabel 3.1 (p.51) en figuur 3.1 (p.51) weergegee, waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

i) uit kolomme (1) en (2) van tabel 3.1 kan nie betekenisvolle gevolgtrekkings gemaak word nie, aangesien:
- dit nie duidelik is hoeveel van die projekte in elke jaar afgehandel, onttrek, bygevoeg of na 'n volgende jaar oorgedra is nie,
- daar geen duidelikheid is oor die mate waarin die geskatte koste van projekte van een jaar na die volgende jaar oorgedra word nie,

ii) die SADCC-bydrae tot projekte het gewissel tussen 9 en 16 persent. Dit is 'n aanduiding van die plaaslike onvermoë of gebrek aan belangstelling in hierdie sektor. Dit is teenstrydig met SADCC se prioriteite, naamlik dat die landbou-sektor voorkeur moet geniet (kyk 3.4.1),

iii) die bydrae van die buiteland was ongeveer twee maal so groot as die SADCC-bydrae, en

iv) die finansieringstekort was nooit minder as 50 persent nie, wat beteken dat fondse vir minder as die helfte van die projekte beskikbaar was.

### 3.4.3 MYNWESE

#### 3.4.3.1 Algemeen

Mynwese verteenwoordig die grootste deel van totale buitelandse valuta wat deur meeste SADCC-lande verdien word. Die belangrikste produkte van hierdie sektor is diamante in Botswana, olie in Angola en koper in Zambië. Die mynwese-sektor is tot 'n groot mate afhanklik van die wêreldekonomiese toestande. Die prysdalings van minerale


Tabel 3.2 - MYNWESE: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).

| | Aantal projekte<br><br>(1) | Totale koste (mn $)<br><br>(2) | SADCC-fondse %<br><br>(3) | Ander fondse %<br><br>(4) | Fin. tekort %<br><br>(5) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1985-1986 | (a) | 2 | 0 | 69 | 31 |
| 1986-1987 | 25 | 54 | 54 | 3 | 43 |
| 1987-1988 | 53 | 73 | 10 | 36 | 54 |
| 1988-1989 | 39 | 70 | 12 | 40 | 48 |
| 1989-1990 | 52 | 78 | 5 | 39 | 56 |
| 1990-1991 | 60 | 84 | 5 | 37 | 58 |

Bron: SADCC Annual Progress Report, 1986-92.

a) Gegewens nie beskikbaar nie.

Figuur 3.2 - Finansiering van mynwese-projekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)




Bron: Afgelei uit tabel 3.2.

grondstowwe sedert 1990 het 'n terugslag vir die SADCC-mynbedryf beteken. Om minerale grondstowwe meer winsgewend te ontgin, is plaaslike verwerking noodsaaklik. Plaaslike verwerking word deur SADCC aangemoedig deur 'n gunstige klimaat vir klein en mediumskaalse ontginning van minerale grondstowwe daar te stel (SADCC, 1991(b):64).

In 1985 is in die mynwese-sektor'n strategie vir die jare 1986 tot 1990 aanvaar. Dié strategie fokus op die identifisering en uitskakeling van die beperkings van die mynwese-sektor. Sedert 1990 is die meeste mynwese-projekte in 'n stadium van finansiële implementering, wat weldra fisiese gevolge behoort te toon (SADCC, 1991(b):2).

3.4.3.2 Projekte en finansiering

Verdere besonderhede oor die projekte in die mynwese-sektor word in tabel 3.2 (p.53) en figuur 3.2 (p.53) verskaf waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

i) uit kolomme (1) en (2) van tabel 3.2 kan nie betekenisvolle gevolgtrekkings gemaak word nie, aangesien:
- dit nie duidelik is hoeveel van die projekte in elke jaar afgehandel, onttrek, bygevoeg of na 'n volgende jaar oorgedra is nie,
- daar geen duidelikheid is oor die mate waarin die geskatte koste van projekte van een jaar na die volgende jaar oorgedra word nie,

ii) die SADCC-bydrae het van 54 persent in 1987 na slegs 5 persent in 1991 gedaal, wat 'n aanduiding is van die verminderde aandag wat met die verloop van tyd aan die mynwese-sektor gegee is,

iii) die bydrae van die buiteland toon sedert 1989 'n dalende tendens, wat moontlik 'n aanduiding van 'n stelselmatige vermindering van belange deur die buiteland

in hierdie sektor is, en

iv) die finansieringstekort het sedert 1986 byna verdubbel en sedert 1989 word 'n jaarlikse styging in hierdie tekort waargeneem.

## 3.4.4 ENERGIE

### 3.4.4.1 Algemeen

In die energie-sektor is strategieë ontwikkel vir elke afsonderlike bedryfstak (steenkool, elektrisiteit, energiebewaring, nuwe en hernubare bronne, petroleum en brandhout). Die strategieë is gerig op die volgende doelstellings: die beperking op die uitvloei van buitelandse valuta as gevolg van petroleum-invoer, 'n afname in die uitputting van houtbronne, die verkryging van tegnologie, die verbetering van streeksamewerking en die uitbreiding van produksiefasiliteite (SADCC, 1991(b):65).

Ondanks bogenoemde strategieë is geen noemenswaardige vooruitgang oor die afgelope dekade behaal nie. Bestaande kragsentrales is opgegradeer en nuwe sentrales beplan maar 'n werklike toename in energieproduksie het nog nie plaasgevind nie.

### 3.4.4.2 Projekte en finansiering

Tabel 3.3 (p.57) en figuur 3.3 (p.57) verskaf verdere besonderhede van die energie-sektor in SADCC waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

i) uit kolomme (1) en (2) van tabel 3.3 kan nie betekenisvolle gevolgtrekkings gemaak word nie, aangesien:
- dit nie duidelik is hoeveel van die projekte in elke jaar afgehandel, onttrek, bygevoeg of na 'n volgende jaar oorgedra is nie,

- daar geen duidelikheid is oor die mate waarin die geskatte koste van projekte van een jaar na die volgende jaar oorgedra word nie,

ii) die SADCC-bydrae was nooit meer as 5 persent van die totale geskatte koste nie,

iii) die buitelandse fondse het 'n daling van 45 persent in 1988 na 19 persent in 1991 getoon, wat 'n aanduiding is van die verminderde betrokkenheid van die buiteland in hierdie sektor, en

iv) die finansieringstekort was nooit minder as 50 persent nie en sedert 1988 het dit toegeneem van 50 persent na meer as 75 persent in 1991. Dit beteken dat in 1991 slegs 25 persent van alle projekte in die energie-sektor gefinansier was.

### 3.4.5 NYWERHEID EN HANDEL

#### 3.4.5.1 Algemeen - nywerheid

Die vlak van nywerheidsontwikkeling in SADCC-lande is laag en skeef oor die lande versprei. Zimbabwe het 'n hoë vlak van nywerheidsontwikkeling in vergelyking met die ander SADCC-lande. Faktore soos 'n ondoeltreffende openbare sektor, ontoepaslike gebruik van materiaal en tegnologie en 'n gebrekkige ondersteunende infrastruktuur is die oorsake van dié lae vlak van nywerheidsontwikkeling. SADCC lande is in hierdie sektor vir onderdele, diens en noodsaaklike invoer van tegnologiese produkte van Suid-Afrika afhanklik (kyk 3.6) (Hardy, 1987:50).

Sedert 1988 het SADCC sy nywerheidstrategie hersien. In die nuwe strategie is plaaslik beskikbare grondstowwe en toegang tot die streeksmark as grondslag vir nywerheids-ontwikkeling geïdentifiseer. Die swak vertoning van 1980


Tabel 3.3 - ENERGIE: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).

| | Aantal projekte<br>(1) | Totale koste (mn $)<br>(2) | SADCC-fondse %<br>(3) | Ander fondse %<br>(4) | Fin. tekort %<br>(5) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1985-1986 | (a) | 237 | 4 | 25 | 71 |
| 1986-1987 | 63 | 246 | 4 | 43 | 53 |
| 1987-1988 | 68 | 292 | 5 | 45 | 50 |
| 1988-1989 | 80 | 427 | 4 | 26 | 70 |
| 1989-1990 | 89 | 668 | 4 | 22 | 74 |
| 1990-1991 | 80 | 760 | 5 | 19 | 76 |

Bron: SADCC Annual Progress Report, 1986-92.

a) Gegewens nie beskikbaar nie.

Figuur 3.3 - Finansiering van energieprojekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)




Bron: Afgelei uit tabel 3.3.

tot 1988 het egter nie verbeter nie en die vermoë van bestaande ondernemings is steeds onderbenut. Bogenoemde vertoning word toegeskryf aan 'n tekort aan buitelandse valuta, 'n ongunstige ruilvoet en swak ekonomiese bestuur (SADCC, 1991(b):1).

Verdere beperkings in hierdie sektor is die afhanklikheid van buitelandse investering (kyk 3.4.5.3) en die tekort aan opgeleide mannekrag. Die regstelling en uitskakeling van hierdie beperkings stel 'n uitdaging aan SADCC in die negentigerjare.

3.4.5.2 Algemeen - handel

Positiewe groeikoerse in handel word sedert 1988 deur SADCC verkry. Dit is die gevolg van die daarstelling van 'n ekonomiese aanpassingsprogram vir makro-ekonomiese beleid en bestuurswakhede. 'n SADCC-uitvoerontwikkelings- en bevorderingstrategie met spesiale verwysing na die vermindering van handelsbeperkings tussen lidlande, is ook geïnisieer. Ondanks hierdie maatreëls was die intra-SADCC handel in 1990 minder as 5 persent van die totale handel in die streek (SADCC, 1991(b):3).

Die president van Namibië, Mnr. Sam Nujoma, het met die 1991 SADCC-konferensie 'n beroep op lidlande gedoen om handelsbeperkings, doeanetariewe en ander heffings op te hef en groter bilaterale streekshandel na te streef (Anon, 1991(f):4). Pogings om interne handel tussen lidlande te bewerkstellig is egter minimaal.

In streeksverband konsentreer die PTA (Voorkeurhandelsgebied vir Oostelike en Suidelike Afrika) (kyk 5.2.2) op die bevordering van handel tussen sy lede. As gevolg van PTA-lidmaatskap van die meeste SADCC-lande (kyk tabel 5.1) word die voordele van handelsooreenkomste binne die PTA ook deur hierdie lande geniet. Ondanks dié voordele en die


Tabel 3.4 - NYWERHEID EN HANDEL: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).

| | Aantal projekte (1) | Totale koste (mn $) (2) | SADCC-fondse % (3) | Ander fondse % (4) | Fin. tekort % (5) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1985-1986 | (a) | 1 619 | 16 | 12 | 72 |
| 1986-1987 | 63 | 1 215 | 20 | 1 | 79 |
| 1987-1988 | 92 | 1 271 | 21 | 4 | 75 |
| 1988-1989 | 14 | 14 | 1 | 22 | 77 |
| 1989-1990 | 16 | 23 | 2 | 26 | 72 |
| 1990-1991 | 18 | 24 | 2 | 14 | 84 |

Bron: SADCC Annual Progress Report, 1986-92.

a) Gegewens nie beskikbaar nie.

Figuur 3.4 - Finansiering van nywerheids- en handelsprojekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)




Bron: Afgelei uit tabel 3.4.

bevordering van handel in SADCC beteken Suid-Afrika wat handel betref vir die SADCC-lande meer as SADCC en die PTA saam (SADCC, 1991(b):27) (kyk figuur 3.11).

3.4.5.3 Projekte en finansiering

Wat die finansiering van projekte in die nywerheid en handel-sektor betref verskaf tabel 3.4 (p.59) en figuur 3.4 (p.59) 'n oorsig waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

i) uit kolomme (1) en (2) van tabel 3.4 blyk dat die grondslag vir die aantal projekte in 1989 aangepas is aangesien daar nie deur SADCC melding gemaak is van 'n groot aantal projekte wat in 1987-88 afgehandel is nie,

ii) verdere sinvolle gevolgtrekkings uit kolomme (1) en (2) kan nie gemaak word nie, aangesien:
- dit nie duidelik is hoeveel van die projekte in elke jaar afgehandel, onttrek, bygevoeg of na 'n volgende jaar oorgedra is nie,
- daar geen duidelikheid is oor die mate waarin die geskatte koste van projekte van een jaar na die volgende jaar oorgedra word nie,

iii) die SADCC-bydrae het met die verandering van basis van statistiek 'n sterk daling getoon (van 21 persent na 1 persent) terwyl die buitelandse bydrae 'n styging getoon het (van 4 persent tot 22 persent). Die gesamentlike bydrae het ongeveer dieselfde oor die tydperk gebly, en

iv) die finansieringstekort het ongeveer onveranderd gebly ondanks die verandering in die grondslag van die aantal projekte. Hierdie tekort was altyd meer as 70 persent van die totale koste, wat die moontlikheid dat die projekte voltooi kon word, onwaarskynlik.


Tabel 3.5 - TOERISME: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).

| | Aantal projekte (1) | Totale koste (mn $) (2) | SADCC-fondse % (3) | Ander fondse % (4) | Fin. tekort % (5) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1985-1986 | (a) | 0.1 | 0 | 100 | 0 |
| 1986-1987 | (a) | (a) | (a) | (a) | (a) |
| 1987-1988 | 10 | 12 | 5 | 52 | 43 |
| 1988-1989 | 8 | 10 | 2 | 16 | 82 |
| 1989-1990 | 8 | 10 | 2 | 22 | 76 |
| 1990-1991 | 8 | 11 | 4 | 24 | 72 |

Bron: SADCC Annual Progress Report, 1986-92.

a) Gegewens nie beskikbaar nie.

Figuur 3.5 - Finansiering van toerismeprojekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)




Bron: Afgelei uit tabel 3.5.

### 3.4.6 TOERISME

#### 3.4.6.1 Algemeen

Daar is 'n groot verskeidenheid toerisme-bestemmings in SADCC-lande. Dit is 'n uitdaging aan SADCC om 'n voordeel uit hierdie bestemmings te trek en die potensiaal aan buitelandse valuta wat daarmee gepaard gaan, te benut. Om dit te bereik is aanpassings in infrastruktuur egter noodsaaklik (SADCC, 1991(b):122).

Projekte wat in hierdie verband voorgestel word behels die opgradering van geriewe, die versameling van statistiek en die daarstelling van 'n netwerk van kredietwaardige toerisme-agentskappe. Die belangrikste is egter om toerisme in streeksverband te koördineer en goeie diens in alle SADCC-lande te verseker (SADCC, 1991(b):122).

#### 3.4.6.2 Projekte en finansiering

Die toestand van die finansiering van die projekte in hierdie sektor word in tabel 3.5 (p.61) en figuur 3.5 (p.61) weergegee waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

i) die sektor staan die afgelope drie jaar skynbaar stil aangesien die aantal projekte asook die totale koste oor hierdie tydperk onveranderd is. Dit wil voorkom of min aandag aan hierdie sektor bestee word,

ii) die SADCC-bydrae tot hierdie sektor was maksimum 5 persent in 1987, wat die onbelangrikheid van die sektor in SADCC-prioriteite weerspieël,

iii) die buitelandse betrokkenheid het gedaal van 52 persent in 1988 tot 24 persent in 1991, wat 'n aanduiding is van die gedeeltelike onttrekking van die buitelandse finansierders, en

iv) die finansieringstekort beloop sedert 1989 meer as 70 persent, wat die lae prioriteit wat aan hierdie sektor verleen word, beklemtoon.

### 3.4.7 VERVOER EN KOMMUNIKASIE

#### 3.4.7.1 Algemeen

Vervoer en kommunikasie het 'n hoë prioriteit in die SADCC aksieprogram (kyk 3.4.1). As gevolg hiervan is die SATCC (Southern Afican Transport and Communication Commission) wat vir die vervoer- en kommunikasie-strategie van SADCC verantwoordelik is, in die lewe geroep.

Daar is vordering op die gebied van vervoer gemaak. Met die stigting van SADCC in 1980 het Suid-Afrika 80 persent van die internasionale uitvoer van Malawi, Zambië, Lesotho, Zimbabwe, Swaziland en Botswana hanteer. Aan die einde van 1990 is 60 persent van die uitvoer van dié SADCC-lande deur SADCC-hawens hanteer (Kongwa, 1990(b):1).

Die "Beira Tonnel"-projek is 'n belangrike poging van SADCC om afhanklikheid van Suid-Afrika te verminder. Vordering met hierdie projek is in die eerste 10 bestaansjare van die organisasie gemaak. Dié projek is teen hoë koste, met beter bestuur en groter militêre veiligheid realiseerbaar (Ncube, 1991:8).

Alle landomringde SADCC-lande bly egter afhanklik van die bestaande Suid-Afrikaanse vervoerroetes (kyk 3.6.1). In die lig van die hervorming in Suid-Afrika word dié land meer aanvaarbaar en sal die beter ontwikkelde en meer doeltreffende Suid-Afrikaanse roetes waarskynlik meer gebruik word (Ncube, 1991:8). Die vraag bestaan of die "Beira Tonnel" onder veranderende omstandighede nog aantreklik vir internasionale hulp sal wees (Anon, 1990(a):8).


Tabel 3.6 - VERVOER EN KOMMUNIKASIE: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van koste).

| | Aantal projekte (1) | Totale koste (mn $) (2) | SADCC-fondse % (3) | Ander fondse % (4) | Fin. tekort % (5) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1985-1986 | (a) | 2 991 | 14 | 22 | 64 |
| 1986-1987 | 207 | 4 197 | 13 | 24 | 63 |
| 1987-1988 | 181 | 4 719 | 11 | 29 | 60 |
| 1988-1989 | 201 | 5 096 | 11 | 30 | 59 |
| 1989-1990 | 218 | 6 481 | 10 | 27 | 63 |
| 1990-1991 | 216 | 6 573 | 12 | 32 | 56 |

Bron: SADCC Annual Progress Report, 1986-92.

a) Gegewens nie beskikbaar nie.

Figuur 3.6 - Finansiering van vervoer- en kommunikasie-projekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)




Bron: Afgelei uit tabel 3.6.

Op die gebied van telekommunikasie is die infrastruktuur vir die volgende tien jaar in die afgelope dekade gevestig. Die daarstelling van direkte internasionale lyne en uitskakeling van Suid-Afrika as tussenganger vir kommunikasie in die streek, word in hierdie sektor as die belangrikste prestasie beskou (SADCC, 1991(b):2).

3.4.7.2 Projekte en finansiering

Tabel 3.6 (p.64) en figuur 3.6 (p.64) verskaf gegewens oor die finansiering van projekte in die vervoer en kommunikasie-sektor waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak kan word:

i) uit kolomme (1) en (2) van tabel 3.6 blyk dat die aantal projekte sedert 1985 ongeveer dieselfde gebly het teenoor 'n verdubbeling in verwagte totale koste sedert 1985,

ii) verdere sinvolle gevolgtrekkings uit kolomme (1) en (2) is nie moontlik nie aangesien:
- dit nie duidelik is hoeveel van die projekte in elke jaar afgehandel, onttrek, bygevoeg of na 'n volgende jaar oorgedra is nie,
- daar geen duidelikheid is oor die mate waarin die geskatte koste van projekte van een jaar na die volgende jaar oorgedra word nie,

iii) die SADCC-bydrae was nooit meer as 15 persent nie en het in 1990 'n laagtepunt van 10 persent bereik. Dit beklemtoon die gebrekkige finansiële vermoëns van die organisasie ten opsigte van projekte wat die hoogste prioriteit geniet (kyk 3.4.1),

iv) die bydrae van die buiteland het van 22 persent in 1986 tot 32 persent in 1991 toegeneem, wat 'n aanduiding is van die toenemende betrokkenheid van die buiteland in hierdie sektor. Hierdie toename kan moontlik toegeskryf word aan

die mate van sukses wat in hierdie sektor behaal is, en

v) ondanks die toenemende betrokkenheid van die buiteland was die finansieringstekort altyd meer as 55 persent. Dit beteken dat SADCC-projekte in hierdie sektor slegs 45 persent geïmplementeer kon word.

Tabel 3.7 - VERVOER EN KOMMUNIKASIE: projekte, koste en finansiering as persentasie van die totaal van alle SADCC-sektore: 1985-1991.

| | Aantal projekte % (1) | Totale koste % (2) | SADCC-fondse % (3) | Ander fondse % (4) | Fin. tekort % (5) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1985-1986 | (a) | 55.5 | 55.5 | 61.0 | 53.8 |
| 1986-1987 | 41.9 | 65.6 | 60.9 | 78.7 | 62.6 |
| 1987-1988 | 31.7 | 65.7 | 60.2 | 76.2 | 62.2 |
| 1988-1989 | 41.0 | 80.7 | 80.7 | 80.7 | 80.7 |
| 1989-1990 | 39.0 | 78.6 | 78.6 | 81.6 | 77.4 |
| 1990-1991 | 41.8 | 77.4 | 84.4 | 82.5 | 73.4 |

Bron: Bereken uit SADCC Annual Progress Report, 1986-92.

a) Gegewens nie beskikbaar nie.

### 3.4.7.3 Toenemende belangrikheid

Die vervoer en kommunikasie-sektor word verder bespreek in die lig van die toenemende belangrikheid wat hierdie sektor in die totale SADCC-funksionering speel. Met die bestudering van die verskillende groeisektore is vasgestel dat hierdie sektor sedert 1985 toenemend meer fondse van sowel SADCC as die buitelandse skenkers opgeeïs het.

Hoewel die vervoer en kommunikasie-sektor sedert 1986 volgens SADCC nie meer die grootste prioriteit van SADCC is nie (kyk 3.4.1) het die toekenning van fondse na hierdie sektor bly toeneem. In hierdie verband word verwys na die oorbeklemtoning van vervoer en kommunikasie wat nie 'n langtermyn positiewe invloed op die SADCC-lande het nie. Ondanks die prioriteit wat hierdie sektor geniet is die vervoervermoëns wat in 1975 in die streek bestaan het tans (1992) nog nie herstel nie (Leistner, 1992(e):3). Dit impliseer dat die rehabilitasie van die vervoer-infrastruktuur plaasgevind het ten koste van ander sektore (Ncube, 1991:8).

Tabel 3.7 (p.66) verskaf gegewens wat die vervoer en kommunikasie-sektor in verhouding tot die totaal van alle sektore weergee en waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak kan word:

i) kolom (1) gee die aantal projekte van die vervoer en kommunikasie-sektor as persentasie van die totale SADCC-projekte in alle sektore weer. Die aantal vervoer en kommunikasie-projekte het sedert 1986 ongeveer onveranderd op 40 persent van alle SADCC-projekte gebly, behalwe in 1988 waar dit slegs 31 persent was,

ii) in kolom (2) word die koste van die vervoer en kommuniksie-sektor as persentasie van die koste van alle SADCC-projekte uitgedruk. In 1985 was die koste van projekte in die vervoer en kommunikasie-sektor 55 persent van die totale koste van al die SADCC-projekte. Hierdie persentasie was in 1989 80 persent en in 1991 77 persent. Hieruit blyk dat die koste van projekte in hierdie sektore verreweg die grootste van al die sektore is,

iii) uit kolom (3) blyk dat die SADCC-bydrae tot die vervoer en kommunikasie-projekte in 1986 55 persent van die totale SADCC-bydrae tot alle projekte was. SADCC het

sy bydrae jaarliks vermeerder totdat hierdie sektor in 1991 byna 85 persent van alle SADCC-bydraes opgeneem het. Dit impliseer dat die ander sektore met minder SADCC-fondse moes klaarkom,

iv) uit kolom (4), wat die buitelandse bydrae tot die vervoer en kommunikasie-sektor in terme van hul totale bydrae tot SADCC-projekte weergee, blyk dat die bydrae van die buiteland tot hierdie sektor stelselmatig van 61 persent in 1985 tot 82 persent in 1990 toegeneem het. Sedert 1985 het die buiteland dus stelselmatig hul bydrae aan hierdie sektor met 20 persent van hul totale bydraes aan SADCC-projekte verhoog, en

v) Kolom (5) druk die finansieringstekort van die vervoer en kommuniksie-sektor uit as persentasie van die totale finansieringstekort van alle groeisektore van SADCC. Hier het ook 'n geleidelike toename van 53 persent in 1985 tot 73 persent in 1990 plaasgevind. Dit beteken dat die finansieringstekort van hierdie sektor as deel van alle sektore sedert 1985 met 20 persent toegeneem het.

In die lig van bogenoemde gevolgtrekkings is dit duidelik dat die vervoer en kommuniksie-sektor die grootste gedeelte van die beskikbare fondse (SADCC en buitelands) gebruik het.

### 3.4.8 MANNEKRAG

#### 3.4.8.1 Algemeen

SADCC erken dat self-geïnisieerde groei slegs deur middel van opleiding verkry kan word (Anon, 1991:6). Net Zimbabwe het 'n opleidingsprogram wat aan die land se behoeftes voldoen. Hoewel Botswana 'n gesonde ekonomie het, plaas die gebrek aan kundige mannekrag en 'n gebrekkige opleidingsprogram beperkings op ekonomiese groei.


Tabel 3.8 - MANNEKRAG: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en finansiering uitgedruk as persentasie van geskatte koste).

| | Aantal projekte (1) | Totale koste (mn $) (2) | SADCC-fondse % (3) | Ander fondse % (4) | Fin. tekort % (5) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1985-1986 | (a) | 34 | <1 | 20 | 79 |
| 1986-1987 | 38 | 60 | <1 | 14 | 85 |
| 1987-1988 | 32 | 37 | <1 | 23 | 76 |
| 1988-1989 | 29 | 26 | <1 | 35 | 64 |
| 1989-1990 | 34 | 20 | <1 | 50 | 49 |
| 1990-1991 | 40 | 52 | <1 | 64 | 35 |

Bron: SADCC Annual Progress Report, 1986-92.

a) Gegewens nie beskikbaar nie.

Figuur 3.7 - Finansiering van mannekragprojekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)




Bron: Afgelei uit tabel 3.8.

Swaziland, wat verantwoordelik is vir mannekragontwikkeling binne SADCC (kyk 2.4.2.1), maak uitsluitlik gebruik van buitelandse mannekrag. Die toestand in die ander SADCC-lande is nie beter nie (Anon, 1991(g):6).

Swak werksomstandighede, lae vergoeding en onderdrukkende politieke stelsels het 'n uitvloei van kundige mannekrag uit die SADCC-lande tot gevolg. Die werksgeleenthede wat so ontstaan word meestal deur buitelanders gevul. Dit beperk die ontwikkeling van plaaslike kundiges verder (Ncube, 1991:10).

By SADCC bestaan die oortuiging dat kundiges of potensiële kundiges wel plaaslik beskikbaar is. Hierdie kundiges kan die gaping wat deur die uivloei van kundigheid veroorsaak is, vul. Al vereiste wat geld, is dat hierdie mannekrag in hul eie omgewing aangewend word om sodoende verder te kan ontwikkel (Ncube, 1991:10).

3.4.8.2 Projekte en finansiering

Tabel 3.8 (p.69) en figuur 3.7 (p.69) verskaf verdere gegewens met betrekking tot die mannekrag sektor waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

i) uit kolomme (1) en (2) van tabel 3.8 kan nie betekenisvolle gevolgtrekkings gemaak word nie, aangesien:
- dit nie duidelik is hoeveel van die projekte in elke jaar afgehandel, onttrek, bygevoeg of na 'n volgende jaar oorgedra is nie,
- daar geen duidelikheid is oor die mate waarin die geskatte koste van projekte van een jaar na die volgende jaar oorgedra word nie,

ii) die SADCC-bydrae was nooit meer as 1 persent van die totale koste nie, wat 'n duidelike aanwysing is dat SADCC geensins poog of in staat is om hierdie sektor self

suksesvol te bedryf nie, en

iii) die bydrae van die buiteland het sedert 1986 verdriedubbel, wat veroorsaak het dat die finansieringstekort van byna 80 persent in 1986 na 36 persent in 1991 afgeneem het.

### 3.4.9 FINANSIERING

#### 3.4.9.1 Algemeen

Ongeveer 500 projekte is gedurende die eerste tien bestaansjare van SADCC geïnisieer. Die meeste van hierdie projekte is deur skenkers gefinansier. Dit het aanleiding gegee tot onaanvaarbare skuldvlakke en 'n hoë mate van afhanklikheid van buitelandse hulp (Ncube, 1991:8).

SADCC besef dat die afhanklikheid van buitelandse hulp vir die suksesvolle funksionering van die organisasie 'n nadelige toestand is. Vir die suksesvolle ekonomiese ontwikkeling op die lang termyn moet van hierdie afhanklikheid wegbeweeg word.

Investering in produksie moet nie van skenkings afhanklik wees nie. Die betrokkenheid van plaaslike instellings om koste en risiko te deel, is noodsaaklik om langtermynontwikkeling te verseker. Om ondernemings te oortuig om te investeer, moet die risiko van investerings en opbrengskoerse binne SADCC aangespreek word (Ncube, 1991:9).

#### 3.4.9.2 Projekte en finansiering

Tabel 3.9 (p.73) verskaf gegewens oor die totale projekte en finansiering daarvan. Tabel 3.9 toon tesame met figuur 3.8 (p.74), die werklike koste en finansieringswaardes, en tesame met figuur 3.9 (p.74), die persentasie van die totale koste.

Uit die gegewens wat in tabel 3.9, figure 3.8 en 3.9 verskaf word, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

i) uit kolom (1) van tabel 3.9 kan nie betekenisvolle gevolgtrekkings gemaak word nie, aangesien dit nie duidelik is hoeveel van die projekte in elke jaar afgehandel, onttrek, bygevoeg of na 'n volgende jaar oorgedra is nie,

ii) die totale koste oor die tydperk 1986-1991 het met meer as 3 000 miljoen VSA dollar toegeneem. Daar is egter geen duidelikheid oor die mate waarin die koste van projekte van een jaar na die volgende jaar oorgedra word nie,

iii) die SADCC-bydrae tot alle projekte het van slegs 14 persent van die totale koste in 1986 na 11 persent in 1991 afgeneem. In finansiële terme het die SADCC-bydrae toegeneem met 23,9 persent (180 miljoen VSA $) oor hierdie tydperk,

iv) die buitelandse bydrae tot die totale koste het stelselmatig toegeneem van 20 persent in 1986 tot 30 persent in 1991. Die finansiële bydrae van buitelandse skenkers het egter oor hierdie tydperk meer as verdubbel (van 1 078 miljoen VSA $ in 1986 na 2 549 miljoen VSA $ in 1991). Dit is 'n aanduiding van die toenemende betrokkenheid van die buiteland in vergelyking met die SADCC-lande se eie bydrae, en

v) die finansieringstekort het afgeneem van 66 persent in 1985 na net onder 60 persent in 1990. In finansiële terme is daar egter 'n toename van byna 41 persent of 1 455 miljoen VSA $ in die tekort. Die finansieringstekort in finansiële terme bly toeneem wat daarop dui dat SADCC al minder van hul projekte kan voltooi.

Bogenoemde gevolgtrekkings impliseer dat SADCC 'n toenemende afhanklikheid ten opsigte van die finansiering

van projekte ontwikkel het. Dit blyk verder dat suksesvolle voltooiing van projekte onmoontlik is sonder die bydraes van skenkerlande. Laastens beteken dit dat meer as die helfte van die SADCC-projekte oor die afgelope ses jaar, en tans, nie oorweeg kan word vir implementering of voltooiing nie as gevolg van 'n gebrek aan fondse.

Die onvermoë van SADCC om die finansieringstekort te verminder dui op die onsuksesvolle generering van fondse in verhouding tot die projekte wat deur SADCC beplan word. Gelukkig het die organisasie 'n goeie verhouding met die EG om sodoende die belangrikste projekte aan die gang te hou (Scott, 1987:9). Die EG-betrokkenheid by SADCC-lande,

Tabel 3.9 - TOTAAL VAN ALLE SEKTORE: projekte, koste en finansiering: 1985-1991 (koste uitgedruk in miljoen VSA $ en as persentasie van geskatte koste).

| | Aantal Projekte | Totale koste | SADCC-fondse | | Ander fondse | | Finans. tekort | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | (mn $) | % | mn$) | % | (mn $) | % | (mn $) |
| | (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | (6) | (7) | (8) |
| 1985-86 | (a) | 5 391 | 14 | 755 | 20 | 1 078 | 66 | 3 558 |
| 1986-87 | 493 | 6 401 | 14 | 896 | 20 | 1 280 | 66 | 4 225 |
| 1987-88 | 571 | 7 183 | 12 | 862 | 25 | 1 796 | 63 | 4 525 |
| 1988-89 | 490 | 6 313 | 11 | 694 | 30 | 1 894 | 59 | 3 725 |
| 1989-90 | 558 | 8 245 | 10 | 824 | 26 | 2 144 | 64 | 5 277 |
| 1990-91 | 516 | 8 497 | 11 | 935 | 30 | 2 549 | 59 | 5 013 |
| Persentasie verandering 1986-1991(c) | | 57.6 | (b) | 23.9 | (b) | 136.5 | (b) | 40.9 |


Bron: Bereken uit SADCC Annual Progress Report, 1986 - 1992

a) Gegewens nie beskikbaar nie.

b) Berekening nie van toepassing nie.


c) 1985-86 as basisjaar.

Figuur 3.8 - Finansiering van alle SADCC-projekte: 1985-1991. (Uitgedruk in finansiële waarde)




Bron: Afgelei uit tabel 3.9.

Figuur 3.9 - Finansiering van alle SADCC-projekte: 1985-1991. (Uitgedruk as persentasie van totale koste)




Bron: Afgelei uit tabel 3.9.

veral ten opsigte van finansiering, strek al van voor die stigting van die organisasie (kyk 3.3.4.3).

Die beperkte suksesse in terme van bogenoemde sektore kan tot 'n mate aan probleme wat SADCC-lidlande ervaar, toegeskryf word.

## 3.5 ONDERLIGGENDE PROBLEME

Die grootste oorsake van die beperkte suksesse van die ekonomieë van SADCC-lidlande, lê verskuil in die basiese ekonomiese probleme wat deur hierdie lande ondervind word. Hierdie probleme kom sowel op internasionale as plaaslike gebied voor en word vervolgens bespreek.

### 3.5.1 INTERNASIONALE PROBLEME

'n Groot probleem vir die SADCC-lande is die ongunstige wêreldpryse vir hul produkte (kyk 2.6.2.1) (Nyika, 1990:579). Hierdie ongunstige pryse gee aanleiding tot betalingsbalansprobleme wat deur die jare heen tot 'n totale buitelandse skuld van meer as 16 miljard dollar vir die streek gelei het (Anon, 1990(a):10).

Die gebruik van proteksionisme vir landbouprodukte in internasionale markte is ook 'n belemmerende faktor op die SADCC-ekonomieë (Anon, 1990(a):10). Die owerheidsbeleid in die meeste SADCC-lande, naamlik om die funksionering van hul nasionale ekonomieë te beheer, ontmoedig buitelandse investering wat vir groei en ontwikkeling noodsaaklik is (Anon, 1990(d):15).

### 3.5.2 PLAASLIKE PROBLEME

Plaaslike probleme bestaan onder meer uit die gebruik van 'n ontoepaslike makro-ekonomiese beleid, mannekragtekorte en bestuurswakhede. Die gebrek aan ondernemerskap word

vererger deur die staatsbeheer van nasionale ekonomieë in die meeste SADCC-lande. Hierdie beheer gee in die SADCC-lande aanleiding tot lae opbrengskoerse op kapitaal en lae vergoeding vir ondernemerskap (Anon, 1990(d):15).

Die swak ekonomiese omstandighede wat hieruit voortvloei gee aanleiding tot die uitvloei van kundige mannekrag uit SADCC-lande (kyk 3.4.8.1). Die heersende sosiale omstandighede, swak diensvoorwaardes en beperkte vryhede dra verder by tot hierdie uitvloei (Anon, 1990(d):15).

Verdere probleme wat ondervind word is die hoë bevolkingsgroei, onvoorspelbare voedselproduksie (Anon, 1990(a):10), die gebrek aan plaaslik gegenereerde investeebare surplusse, 'n te groot afhanklikheid van skenkers en beperkte tegniese en administratiewe vermoëns (Haarlov, 1988:15).

Daar word verder ook probleme met die bepaling van prioriteite van projekte en die toekenning van fondse in die verskillende groeisektore ondervind (Haarlov, 1988:15) (kyk 3.4.1 en 3.4.7.3).

Probleme ontstaan ook uit die verskille tussen die lidlande (kyk 2.6.2). Uit die konflikgebiede van die SADCC-lidlande (kyk 2.6.3) is dit duidelik dat die afhanklikheid van Suid-Afrika 'n aansienlike probleem vir die SADCC-lidlande is. Die afhanklikheid word vervolgens bespreek.

## 3.6 DIE AFHANKLIKHEID VAN SUID-AFRIKA

In terme van die eerste stigtingdoelstelling van die organisasie, naamlik om ekonomiese afhanklikheid te verminder, en meer spesifiek die afhanklikheid van Suid-Afrika (kyk 2.5.1), is dit belangrik dat hierdie afhanklikheid afsonderlik geëvalueer word.

Die afhanklikheid van Suid-Afrika sedert die koloniale

tydperk is 'n toestand wat vir die SADCC-lande onbevredigend is. Die verwysing daarna in die stigtingsdoelstelling is 'n aanduiding van die erns waarmee die lidlande die probleem benader. Daar bestaan egter verskeie gebiede waar SADCC-lande van Suid-Afrika afhanklik is.

Hierdie gebiede word vervolgens kortliks bespreek. Die interafhanklikheid tussen SADCC-lande en Suid-Afrika word ook uitgelig.

### 3.6.1 VERVOER

Die gebied waar die SADCC-lande die meeste van Suid-Afrika afhanklik is, is vervoer. Dit is egter 'n kunsmatige afhanklikheid (Maasdorp, 1988:75). Die rede daarvoor is dat die Suid-Afrikaanse hawens nie die natuurlike en tradisionele verskepingsplekke van landomringde lande noord van die Limpopo is nie. Die SADCC-program vir vervoer behels 'n herstel van koloniale vervoerpatrone. Ondanks hierdie program gebruik alle SADCC-lande, uitgesonderd Tanzanië en Angola, Suid-Afrikaanse vervoer vir hul invoer en uitvoer (Hardy, 1987:45).

Die spoor- en hawe-administreerders van Suid-Afrika behartig die vervoer van goedere vir buurlande en die instandhouding van hul toerusting. Die Suid-Afrikaanse Lugdiens is op 'n soortgelyke wyse behulpsaam met die onderhoud, herstel en instandhouding van toerusting van die meeste lugrederye in die streek (Leistner, 1991(c):493).

### 3.6.2 HANDEL

Die grootste enkele tekortkoming vir SADCC in terme van sy eerste doelstelling (kyk 2.5.1), is die toename in handelsbande met Suid-Afrika. Slegs twee lande het in 1989 minder ingevoer uit Suid-Afrika as in 1985 (kyk figuur 3.11).

Die afhanklikheid van Suid-Afrika word ook in handelsooreenkomste tussen individuele SADCC-lande en Suid-Afrika weerspieël. Afgesien van die Suid-Afrikaanse Doeane-Unie (SADU) (waarby Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland betrokke is)(kyk 5.2.3) het Zimbabwe 'n voorkeurhandelsooreenkoms met Suid-Afrika sedert 1964 wat, ondanks planne om dit in 1982 te beëindig, nog steeds bestaan (Anon, 1990(e):5). Suid-Afrika het ook handelsmissies in alle SADCC-lande behalwe in Tanzanië (Leistner, 1992(b):177).

Tabel 3.10 - In- en uitvoer tussen SADCC-lande(a) en Suid-Afrika: 1985 en 1989 (uitgedruk as persentasie van totale in- en uitvoer).

| SADCC-land | Invoer vanaf Suid-Afrika (%) | | Uitvoer na Suid-Afrika (%) | |
|---|---|---|---|---|
| | 1985 | 1989 | 1985 | 1989 |
| Lesotho | 95 | (b) | 87 | 54 |
| Swaziland | 81 | 74 | 30 | 54 |
| Botswana | 74 | 79 | 6 | 3 |
| Namibië | 94 | 94 | 25 | 25 |
| Malawi | 39 | 30 | (c) | (c) |
| Zimbabwe | 19 | 19 | 11 | 10 |
| Mosambiek | 12 | 14 | (c) | (c) |
| Zambië | 20 | 20 | (c) | (c) |


Bron: Aangepas uit Africa at a glance: 1992:91-93.

a) Angola en Tanzanië het geen noemenswaardige handelsbande met Suid-Afrika nie en is dus nie by tabel 3.10 ingesluit nie.

b) Gegewens nie beskikbaar nie.


c) Suid-Afrika is nie onder die drie belangrikste handelsvennote van die land nie.

Figuur 3.10 - Invoer vanaf Suid-Afrika: 1985 en 1989. (Uitgedruk as persentasie van totale invoer)




Bron: Afgelei uit tabel 3.10.

Figuur 3.11 - Uitvoer na Suid-Afrika: 1985 en 1989. (Uitgedruk as persentasie van totale uitvoer)




Bron: Afgelei uit tabel 3.10.

Suid-Afrika handhaaf 'n gunstige handelsbalans met die SADCC-groep (Hardy, 1987:41). Die in- en uivoer tussen SADCC-lande en Suid-Afrika as persentasies van die SADCC-lande se totale in- en uitvoer word in tabel 3.10 (p.78) en figure 3.10 (p.79) en 3.11 (p.79) respektiewelik weergegee, waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak kan word:

i) Veral Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland (BLNS-lande) is van handel met Suid-Afrika afhanklik. Invoer vanaf Suid-Afrika beloop vir Botswana en Swaziland meer as 74 persent vir sowel 1985 as 1989, en vir Lesotho en Namibië byna 95 persent. Vir die ander SADCC-lande is Suid-Afrika betekenisvol as invoer-handelsvennoot. In 1985 en 1989 was Suid-Afrika onder die drie belangrikste handelsvennote vir invoer vir agt van die tien SADCC-lande, en

ii) Uitvoer na Suid-Afrika was vir Lesotho en Swaziland in 1989 meer as 50 persent van hul totale uitvoer. Wat uitvoer betref was Suid-Afrika onder die drie belangrikste handelsvennote vir vyf van die tien SADCC-lande in 1985 en 1989.

### 3.6.3 ARBEID

Daar is sewe SADCC-lande (Botswana, Lesotho, Namibië, Swaziland, Mosambiek, Malawi en Zimbabwe) wat migrasie-arbeid in Suid-Afrika het. Almal, behalwe Zimbabwe, het amptelike arbeidsooreenkomste om die migrasie te beheer (Leistner, 1992(b):177). Zimbabwe het saam met Zambië die "Southern African Labour Commision" (SALC) gestig om die beleid oor die verskaffing van migrasie-arbeid aan Suid-Afrika te harmoniseer en te koördineer (Maasdorp, 1988:75).

Lesotho is besonder afhanklik van werksgeleenthede in Suid-Afrika. Vir Malawi en Mosambiek het die afhanklikheid

verminder met 'n afname in migrasie, maar tog aansienlik gebly. Botswana en Swaziland vind Suid-Afrikaanse werksgeleenthede voordelig aangesien buitelandse valuta daarmee verdien word (Leistner, 1988:119).

### 3.6.4 INVESTERING EN HULP

Die afgelope jare het Suid-Afrika investering in ontwikkelingsprojekte en hulpverlening in alle SADCC-lande behalwe Tanzanië onderneem (Leistner, 1991(a):vi).

As gevolg van hierdie investering het Suid-Afrika in 1988 'n groot rol in die ekonomieë van Lesotho en Botswana gespeel. Suid-Afrika het die vervaardigingsektor en mynwese in Swaziland grotendeels bestuur, 25 persent van al Zimbabwe se maatskappye besit, vragvervoer en versekering in Malawi oorheers, skeepvaart in Mosambiek beheer en diamante in Angola ontgin (Anon, 1988(b):27). Die situasie het sedertdien nie verander nie (Leistner, 1991(d):11).

Hulp is in die vorm van finansiële bystand, lenings, verskaffing van mannekrag en tegniese bystand aan al die verskillende SADCC-lande verskaf (Leistner, 1991(a):vi).

### 3.6.5 ENERGIE

In energie-verbruik het die meeste SADCC-lande 'n verbintenis met Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse verskaffer van elektrisiteit, ESKOM, wil sy verbintenis met Suider-Afrika uitbrei en werk aktief aan 'n streeksenergie-raamwerk wat tot in Zaïre en Angola sal strek (Morna, 1990(a):17).

Tabel 3.11 (p.82) verskaf gegewens oor die energieverskaffing van Suid-Afrika aan die SADCC-lande, waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak kan word:

i) Suid-Afrika verskaf energie aan ses van die tien

SADCC-lande (wat almal aan Suid-Afrika grens), en

ii) die energieverbruik vanaf Suid-Afrika het van 1980 na 1985 byna verdubbel, en van 1980 na 1990 meer as verdriedubbel.

Tabel 3.11 - Energieverskaffing van Suid-Afrika aan SADCC-lande: 1980, 1985 en 1990 (uitgedruk in miljoen Kilowatt-uur).

| | 1980 | 1985 | 1990 |
|---|---|---|---|
| Botswana | 0 | 222,4 | 84,2 |
| Mosambiek | 24,9 | 227,8 | 321,6 |
| Lesotho | 100,2 | 123,7 | 192,3 |
| Swaziland | 200,4 | 227,2 | 409.5 |
| Namibië | 193,2 | 223,8 | 586,3 |
| Zimbabwe | 10,4 | 11,5 | 13,2 |
| Totaal | 529,1 | 1 036,4 | 1 607,1 |

Bron:Eskom Annual Report: 1990

3.6.6 GEVOLGTREKKINGS

Die SADCC-lande kon hul totale afhanklikheid van die vervoerkanale van Suid-Afrika tot 'n beperkte mate verminder. Hulle is egter nog steeds van Suid-Afrika afhanklik vir die instandhouding van hul fasiliteite

Die afhanklikheid van migrasie-arbeid het vir die meeste SADCC-lande afgeneem hoewel die inkomste aan buitelandse valuta belangrik bly. Investering en hulpverlening van Suid-Afrika verskaf aan dié land 'n mate van beheer in die streek. Die toename in energieverbruik van die SADCC-buurlande vanaf Suid-Afrika dui ook op 'n verhoogde

afhanklikheid.

Tabel 3.12 - Verbintenisse van SADCC-lande(a) met Suid-Afrika: 1988 (Uitgedruk in terme van totale waardes vir die betrokke lande).

| | Vervoer via SA | Invoer van SA | Uitvoer na SA | Arbeid na SA | Investering deur SA | Energie van SA |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (kyk) | (3.6.1) | (3.6.1) | (3.6.2) | (3.6.3) | (3.6.4) | (3.6.5) |
| Lesotho | K | K | (b) | K | R | K |
| Swaziland | A | K | A | B | R | K |
| Botswana | K | K | B | R | A | G |
| Malawi | B | A | B | B | G | A |
| Zimbabwe | B | R | B | G | R | G |
| Mosambiek | G | B | G | B | G | B |
| Zambië | G | B | G | G | B | G |

**K:** Kritieke verbintenis (meer as 50 %)
**A:** Afhanklikheidsverbintenis (tussen 25 % en 50 %)
**R:** Redelike verbintenis (tussen 15 % en 25 %)
**B:** Beperkte verbintenis (tussen 5 % en 15 %)
**G:** Geen noemenswaardige verbintenis (tussen 0 % en 5 %)

Bron: Aangepas uit Hanlon, 1989, p.31
a) Angola en Tanzanië het geen noemenswaardige verbintenisse met Suid-Afrika en Namibië was nog nie lid van SADCC nie.
b) gegewens nie beskikbaar nie.

Tabel 3.12 verskaf gegewens oor die mate van verbintenisse wat bestaan tussen sekere SADCC-lande en Suid-Afrika, waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak kan word:

i) Lesotho het op byna alle terreine 'n kwesbare ver

bintenis met Suid-Afrika. Dit impliseer dat Lesotho uiters afhanklik is van Suid-Afrika,

ii) Swaziland en Botswana het 'n aantal belangrike verbintenisse met Suid-Afrika, maar is nie ten volle kwesbaar nie,

iii) Malawi en Zimbabwe handhaaf beperkte verbintenisse met Suid-Afrika en 'n beëindiging daarvan sal minder ernstige gevolge vir die lande hê, en

iv) Mosambiek en Zambië se verbintenisse is byna betekenisloos, wat die lande onafhanklik van Suid-Afrika laat funksioneer.

Daar bestaan egter ook 'n interafhanklikheid tussen Suid-Afrika en SADCC-lidlande, wat vervolgens bespreek word.

### 3.6.7 INTERAFHANKLIKHEID

Die afhanklikheid van SADCC-lidlande word na 'n ondersoek van die ekonomiese verbintenisse met Suid-Afrika deur Maasdorp (1980:9) as interafhanklikheid herdoop. Veral bilaterale projekte in die streek getuig van interafhanklikheid.

Die Cahora-Bassa projek in Mosambiek het die potensiaal om tot 1 400 Megawatt van die noodsaaklike energie aan Suid-Afrika te verskaf. Die Lesotho-Hoogland waterskema is 'n projek wat vir die volgende vyftig jaar of langer genoeg water vir die Suid-Afrikaanse nywerhede kan verskaf. Die Sua Pan soda-as- en sout-projek in Botswana kan ten volle die Suid-Afrikaanse behoefte aan hierdie produkte bevredig en sodoende Suid-Afrika onafhanklik maak van invoer van hierdie produkte van buite die streek (Leistner, 1991(c):494).

Interaksie tussen Suid-Afrika en die res van die streek vind ook plaas op gebied van landbou (veral via die Veeartseny Navorsingsinstituut in Onderstepoort), mynwese, konstruksie (via die Wêreldbank), gesondheid, opleiding, tegnologie, handel en investering (Schoeman, 1991:29).

Verdere samewerkingsverbintenisse bestaan in die vorm van die "Southern African Regional Tourism Council" (SARTOC) en die "Southern African Council for the Conservation and Utilisation of the Soil" (SARCCUS). In SARTOC werk Suid-Afrika, Lesotho, Malawi en Swaziland saam om toerisme te bevorder. Die SARCCUS-ooreenkoms verbind Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek en Swaziland in die strewe na grondbewaring (Leistner, 1992(b):176).

Daar bestaan moontlikhede vir toenemende interafhanklikheid en verdere noue ekonomiese samewerking tussen die SADCC-lande en Suid-Afrika. Veranderinge in die negentigerjare, wêreldwyd en in die Suider-Afrika streek, skep 'n gunstige klimaat vir toekomstige samewerking in die Suider-Afrika streek.

## 3.7 SAMEVATTING

Daar bestaan uiteenlopende standpunte wanneer die vordering van SADCC oor die algemeen beskou word, Hierdie standpunte wissel van die onmisbaarheid van SADCC vir ontwikkeling tot die argument dat SADCC geen invloed op ontwikkeling in die streek gehad het nie.

In terme van die stigtingsdoelstellings van SADCC word in die tweede plek teenstrydige resultate oor die vordering verkry. Afhanklikheid van Suid-Afrika het slegs verminder op die gebied van vervoer en kommunikasie. Hierdie afhanklikheid is met 'n afhanklikheid van buitelandse finansiering vir die funksionering van die organisasie vervang. Dit is ook 'n gevolg van die mate van sukses wat

met die versekering van internasionale samewerking verkry is. Met die ander doelstellings is beperkte suksesse behaal.

Ten derde is met die ondersoek na die vordering van die groeisektore van SADCC vasgestel dat net die vervoer en telekommunikasie-sektor suksesse behaal het. Die waarde van hierdie suksesse word egter bevraagteken in die lig van verwikkelinge wat sedert 1990 in Suid-Afrika plaasvind asook die toenemende deel van die totale fondse wat aan die sektor toegeken is (kyk 3.4.7.3). Verder is vasgestel dat alle groeisektore van buitelandse fondse vir die sukses-volle implementering van projekte afhanklik is. Die gemiddelde finansieringstekort van alle sektore was sedert 1986 ongeveer 60 persent (kyk 3.4.9.2). Dit beteken dat gemiddeld slegs 40 persent van die SADCC-projekte voltooi kon word.

Vierdens kan die beperkte prestasies van SADCC die resultaat wees van die probleme wat die lande internasionaal en plaaslik ondervind. Hoewel Suid-Afrika in die verlede 'n oorsaak van probleme vir die SADCC-lande was, blyk dit ten slotte dat die voormalige afhanklikheid van Suid-Afrika eerder as interafhanklikheid gesien moet word. In die lig van hierdie interafhanklikheid word die invloed van veranderinge in Suid-Afrika en die reaksie van SADCC in hoofstuk vier bespreek.

# HOOFSTUK 4

# DIE STIGTING VAN SADC AS REAKSIE OP VERANDERENDE OMSTANDIGHEDE

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die stigting van SADC as reaksie van SADCC op verskeie veranderinge uiteengesit. Veranderende omstandighede buite Suider-Afrika, in SADCC-lande en veral in Suid-Afrika het direkte implikasies vir samewerking in die streek en word eerstens bespreek. In die tweede deel word die reaksie van SADCC op die veranderinge bespreek met spesifieke verwysing na die herwaardering van die organisasie. Die stigting van SADC kom derdens onder die soeklig.

## 4.2 VERANDERENDE OMSTANDIGHEDE

Sedert die laat tagtigerjare het ingrypende veranderinge buite Suider-Afrika, in SADCC-lande en in Suid-Afrika plaasgevind. Hierdie veranderinge word, saam met hul direkte implikasies op samewerking in die Suider-Afrika streek, vervolgens bespreek.

### 4.2.1 OMSTANDIGHEDE BUITE SUIDER-AFRIKA

#### 4.2.1.1 Veranderinge

Die beëindiging van die koue oorlog tussen die Ooste en die Weste in die laat tagtigerjare het 'n klimaat van vrede en versoening oor die hele wêreld geskep. Die val van die kommunisme as 'n owerheidstelsel het 'n internasionale klemverskuiwing na demokrasie en vryemarkte laat plaasvind. Hierdie veranderinge het Oos-Europa as 'n nuwe ontwikkelingsgebied daargestel (Breytenbach, 1991:45).

Die beoogde vestiging van handelsblokke tussen die Verenigde State van Amerika en Kanada, die lidlande van die

Europese Gemeenskap en die sogenaamde "Pacific rim", stel 'n nuwe era van wêreldwye blokvorming bekend (Leistner, 1992(c):1). Dié veranderinge het op alle kontinente 'n invloed uitgeoefen. Veral die Suider-Afrika streek is baie beïnvloed deur die veranderinge in die wêreldgemeenskap en -ekonomie (Du Pisani, 1992:20).

#### 4.2.1.2 Implikasies van die veranderinge

Wêreldwye veranderinge het 'n invloed op die beskikbaarheid van fondse in die Suider-Afrika streek en spesifiek in SADCC. Daar kan verskeie veranderinge uitgesonder word wat die beskikbaarheid van fondse direk beïnvloed (Kongwa, 1990(a):4 en Arnold, 1990(a):21), naamlik:

i) Die daarstelling van 'n Europese mark in 1992 kan moontlik beteken dat voordele en hulp wat onder die Lomé-konvensies beding is, kan wegval (kyk 3.3.4.3), en

ii) die verval van kommunisme en die ontwikkelinge in Oos-Europa skep 'n nuwe vraag na hulp en investering. Westerse hulp en investering sal waarskynlik (soos reeds deur Swede en Italië aangekondig) ten koste van Afrika-lande na hierdie gebied herlei word. Die Suider-Afrika streek sal dan vir sy kapitaalbehoefte op homself aangewys wees.

Die implikasies van die veranderinge wat buite Suider-Afrika plaasgevind het, het 'n verandering van omstandighede in SADCC-lande bewerkstellig. Hierdie omstandighede word vervolgens bespreek.

### 4.2.2 OMSTANDIGHEDE IN SADCC-LANDE

#### 4.2.2.1 Veranderinge

Die SADCC-lande is in 'n hervormingsproses as nasleep van

die wêreldwye veranderinge. Hierdie hervorming vind plaas deur middel van markvorming, demokratisering en demilitarisering van die lande (Breytenbach, 1991:45).

Dit het daartoe gelei dat lande soos Angola, Mosambiek en Tanzanië van radikale polities-ekonomiese stelsels in 1988 na meer gematigde stelsels in 1990 beweeg het (kyk 2.6.2.2 en tabel 2.1) (Breytenbach, 1991:45). Daar is 'n toenemende erkenning deur lande in die streek dat beleidshervorming 'n groot rol speel in die strewe na ekonomiese groei (Arnold, 1990(b):5).

Die onafhanklikheid van Namibië tel onder die belangrikste veranderinge van die omstandighede van die SADCC-lande. Hierdie veranderinge het ook implikasies vir samewerking in die streek.

4.2.2.2 Implikasies van die veranderinge

Die onafhanklike Namibië sal waarskynlik fondse verkry wat voorheen aan die ander SADCC-lande toegeken is (Arnold, 1990(a):21). Dit beteken dat minder fondse vir ander SADCC-lidlande beskikbaar sal wees.

Die hervorming in SADCC-lande het 'n belangrike en geskiedkundige konferensie, wat onlangs gehou is, moontlik gemaak. By dié konferensie in Maart 1991 in Swaziland het verteenwoordigers van SADCC, die PTA en Europese lande met Suid-Afrikaanse sakelui vergader om 'n moontlike Sub-Sahara-voorkeurhandelsgebied te bespreek. Dié geleentheid was die eerste keer dat hierdie partye gesamentlik aan 'n georganiseerde konferensie deelgeneem het (Van Huyssteen, 1991:99 en Cohen 1991:3).

Die veranderinge wat die grootste uitwerking op die toekoms van die Suider-Afrika streek het, is die veranderinge wat sedert 1990 die omstandighede in Suid-Afrika beïnvloed

het. Dié omstandighede word vervolgens bespreek.

### 4.2.3 OMSTANDIGHEDE IN SUID-AFRIKA

#### 4.2.3.1 Veranderinge

Die veranderinge in Suid-Afrika is van so 'n aard dat die term "nuwe Suid-Afrika", tans (1992) algemeen gebruik word. Hierdie term is hoofsaaklik afgelei van die nuwe politieke benadering wat Suid-Afrika volg en wat vervolgens aandag geniet.

##### 4.2.3.1.1 'n Nuwe politieke benadering

Die bereidwilligheid van Suid-Afrika om die New York-ooreenkoms in 1988 te onderteken, word as die begin van 'n nuwe politieke benadering in dié land vertolk. Hierdie ooreenkoms het die onafhanklikheid van Namibië moontlik gemaak en deur sy deelname het Suid-Afrika hom verbind tot 'n vreedsame oplossing in die destydse Suidwes-Afrika (Zacarias, 1991:3).

Die verwysing na 'n "nuwe Suid-Afrika" het in Februarie 1990 ontstaan toe President F.W. De Klerk die ANC leier, Mnr. Nelson Mandela na 27 jaar van aanhouding vrygelaat het. Saam met hierdie optrede is organisasies ontban en is die ANC van 'n terroriste-beweging in 'n onderhandelings-vennoot omskep (Davies, 1991:235).

Die verandering in politieke denke in Suid-Afrika is met die openingsrede van die Suid-Afrikaanse parlement in 1991 bevestig. Konkrete stappe vir die demokratisering van Suid-Afrika is in die vooruitsig gestel. Die uitfasering van apartheid, deur middel van die afskaffing van sogenaamde apartheidswetgewing gedurende die 1991 parlementêre jaar, is as eerste stap aangekondig. In hierdie parlementsrede het President F.W. De Klerk ook die

aanvang van onderhandelinge aangekondig (Mandaza, 1991(b):6).

Die politieke hervorming van President F.W. De Klerk is so ingrypend dat dit die hele politieke struktuur in Suider-Afrika beïnvloed. As gevolg van die hervorming verminder die radikale weerstand van die ANC en die PAC (Breytenbach, 1991:45) en is die weg gebaan vir onderhandelinge in Suid-Afrika.

4.2.3.1.2 Die onderhandelingsproses

Die Konferensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA) is 'n aanvaarbare onderhandelingsforum vir die meeste politieke partye in Suid-Afrika. Die onderhandelingsproses tussen die Suid-Afrikaanse regering en belanghebbende partye verloop egter ongelyk. Na afhandeling van die tweede KODESA-konferensie in Mei 1992, is dit duidelik dat onvoorspelbare struikelblokke dié proses gaan bemoeilik. Die rol wat Suid-Afrika in die toekoms in die streek sal speel is hoofsaaklik afhanklik van die uitkoms van onderhandelinge (kyk 5.4).

Volgehoue geweld het daartoe aanleiding gegee dat die ANC homself in Junie 1992 uit die KODESA-onderhandelinge onttrek het. Die organisasie het struikelblokke geïdentifiseer wat deur die Suid-Afrikaanse regering uit die weg geruim moet word voordat hulle na die onderhandelingstafel sal terugkeer. In September 1992 het die regering hierdie struikelblokke grootliks opgelos, en het die ANC weer tot die onderhandelingsproses toegetree. In dieselfde tydperk het leiers van ander partye (die Inkatha Vryheidsparty en Bophuthatswana- en Ciskei-regerings) hul onttrek aan onderhandelinge as reaksie op die bilaterale ooreenkomste wat tussen die ANC en die Suid-Afrikaanse regering bereik is.

Dit is duidelik dat die onderhandelingsproses in Suid-Afrika nog verskeie onvoorspelbare struikelblokke sal moet oorkom. Die proses om die struikelblokke uit die weg te ruim is 'n tydsame proses wat die langverwagte demokratisering van Suid-Afrika vertraag.

4.2.3.1.3 Die moontlike invloed van die demokratisering op die ekonomie van Suid-Afrika

Die uiteindelike daarstelling van 'n na-apartheid demokratiese Suid-Afrika kan op verskillende wyses bereik word. Die wyses waarop demokratisering uitgevoer word, sal ook die uiteindelike ekonomiese sterkte van die land bepaal.

Die verskillende moontlikhede van demokratisering en die invloed daarvan op die ekonomie kan soos volg saamgevat word (Van Der Kooy, 1991:139):

i) onderhandelinge is onsuksesvol en 'n rewolusie vind plaas. In hierdie geval sal die Suid-Afrikaanse ekonomie meeste van sy krag verloor en op diesefde vlak wees as alle ander lande in die streek,

ii) onderhandelinge is suksesvol en die oorgang na die nuwe Suid-Afrika is vreedsaam, georden en sonder ekonomiese skade. Hierdie situasie kan 'n oorheersing van die streeksekonomie deur die Suid-Afrikaanse ekonomie tot gevolg hê, en

iii) onderhandelinge is suksesvol nadat verskeie struikelblokke dit vertraag het. Die Suid-Afrikaanse ekonomie sal in hierdie geval beskadig maar nie vernietig wees nie.

Dit wil voorkom of die mees waarskynlike situasie in die toekoms deur die derde moontlikheid hierbo omskryf, weergegee word. Die eerste prioriteit van 'n Suid-

Afrikaanse na-apartheid ekonomie is om te hervorm. Die hervorming, in die vorm van bevrediging van lank onderdrukte verwagtinge van die meerderheid van die bevolking, plaas beperkings op die ekonomie van die land (Chalker, 1991:80). Die tydsame proses van die uit-die-weg-ruim van struikelblokke in die onderhandelingeproses sal moontlik die ekonomie van Suid-Afrika verder verswak.

Hoewel 'n verswakking van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die vooruitsig gestel word, sal die ekonomie van dié land in vergelyking met die ander ekonomieë in die streek egter sterker bly. Dit blyk uit die verskil in ekonomiese grootheid wat tussen Suid-Afrika en die SADCC-lande bestaan.

In 1989 was die Suid-Afrikaanse ekonomie meer as drie keer so groot as die ekonomieë van alle SADCC-lande saam. Suid-Afrika se Bruto Nasionale Produk (BNP) was veertien maal die BNP van die tweede grootste land in die streek, naamlik Zimbabwe (Anon, 1991(g):5). Selfs met redelike skade sal die Suid-Afrikaanse ekonomie sterker as die ekonomieë van ander lande in die Suider-Afrika streek wees.

Dit beteken dat die veranderinge in Suid-Afrika dié land 'n belangrike speler in die Suider-Afrika streek maak.

4.2.3.2 Implikasies vir die Suider-Afrika streek

In internasionale kringe word reeds aandag gegee aan moontlike hulp wat aan Suid-Afrika verleen kan word (Mandaza, 1991(b):10). Soos in die geval met Namibië (kyk 4.2.2.2) beteken dit waarskynlik ook dat minder fondse vir die ander lande in die streek beskikbaar sal wees. Kongwa (1990(a):4) en Louw (1992(a):12) voorsien ook dat die hervormingsproses in Suid-Afrika moontlik meer buitelandse fondse na dié land sal laat vloei. Die vermindering of selfs beëindiging van Westerse hulp in die lig van 'n

polities aanvaarbare Suid-Afrika is ook 'n moontlikheid wat die beskikbaarheid van buitelandse fondse kan beïnvloed (kyk 3.3.4.1) (Arnold, 1990(a):21).

Die moontlike vermindering van buitelandse fondse verplig die lande in die Suider-Afrika streek om nouer saam te werk om groei en ontwikkeling te bewerkstellig. Sedert die veranderinge in Suid-Afrika aan die gang gesit is, het samewerking tussen die SADCC-lande en Suid-Afrika toegeneem.

Samewerking tussen SADCC-lande en Suid-Afrika bestaan reeds op 'n wye vlak as gevolg van die interafhanklikheid tussen Suid-Afrika en die SADCC-lande (kyk 3.6.7). Samewerking vind plaas op gebied van landbou, mynwese, geboue en konstruksie, menslike gesondheid, opleiding, tegnologie, handel en investering en strek tot voordeel van al die betrokke lande (Schoeman, 1991:29). Ook op die gebied van toerisme, vervoerinfrastruktuur, handel, mediese behandeling en wildbewaring vind samewerking tussen Suid-Afrika en sy buurlande plaas (Coetzee, 1992:4).

Die amptelike SADCC-beleid vir samewerking met Suid-Afrika, wat op die 1991-konferensie in Windhoek aanvaar is, is egter dat geen toename in verhoudinge met Suid-Afrikaanse regeringsinstellings nagestreef sal word nie (Mandaza, 1991(a):7).

Ondanks die bestaande SADCC-beleid het Angola egter in Oktober 1991, en Botswana en Zambië in Desember 1991, aangekondig dat handels- of belangekantore in Suid-Afrika geopen sal word. Hierdie aankondigings impliseer dat alle SADCC-lande, behalwe Tanzanië verteenwoordiging in Suid-Afrika het (Botha soos aangehaal deur Van Heerden 1992:28). Sommige SADCC-lande probeer openlik om die guns van die Suid-Afrikaanse sakesektor te verkry (Mandaza, 1991(a):6).

Hierdie optrede van SADCC-lidlande laat die vraag oor die implikasies van veranderinge in Suid-Afrika vir SADCC as 'n organisasie ontstaan.

4.2.3.3 Implikasies vir SADCC as 'n organisasie

As gevolg van die veranderinge in Suid-Afrika sedert Februarie 1990, word die moontlikheid in die vooruitsig gestel dat Suid-Afrika 'n lid van SADCC kan word (kyk 5.2.1.2). Dit sal die nut van SADCC as 'n organisasie en ook die nut van die SADCC-projekte bevraagteken. Die evaluering van die nut word hieronder bespreek.

4.2.3.3.1 Die nut van SADCC

Die ontstaan van SADCC word direk gekoppel aan die politieke situasie in Suid-Afrika (kyk 2.2.1.2). Met die onlangse veranderinge in Suid-Afrika verdwyn hierdie politieke regverdiging van die organisasie (Arnold, 1991:4) en word die nut en bestaansreg van die organisasie bevraagteken (Zacarias, 1991:5).

Met die einde van apartheid in sig, word die eerste stigtingsdoelstelling van SADCC , naamlik die vermindering van afhanklikheid van Suid-Afrika (kyk 2.5.1), al hoe meer bevraagteken. Die belangrikste vraag by die 1991-SADCC-konferensie te Windhoek was of SADCC nog in 'n na-apartheid Suid-Afrika 'n nut sal hê (Anon, 1991(b):5).

4.2.3.3.2 Die nut van SADCC-projekte

In die lig van die veranderende verhoudings met Suid-Afrika word die nut van die SADCC-projekte in die verskillende groeisektore (kyk 3.4) ook bevraagteken. Die moontlikheid van beter verhoudings met Suid-Afrika plaas die projekte in 'n nuwe perspektief. Die lewensvatbaarheid van die projekte was tydens die strewe na verminderde afhanklikheid

van Suid-Afrika soms twyfelagtig. Die nuwe situasie maak 'n aantal van hierdie projekte oorbodig, aangesien bestaande fasiliteite in die streek (Suid-Afrika ingesluit) deur hierdie projekte gedupliseer sou word (Zacarias, 1991:5).

Die werklike toets vir SADCC is nie om die nut van projekte of die nut van die organisasie te bepaal nie. Wat van belang is, is om te bepaal watter rol SADCC in die konteks van die "nuwe Suid-Afrika" kan speel. Die veranderinge in Suid-Afrika vereis 'n reaksie van SADCC om by die nuwe situasie aan te pas.

### 4.3 DIE REAKSIE VAN SADCC OP DIE VERANDERINGE IN SUID-AFRIKA

SADCC het met die aanvang van veranderinge in Suid-Afrika geensins 'n plan van aksie gehad om die implikasies van 'n "nuwe Suid-Afrika" te akkommodeer nie (Anon, 1991(b):5). Sedertdien is egter bevind dat die strategie waarop SADCC kan oorleef, op die veranderinge in Suid-Afrika behoort gebaseer te wees. Die belangrikheid om ontwikkelings in Suid-Afrika en Suider-Afrika te antisipeer en daarop te reageer word wyd beklemtoon (Makoni soos aangehaal deur Mandaza, 1991(a):7 en Kongwa, 1990(b):1).

Samewerking in die veranderde klimaat kan nie deur SADCC in sy aanvanklike vorm, naamlik as 'n los groep, aangepak word nie (Makoni soos aangehaal deur Morna, 1990(b):49). Die veranderinge in SADCC-lande en Suid-Afrika vereis aanpassings wat gerig moet wees op die daarstelling van 'n infrastrukturele raamwerk. Hierdie raamwerk moet ook instrumente van beheer insluit en is noodsaaklik om die volle potensiaal van samewerking in die Suider-Afrika streek te realiseer (Leistner, 1991(c):499). Alvorens hierdie raamwerk geskep kan word is dit nodig dat die ekonomieë in die SADCC-lande versterk word.

### 4.3.1 DIE NOODSAAK VAN DIE VERSTERKING VAN SADCC-EKONOMIEë

Die vergelyking van die SADCC-ekonomieë word gekenmerk deur ongelykhede. Hierdie ongelykhede is die gevolg van die patroon waaronder streeksekonomiese verhoudinge in die Suider-Afrika streek in die koloniale tydperk ontstaan het. In hierdie tydperk was die belangrikste groeipole van Suider-Afrika in Suid-Afrika geleë, terwyl die res van die streek met die verloop van tyd in 'n streeksubstelsel saamgevat is. Dié substelsel het hoofsaaklik 'n ondergeskikte rol ten opsigte van Suid-Afrika gespeel en was hoofsaaklik 'n arbeidsreserwe, bron van grondstowwe en afsetmark vir Suid-Afrika (Davies, 1991:239).

Indien alle lande in Suider-Afrika voordeel uit samewerking wil trek, kan die bestaande ongelykhede tussen lande in die streek nie bly voortduur nie. Ekonomiese ontwikkeling in die streek moet aan beheer onderworpe word sodat alle lande in die streek 'n regverdige deel van investering, produksie, en handel kan ontvang (Kongwa, 1992:1). Ondanks die daarstelling en funksionering van SADCC het die ongelykhede nie werklik verander nie (Matsebula, 1991:127).

Om samewerking tot voordeel van alle lande in die streek moontlik te maak, is dit noodsaaklik dat die ekonomieë van die huidige SADCC-lande versterk word. Die bydrae van SADCC as 'n organisasie tot die versterking van die ekonomieë van sy lidlande, was deur middel van die projekte in die verskillende groeisektore (kyk 3.4) (Matsebula, 1991:129). Die vordering in terme van die versterking van ekonomieë kan bepaal word deur sekere aanwysers te bestudeer.

4.3.1.1 Ekonomiese aanwysers vir die versterking van ekonomieë

Ekonomiese aanwysers wat gebruik kan word om die versterking van ekonomieë te meet is onder meer ekonomiese groei (uitgedruk in reële bruto nasionale produk(BNP)), wat teen die agtergrond van die bevolkingsgroei beoordeel kan word (BNP per kapita). Hierdie aanwysers word in tabel 4.1 (p.99) en figure 4.1 (p.100) en 4.2 (p.100) respektiewelik weergegee, waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

i) die reële jaarlikse groei in BNP vir die tydperk 1986-1990, vergeleke met die 1981-1985 tydperk, het vir Angola, Lesotho, Namibië, Swaziland, Tanzanië en veral Mosambiek toegeneem. Mosambiek het daarin geslaag om 'n negatiewe gemiddelde groei van byna 8 persent, met meer as 10 persent te laat styg tot 'n positiewe groeikoers. Die ander SADCC-lande het matige afnames in reële jaarlikse groei in BNP ervaar,

ii) indien die bevolkingsgroei vir die 1985-1990 tydperk in berekening gebring word, verander bogenoemde afleidings. Die bevolkingsgroei in Malawi, Namibië, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe was vir dié tydperk byna gelyk of groter as die groei in BNP. Dit impliseer dat daar byna geen of selfs 'n negatiewe netto groei per kapita was. Slegs Botswana en Lesotho het 'n bevolkingsgroei ervaar wat minder as die helfte van hul BNP-groei was,

iii) die BNP per kapita groei van 1980 tot 1989 toon dat slegs Botswana, Lesotho en Swaziland 'n positiewe groei oor die dekade ervaar het. Angola, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe het 'n negatiewe groei ervaar terwyl Malawi gestagneer het, en

iv) ten opsigte van alle gegewens blyk dat slegs Botswana,

Lesotho en Swaziland 'n verbetering in hul ekonomiese omstandighede kon bewerkstellig. Hierdie lande was die afgelope dekade ook lede van die SADU (kyk 5.2.3). Die ander SADCC-lande het gestagneer of selfs 'n agteruitgang ondervind.

Tabel 4.1 - Ekonomiese aanwysers van die SADCC-lande: 1980 - 1990.


| | Reële BNP groei (jaarlikse % verandering) | | Bev(a) groei-koers | BNP per kapita ($) | | BNP per kapita groei (%) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 81-85 | 86-90 | 85-90 | 80 | 89 | 80 tot 89 |
| Angola | 0.12 | 4.12 | 2.8 | 725 | 620 | -15 |
| Botswana | 11.7 | 8.44 | 3.5 | 780 | 1600 | 105 |
| Lesotho | 1.38 | 6.4 | 2.8 | 410 | 470 | 15 |
| Malawi | 3.12 | 2.68 | 3.3 | 180 | 180 | 0 |
| Mosambiek | -7.9 | 3.64 | 2.7 | (b) | 80 | (b) |
| Namibië | -1.38 | 2.88 | 3.2 | (b) | 1030 | (b) |
| Swaziland | 3.3 | 5.06 | 3.4 | 820 | 900 | 10 |
| Tanzanië | 0.44 | 3.68 | 3.7 | 280 | 120 | -58 |
| Zambië | 0.74 | -0.2 | 3.7 | 600 | 390 | -35 |
| Zimbabwe | 3.44 | 3.12 | 3.1 | 710 | 650 | -9 |

Bron: Aangepas uit Europe Selected Statistics (738) 2 Sept., 1991:2-3.

a) Gemiddelde jaarlikse bevolkingsgroei in die 1985-1990 tydperk.


b) Gegewens nie beskikbaar nie.

Figuur 4.1 - SADCC-lande: Reële BNP groei: 1981-85 en 1986-90. (Gemiddelde jaarlikse persentasie verandering)




Bron: Afgelei uit tabel 4.1.

Figuur 4.2 - SADCC-lande: BNP per kapita: 1980 en 1989. (Uitgedruk in VSA dollar)




Bron: Afgelei uit tabel 4.1.

Die resultate van verdere aanwysers van die ekonomieë van SADCC-lande kan soos volg saamgevat word (Breytenbach, 1991:130):

i) die verandering in die situasie van invoer in die SADCC-ekonomieë, was beperk (kyk fig 3.11). Dit word toegeskryf aan die beperkte gebruik van invoerbeheer en die gebrek aan voldoende plaaslike invoervervanging om hiervoor te kompenseer,

ii) die situasie vir uitvoer het minimaal verbeter. Daar bestaan nog steeds 'n hoë afhanklikheid van primêre produkte (kyk 2.6.1) en geen noemenswaardige toename in inter-SADCC handel is aangeteken nie (kyk 3.4.5.2),

iii) die verandering in die omstandighede van werksgeleenthede was onvoldoende. As gevolg van die hoë bevolkingsgroei in die SADCC-lande, het hul arbeidsmag uitgebrei. Die ekonomieë in die streek kon hierdie uitbreiding nie deur ekonomiese groei akkomodeer nie, en

iv) die toename van Suid-Afrikaanse investering (kyk 3.6.4) en ander buitelandse finansiële hulp (kyk 3.4.9) in SADCC-lande, is 'n aanduiding van die beperkte beskikbaarheid van plaaslike kapitaal in die SADCC-ekonomieë.

Hoewel SADCC gepoog het om die ongelykhede tussen lidlande te verminder, toon die ekonomiese aanwysers van die SADCC-ekonomieë min werklike vooruitgang oor die afgelope dekade. Om voorbereid te wees op die nuwe uitdagings van die streek is dringende optrede van SADCC en sy lidlande noodsaaklik.

#### 4.3.1.2 Dringende optrede

Indien die SADCC-lande enigsins in 'n verbintenis met die "nuwe Suid-Afrika" betrokke wil raak, is die versterking van hul ekonomieë 'n voorvereiste. Indien die ekonomieë nie versterk word nie, bestaan die moontlikheid dat Suid-Afrika die SADCC-ekonomieë sal oorskadu en sodoende die meeste voordeel uit so 'n verbintenis sal trek. Die proses van versterking van die ekonomieë is egter 'n langtermyn proses en SADCC het nie genoeg tyd tot sy beskikking om hierdie opsie uit te oefen nie.

Met die nuwe Suid-Afrika as 'n werklikheid is SADCC nog nie voorbereid om 'n wedersyds voordelige ekonomiese verbintenis met die land aan te gaan nie (Matsebula, 1991:137). Dié onvoorbereidheid het SADCC verplig om sy bestaande aard en funksionering (kyk 2.3 en 2.4) te herwaardeer. Die herwaardering het dié organisasie se standpunt teenoor samewerking en integrasie beïnvloed en word vervolgens bespreek.

### 4.3.2 DIE HERWAARDERING VAN SADCC SE STANDPUNT TEENOOR SAMEWERKING EN INTEGRASIE

Fundamentele veranderinge op ekonomiese en politieke gebied in die SADCC-lande lei tot nouer ekonomiese samewerking en integrasie tussen die lande. Die moontlikheid van Suid-Afrikaanse lidmaatskap van SADCC en die daarmee gepaardgaande verwagte dominering deur Suid-Afrika (kyk 5.2.1.2.2), het die keuse van 'n nuwe benadering vir samewerking tussen SADCC-lande genoodsaak (Kongwa, 1992:2 en Louw, 1992(a):11). Die beperkte resultate met die versterking van die ekonomieë van die lidlande het 'n nuwe benadering verder bespoedig.

4.3.2.1 Die nuwe benadering

In 1991 is nie voorsien dat SADCC 'n integrasie-organisasie sal word nie, omdat 'n institusionele raamwerk daarvoor nodig is (Mandaza, 1991:10). In die lig van wêreldwye en plaaslike veranderinge het die SADCC-strukture egter nie meer aan die vereistes vir samewerking in die streek voldoen nie (Davies, 1991:239). Samewerking behoort op 'n duidelike struktuur te geskied en die los groepering van SADCC is onvanpas. 'n Nuwe benadering behoort die tekortkominge van die swak strukture van SADCC (kyk 2.3.2.3) te oorbrug.

Op die jaarlikse konferensie in Januarie 1992 te Maputo het SADCC 'n belangrike beleidsdokument met die titel "SADCC Towards Economic Integration" aanvaar. Dié beleidsdokument stel 'n nuwe benadering bekend wat teenstrydig is met die oorspronklike benadering van SADCC. SADCC is in 1980 gestig as 'n los groepering in die lig van die swak resultate van integrasie-pogings in Afrika (kyk 2.3.2.1) (Leistner, 1992(c):2). Die nuwe benadering streef egter wel integrasie na (kyk 4.3.2.2).

Leistner (1992(e):4) identifiseer drie onderliggende motiewe vir die aanvaarding van die dokument. Eerstens dien dit as voorbereiding vir SADCC vir die volwaardige toetrede van Suid-Afrika tot die streek. Tweedens versterk dit die posisie van SADCC in terme van moontlike samesmelting met die PTA (kyk 5.2.2.3). Derdens word die voorkeur van die Wêreldbank en die Europese Gemeenskap, naamlik streeksintegrasie, geakkomodeer.

Met bogenoemde dokument poog SADCC ook om 'n funksionele struktuur te vestig voordat Suid-Afrika lid word. Hierdie struktuur is daarop gemik om die toekomstige opbouïng van die ekonomieë in die streek op 'n meer gelyke grondslag te bewerkstellig. Dit impliseer dat die voordele van same-

werking tussen Suid-Afrika en die res van die streek ongeveer dieselfde vir elke lidland behoort te wees (Leistner, 1992(a):7).

Die dokument is opgestel om 'n beleidsraamwerk daar te stel en aksies te lei oor maniere waarop SADCC nouer ekonomiese integrasie kan bevorder. Die klem val op verkryging van ewewig, gelykheid en wedersydse voordeel, asook voorsiening vir investering, handel en vryer beweging van produksie-faktore oor die grense van die lidlande heen (SADCC, 1992(b):1).

Die belangrikste gevolgtrekkings wat uit die dokument "SADCC: Towards Economic Integration" gemaak kan word is die volgende (SADCC, 1992(b):1):

i) SADCC-ervarings en veranderde omstandighede het SADCC verplig om integrasie te aanvaar. Die werklike vraag is nie of streeksintegrasie aangepak moet word nie, maar wel op watter beginsels en voorwaardes dit gegrond moet word,

ii) die daarstelling van 'n streeksmark kan nuwe investerings en meer produktiewe en mededingende nywerhede aanmoedig,

iii) 'n "laissez-faire"-benadering tot streeksintegrasie is ontoepaslik omdat bestaande ongelykhede en wanbalanse nie daarmee reggestel kan word nie,

iv) 'n ontwikkelings-integrasie benadering vir Suider-Afrika, gebaseer op die SADCC-beleid, is toepaslik,

v) die integrasiestrategie van SADCC moet aanpasbaar wees, sodat kleiner groepe lande daarin kan funksioneer, en

vi) die nuwe situasie in die streek sal veiligheids-ooreenkomste vereis om vrede en stabiliteit te verseker.

Bogenoemde gevolgtrekkings word deur SADCC self gemaak en vorm die grondslag van die nuwe funksionering van SADCC. Daar bestaan egter kritiek op die nuwe funksionering van SADCC, wat vervolgens bespreek word.

4.3.2.2 Kritiek op die nuwe funksionering van SADCC

Met die aanvaarding van bogenoemde beleidsdokument, word die aanvanklike standpunt teenoor integrasie, wat die mikro-benadering was, vervang met die ontwikkelings-integrasie benadering (kyk 2.3.1). Dit beteken dat die gebruik van wedersyds voordelige gemeenskaplike projekte wat aanvullend tot nasionale belang is, vervang word deur 'n beklemtoning van politieke samewerking en verdeling van voordele tussen die betrokke lande.

Verder impliseer hierdie verandering die strewe na gelyke verdeling van voordele, meestal deur middel van kompensering. Hierdie benadering kan egter nie die bestaande wanbalans (kyk 4.2.3.1.3) tussen die SADCC-lande en Suid-Afrika regstel nie. Volgens Leistner (1992(a):7) kan die regulerende raamwerk wat hiermee gepaard gaan, ook nie die gelyke verdeling van voordele vir SADCC-lande en Suid-Afrika verseker nie.

Die aanvaarding van die ontwikkelings-integrasie benadering plaas SADCC in ooreenstemming met wêreldwye tendense vir die vestiging van handelsblokke. Om enigsins suksesvol daarmee te wees moet die gebruik en toepassing van integrasie egter diep in die toepassing van nasionale bestuur gewortel wees. Dit is tans nie die geval in die SADCC-lande nie en die SADCC-lande sal daaraan moet werk om integrasie deel van hul nasionale ontwikkelingsbenadering

te maak (Makoni soos aangehaal deur Mandaza, 1991(a):9).

SADCC beveel aan dat die lidlande prioriteit verleen aan die verwydering van beperkings vir die implementering van integrasie. Die verwydering van burokratiese, regulerende en administratiewe beperkings op die vrye beweging van goedere, dienste en produksiefaktore is hierby ingesluit. Die nie-wisselbaarheid van die geldeenhede van die meeste lidlande behoort ook aandag te geniet (Kongwa, 1992:2).

Die herwaardering van die standpunt van SADCC teenoor samewerking en integrasie het aanleiding gegee tot die stigting van die Southern African Development Community (SADC), wat vervolgens bespreek word.

## 4.4. DIE STIGTING VAN SADC

Die aanvaarding van die beleidsdokument "SADCC: Towards economic integration" in Januarie 1992 is opgevolg met die ondertekening van die verdrag van die "Southern African Development Community" (SADC) op 17 Augustus 1992. Hierdie verdrag is onderteken ter vervanging van die Lusaka-verklaring wat met die stigting van SADCC onderteken is (kyk 2.2.2.1) (SADC, 1992:2). In werklikheid beteken dit dat die los assosiasie van SADCC geformaliseer is en SADCC deur SADC vervang word (Louw, 1992(a):11).

Alle lande wat lid was van SADCC het ook lidmaatskap van SADC aanvaar (kyk 2.6 en fig 2.1). Die vervanging van SADCC deur SADC het implikasies met betrekking tot die aard, doelstellings, funksionering en veral die afdwingbaarheid van besluite wat vervolgens afsonderlik bespreek word.

### 4.4.1. DIE AARD VAN SADC

Met die ondertekening van bogenoemde verdrag, aanvaar die

SADC-lande 'n makro-integrasie benadering. SADC baseer sy funksionering op die ontwikkelings-integrasie benadering, ondanks die argumente wat die voormalige SADCC in 1980 daarteen laat besluit het (kyk 2.3.1.1). SADC beoog die daarstelling van 'n supra-nasionale liggaam wat die verdeling van die voordele van samewerking en investering sal behartig. Die doelwit is om sover moontlik gelyke voordele vir alle lande te bewerkstellig (kyk 4.3.2.1) (Lindeke soos aangehaal deur Louw 1992(b):18).

Die standpunt teenoor integrasie wat deur SADC ingeneem is, lei tot die herformulering van die voormalige SADCC-doelstellings.

4.4.2 DIE DOELSTELLINGS VAN SADC

Die doelstellings wat deur SADC nagestreef word verskil van die stigtingsdoelstellings van SADCC (kyk 2.5). Veral die weglating van die eerste doelstelling van die voormalige SADCC, naamlik die strewe na verminderde afhanklikheid van Suid-Afrika, is betekenisvol. Dit impliseer dat SADC die bestaande afhanklikheid van Suid-Afrika nie as 'n beperkende faktor beskou nie en dat die organisasie homself voorberei vir moontlike samewerking met, of insluiting van, Suid-Afrika (Makoni soos aangehaal deur Louw 1992(c):16).

Uit die SADC-doelstellings, wat in die stigtingsverdrag weergegee word, kan nie duidelik afgelei word wat die organisasie beoog nie. In die verdrag van die SADC word die volgende doelstellings gestel (SADC, 1992:6):

i) ontwikkeling, ekonomiese groei, die verligting van armoede, die verhoging van die lewenstandaard en lewenskwaliteit van mense in Suider-Afrika en die ondersteuning van sosiaal minder bevoorregtes deur middel van integrasie,

ii) ontwikkelling van gemeenskaplike politieke waardes, stelsels en instellings,

iii) bevordering en beskerming van vrede en veiligheid,

iv) bevorder die ontwikkeling van self-onderhoud op die grondslag van selfstandigheid en interafhanklikheid van lidstate,

v) bereik ooreenstemming tussen nasionale beleid en programme en streeksbeleid en -programme,

vi) bevorder en maksimeer produktiewe werksgeleenthede en die gebruik van plaaslike hulpbronne in die streek,

vii) bereik volgehoue gebruik van natuurlike hulpbronne en doeltreffende omgewingbewaring, en

viii) versterking en konsolidering van die bestaande historiese, sosiale en kulturele verwantskappe en skakels tussen die mense van die streek.

Bogenoemde doelstellings is vaag en gee geen konkrete aanduiding van die samewerkings- of integrasie-benadering wat deur SADC gevolg word nie. Volgens verteenwoordigers van SADC kan die doelstellings kortliks as volg saamgevat word (Leistner, 1992(c):2):

- eerstens die harmonisering van makro-ekonomiese beleid van die lidlande,

- daarna die strewe na 'n vryehandelsgebied en later 'n doeane-unie, en

- ten slotte die bereiking van 'n volledige ekonomiese unie met 'n geïntegreerde monetêre en fiskale beleid en streeksparlement.

Die samevatting blyk meer eksplisiet te wees, veral in terme van die integrasie-benadering van SADC. Hieruit blyk dat die SADC op die langtermyn volledige integrasie met opoffering van ekonomiese en politieke soewereiniteit nastreef. Hoewel geen besware teen hierdie langtermyn doelstellings ingebring kan word nie moet die prestasies van die voormalige SADCC op hierdie gebied in gedagte gehou word.

SADCC kon tot in 1992 nie daarin slaag om groter selfstandigheid of groei en ontwikkeling vir sy lidlande te bewerkstellig nie (kyk 4.3.1.1). In die lig hiervan is dit onwaarskynlik dat die meer ingewikkelde en veeleisende doelstellings van SADC wel bereik kan word (Leistner, 1992(c):2).

Ten spyte van die drastiese verandering in doelstellings van SADC(SADCC) blyk dat die funksionering van die organisasie nie veel daardeur geraak is nie.

### 4.4.3. DIE FUNKSIONERING VAN SADC

Die funksionering van SADC het grotendeels onveranderd van die funksionering van SADCC gebly (kyk 2.4). Die beginsel van samewerkingsgebiede wat deur SADCC gebruik is (kyk 2.4.2.1) word ook deur SADC gebruik. In die stigtingsverdrag van SADC word egter geen duidelikheid verskaf oor die toekenning van gebiede aan lidlande nie (SADC, 1992:18).

Hoewel die benaming van die samewerkingsgebiede van die SADCC-benaming verskil, word die bestaande projekte van SADCC na SADC oorgedra. Die verslagdoening ten opsigte van vordering van die projekte aan skenkers geskied op dieselfde manier as wat SADCC dit hanteer het (SADC, 1992:18).

Die grootste verandering in die funksionering van die organisasie verwys na die toekomstige afdwingbaarheid van besluite. Aanvullend tot die verdrag (kyk 4.4) is 'n dokument aanvaar wat SADC en sy personeel magte verskaf om die ordelike funksionering van die organisasie, soos in die verdrag omskryf, te verseker (SADC, 1992:23).

In die lig hiervan het alle SADC-lidlande onderneem om die verdrag in nasionale wetgewing te vervat. Hierdie optrede word verder ondersteun deur die daarstelling van 'n regterlike kommissie binne SADC. Geen besonderhede word omtrent die samestelling, magte, funksies en prosedures van die kommissie verskaf nie. Besonderhede van die kommissie moet in die toekoms op 'n konferensie van staatshoofde van die SADC-lidlande goedgekeur word (SADC, 1992:16).

Die instelling van SADC bring die daarstelling van 'n supra-nasionale organisaie met afdwingbare magte op lidlande mee. Die toekoms van hierdie organisasie word onder meer kortliks in die volgende hoofstuk bespreek.

## 4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is ten eerste die veranderende omstandighede buite Suider-Afrika, in SADCC-lande en in Suid-Afrika tesame met die implikasies van die wêreldwye en plaaslik veranderinge bestudeer. Hierdie veranderinge het die klimaat waarin SADCC funksioneer drasties verander. Veral die veranderinge in Suid-Afrika het 'n direkte invloed op die toekomstige bestaanreg van SADCC.

In die tweede plek is die reaksie van SADCC op die veranderende omstandighede bespreek. Hoewel die organisasie 'n bydrae tot die versterking van die ekonomieë van sy lidlande gelewer het, is daar te min tyd oor om die SADCC-lande te beskerm teen moontlike oorheersing van Suid-Afrika in die geval van 'n samewerkingsooreenkoms

tussen dié lande en Suid-Afrika. Om gelyke verdeling van voordele van samewerking te probeer bewerkstellig het SADCC sy standpunt teenoor samewerking en integrasie verander en is die strewe na 'n meer formele vorm van integrasie aanvaar.

Laastens is aandag gegee aan die stigting van SADC, wat 'n direkte gevolg was van die reaksie van SADCC. Hoewel die aard en doelstellings van SADC aansienlik verskil van die aard en doelstellings van die voormalige SADCC, is die funksionering van die organisasie grotendeels onveranderd. SADC sal met die verloop van tyd afdwingbare besluite kan neem.

In die volgende hoofstuk sal die toekoms van SADC en ander samewerkings- en integrasie-moontlikhede in die Suider-Afrika streek ondersoek word.

# HOOFSTUK 5

# TOEKOMSTIGE SAMEWERKING EN INTEGRASIE IN SUIDER-AFRIKA

## 5.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die verskillende moontlikhede van samewerking en integrasie wat moontlik in die toekoms in die Suider-Afrika streek geïmplementeer kan word, te ondersoek.

Eerstens word die bestaande ooreenkomste, die moontlike uitbreiding van hul lidmaatskap en hul toekoms bestudeer. Tweedens word ander moontlikhede van samewerking en integrasie bespreek. In hierdie deel word veral die toepaslikheid van integrasie en samewerking bestudeer. Nadat die toekomstige rol van die nuwe Suid-Afrika in aanmerking geneem is word ten slotte 'n tweeledige benadering vir Suider-Afrika voorgestel.

## 5.2 BESTAANDE OOREENKOMSTE

Die belangrikste bestaande ooreenkomste in Suider-Afrika is die SADC, die PTA (Voorkeurhandelsgebied vir Oostelike en Suidelike Afrika) en die SADU (Suider-Afrikaanse Doeane-Unie) (Zacarias, 1991:4). Die moontlikheid bestaan dat toekomstige samewerking deur die uitbouing van bestaande ooreenkomste geakkommodeer kan word (Brand soos aangehaal deur Gous, 1991:1 en Loxton 1992:17) .

Die bestaande integrasie-ooreenkomste in Suider-Afrika word vervolgens bespreek.

### 5.2.1 DIE SADC (Suider-Afrika Ontwikkelingsgemeenskap)

#### 5.2.1.1 Die integrasie-benadering van SADC

Die stigting van SADC in 1992 is die direkte gevolg van die reaksie van die voormalige SADCC op die veranderinge in

Suid-Afrika (kyk 4.4). Die funksionering van SADC is gegrond op die ontwikkelings-integrasie benadering, wat impliseer dat 'n verdeling van die voordele van samewerking tussen die lidlande via die organisasie sal plaasvind. Die organisasie streef na volledige integrasie op die langtermyn (kyk 4.4.3).

Hoewel SADC beoog om 'n supra-nasionale organisasie te wees, bestaan nog geen organisatoriese infrastruktuur om dit te akkommodeer nie. Die SADC-lidlande het egter onderneem om besluite van die organisasie in hul nasionale wetgewing in te sluit (kyk 4.4.3). Die stigting vsn SADC was gedeeltelik 'n reaksie op moontlike samewerking met of insluiting van Suid-Afrika (kyk 4.3.2.1), wat dit sinvol maak om na die moontlike uitbreiding van die organisasie te kyk.

5.2.1.2 Die uitbreiding van lidmaatskap van SADC

Vir die uitbreiding van lidmaatskap van SADC bestaan hoofsaaklik twee moontlikhede. Eerstens kan lande soos Zaïre, Uganda en Kenia ingesluit word om sodoende 'n groter ekonomiese blok teenoor Suid-Afrika te vorm (Anon, 1990(e):6). Hierdie moontlikheid word nie verder bespreek nie aangesien dit nie 'n werkbare uitbreiding in die lig van oorvleueling met die PTA is nie (kyk 5.2.2.4).

Die tweede moontlikheid verwys na die moontlike toetrede van Suid-Afrika waaroor verskillende standpunte bestaan. Die voormalige SADCC-lande het positiewe verwagtings sowel as vrese oor dié lidmaatskap. Suid-Afrikaanse lidmaatskap kan verder ernstige implikasies vir SADC inhou.

Aangesien die meeste besprekings van moontlike lidmaatskap van Suid-Afrika in die literatuur dateer van voor die stigting van SADC, en aangesien sedertdien geen veranderinge ten opsigte van hierdie standpunte geopper is nie,

word na beide die SADCC en SADC verwys in die bespreking. Die standpunte oor Suid-Afrika se moontlike lidmaatskap van SADC word vervolgens bespreek.

5.2.1.3 Suid-Afrika se moontlike lidmaatskap

5.2.1.3.1 Verskillende standpunte

Uit verskeie oorde word goedkeuring aan die moontlike Suid-Afrikaanse lidmaatskap van SADC verleen (Anon, 1991(d):38 en Hill, 1991:17). Suid-Afrika het op verskeie terreine baie om aan te bied maar het self ook wanbalanse om reg te stel (kyk 4.2.3.1.3). Daarom sal die toetrede van Suid-Afrika nie sonder enige probleme kan geskied nie.

Verskeie skrywers is egter nie oortuig van die onvoorwaardelike toetrede van Suid-Afrika as lid tot SADC nie. Hoewel die voormalige SADCC aantreklik gelyk het as gevolg van die aard van die organisasie, naamlik 'n los samewerkingsassosiasie (kyk 2.3.2), bestaan die oortuiging dat Suid-Afrika aanvanklik slegs moet streef na nouer samewerking met SADC-lande (Leistner, 1991(a):5 en Moolman, 1990:5).

Die voorbereiding vir moontlike Suid-Afrikaanse lidmaatskap van SADC is bespoedig met die deelnemerstatus wat aan die sogenaamde Suid-Afrikaanse bevrydingsbewegings, die ANC en die PAC op die 1990-SADCC-konferensie, verleen is. Dit het tot gevolg gehad dat hierdie bewegings aktiewe deelnemers was op die 1991-SADCC-konferensie te Windhoek (Mmusi, 1991:63). Mnr. Nelson Mandela het op laasgenoemde konferensie die wens uitgespreek dat Suid-Afika, na apartheid, tot SADCC sal toetree (Chikove, 1991:12).

5.2.1.3.2 Verwagtings en vrese

SADC-lande het gemengde gevoelens oor die moontlike

lidmaatskap van Suid-Afrika. Daar word met verwagting uitgesien na die toetrede van Suid-Afrika maar terselfdertyd bestaan daar ook vrese onder die SADC-lande.

Die algemene verwagting onder SADC-lande is dat die lidmaatskap van Suid-Afrika groei en ontwikkeling in die streek sal aanmoedig. Met die positiewe rol wat dié land moontlik in die toekoms kan speel (kyk 5.4), is voordele vir die streek voordiehandliggend. Die grootste vrees wat egter in die streek heers, is dat Suid-Afrika 'n té sterk vennoot vir die SADCC-lande sal wees (kyk 4.2.3.1.3) (Chalker, 1991:80).

Ten spyte van vrese verwelkom die SADCC-beleid 'n na-apartheid Suid-Afrika in die organisasie. Dié verwelkoming hou egter implikasies vir SADC in.

5.2.1.3.3 Die implikasies van Suid-Afrika se moontlike lidmaatskap

SADC verwag Suid-Afrika se toetrede op die beginsels van wedersydse voordeel, interafhanklikheid en gelykheid. In SADC-kringe word dit algemeen aanvaar dat die "nuwe Suid-Afrika" op SADC-voorwaardes sal aansluit (Mmusi, 1991:62 en Leistner, 1992(a):4). Daar bestaan egter twyfel of Suid-Afrika op SADC-voorwaardes sal belangstel om lid te word.

Leistner (1992(a):7) meen dat, indien Suid-Afrika, met 'n baie sterk nasionale belang en 'n ekonomie wat die res van die Suider-Afrika streek oorskadu (kyk 4.2.3.1.3), wel toetree tot SADC, dit moeilik is om te aanvaar dat SADC kan bly voortbestaan. Dié toetrede beteken dat politieke en ekonomiese oorheersing deur Suid-Afrika in Suider-Afrika kan plaasvind. Dit bring mee dat SADC-lande toenemend afhanklik van Suid-Afrika sal word.

Bogenoemde implikasies het 'n invloed op die toekoms van

SADC as 'n organisasie.

5.2.1.4 Die toekoms van SADC

Hawkins (1992:14) verwys na die moontlike lidmaatskap van Suid-Afrika wat SADC in 'n "catch 22"-situasie plaas. Enersyds beskou hy die nuwe SADC, sonder Suid-Afrika as nutteloos omdat die sterkste party in die streek nie deelneem aan integrasie nie. Andersyds voorsien hy probleme met die insluiting van Suid-Afrika as ekonomiese oorheerser in 'n organisasie met uitsluitlik klein ekonomieë. In albei gevalle word die voortbestaan van die organisasie betwyfel.

Uit die prestasies van SADCC, blyk dat die organisasie beperkte suksesse in terme van sy doelstellings behaal het (kyk 3.3 en 3.4). Dit laat die vraag ontstaan of SADC enigsins beter sal presteer. Die toekomstige prestasie van SADC is afhanklik van die wyse waarop die lidlande die organisasie in hul nasionale stelsel sal akkommodeer en die omstandighede in Suider-Afrika, wat moontlike beperkings vir die funksionering van SADC inhou (kyk 5.4.1).

Die beperkte bereidwilligheid om nasionale beleid en besluite aan streeksbelange aan te pas, is 'n element wat die prestasies van SADC kan beperk. Sowel die minister van samewerking van Mosambiek as die minister van handel en nywerheid van Zambië stel nasionale belang as prioriteit in besluitname. Hoewel SADC-belange en -beleid in nasionale besluitneming in gedagte gehou word, sal geen besluit geneem word wat nie in nasionale belang is nie (Veloso soos aangehaal deur Louw, 1992(d):33 en Penza soos aangehaal deur Louw, 1992(e):31).

Belangrike samewerkingsprojekte, soos die Cahora-Bassa projek, die Lesotho-Hoogland waterskema en die Sua Pan soda-as projek, het in die streek plaasgevind sonder dat

SADC (SADCC) betrek is (kyk 3.6.7). Hierdie projekte sluit meestal 'n mate van betrokkenheid van Suid-Afrika in. Indien SADC in die toekoms 'n belangrike rol in samewerking en integrasie in die streek wil speel, moet die organisasie betrokke raak by hierdie soort projekte (Leistner, 1991(a):4).

SADC sal heel moontlik nie kan voortbestaan as Suid-Afrika lid word nie omdat dié land ekonomies te sterk sal wees vir die doeltreffende funksionering van die organisasie. SADC kan moontlik wel voortbestaan as teenpool vir Suid-Afrika in die streek. Deur die SADC-lande as 'n groep teenoor Suid-Afrika te groepeer, kan die ekonomiese onewewig beperk word en kan albei partye (SADC en Suid-Afrika) as gelyke vennote ontwikkeling koördineer. Op hierdie wyse sal die moontlike oorheersing deur die Suid-Afrikaanse ekonomie ook besweer kan word (4.3.2.2) (Leistner, 1991(a):4).

Die funksie van SADC behoort op die kort- en mediumtermyn gerig te wees op die koördinering van die groeisektore in die streek. Indien die verantwoordelike lande daarin kan slaag om nasionale benaderings van lidlande te koördineer kan dit die grondslag vorm vir integrasie op die langtermyn, en kan die SADC-doelstellings wel bereik word (Manuel soos aangehaal deur Louw, 1992(f):28).

'n Verdere probleem wat die toekoms van SADC bedreig is die oorvleueling met die PTA in terme van die doelstellings van die organisasies. Met die strewe na 'n vryehandelsgebied wat deur SADC in die vooruitsig gestel word (kyk 4.4.2), word 'n botsing met die PTA as onvermydelik beskou (Zacarias, 1991:5).

Dit kan in die belang van die streek wees om die organisasies saam te laat smelt. SADC het egter op sy 1992-beraad te Windhoek 'n versoek om saamsmelting met die PTA van die hand gewys en besluit om individueel te bly funksioneer

(Louw, 1992(a):12). Dit impliseer dat die funksies en doelstellings van die twee organisasies gerasionaliseer behoort te word om oorvleueling te vermy en sinvolle groei en ontwikkeling te bevorder (Ncube, 1991:11). Die oënskynlike gelyksoortigheid van SADC en die PTA laat die vraag ontstaan of SADC iets anders as die PTA vir toekomstige samewerking en integrasie in Suider-Afrika kan bied.

Die rol van die PTA word vervolgens bespreek.

### 5.2.2 DIE PTA (Voorkeurhandelsgebied vir Oostelike en Suidelike Afrika-state)

#### 5.2.2.1 Die stigting en doelstellings van die PTA

Die PTA is in 1982 gestig en is belangrik vir die Suider-Afrika streek omdat al die SADC-lande, behalwe Namibië en Botswana, lede is (kyk tabel 5.1). Swaziland en Lesotho, wat ook lede van die SADU is (kyk 5.2.3), is deur die PTA tot 1993 tyd gegee om te besluit tussen lidmaatskap van die PTA of SADU (Zacarias, 1991:5).

Die PTA stel homself ten doel om samewerking en ontwikkeling op verskeie vlakke te bevorder. Die belangrikste instrument van die PTA is handelsbevordering en die stelselmatige instelling van 'n gemeenskaplike tarief ten opsigte van nie-lede, om sodoende op die langtermyn 'n gemeenskapsmark te vestig (Leistner, 1992(c):9).

Die PTA het verskeie prioriteite geïdentifiseer vir die bereiking van die doelstelling van die organisasie. Eerstens word die versterking van die samewerkingsraamwerk en ontwikkeling tussen lidlande beklemtoon. Tweedens word programme ontwerp om die lidlande wat ekonomies swakker en minderbevoorreg is, te ondersteun. Die derde prioriteit is om vinnig en doelgerig die doelstelling van die PTA-

Tabel 5.1 - Lidmaatskap van streeksorganisasies: 1992.

| Land | SADC | PTA | SADU | Land | SADC | PTA | SADU |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Angola | X | X | | Burundi | | X | |
| Botswana | X | | X | Comore | | X | |
| Lesotho | X | X | X | Djibouti | | X | |
| Malawi | X | X | | Ethiopië | | X | |
| Mosambiek | X | X | | Kenia | | X | |
| Namibië | X | | X | Mauritius | | X | |
| Swaziland | X | X | X | Rwanda | | X | |
| Tanzanië | X | X | | Somalië | | X | |
| Zambië | X | X | | Uganda | | X | |
| Zimbabwe | X | X | | Suid-Afrika | | | X |

Bronne: Aangepas uit Economist Intelligence Unit, 1992(a):55 en 1992(b):95

gemeenskapsmark te bereik. Laastens word verwys na die opbouing van vermoëns in terme van die ontwikkeling van plaaslike vaardighede en kundigheid (Mutharika soos aangehaal deur Anon, 1991:45).

Die strewe na 'n gemeenskapsmark bepaal tot 'n mate die integrasie-benadering van die PTA, wat vervolgens onder oënskou geneem word.

5.2.2.2 Die integrasie-benadering van die PTA

Die benaming van die PTA, naamlik 'n vryehandelsgebied verteenwoordig die eenvoudigste vorm van formele integrasie. In hierdie integrasievorm word handelsbeperkings tussen lande onderling uit die weg geruim en behou elke land sy individuele tariewe teenoor nie-lede (Matthews, 1987:60). Die daarstelling van 'n gemeenskapsmark wat deur die PTA in die vooruitsig gestel word, beteken dat 'n meer

intensiewe integrasie op die langtermyn nagestreef word (Mandaza, 1988:12).

Die PTA beskik oor 'n aansienlike organisasiestruktuur om ontwikkelingsprogramme te inisieer en koördineer. Die PTA erken egter die spesiale omstandighede van elke lidland en hou met sy funksionering nie altyd by die vooropgestelde struktuur nie (Wagao, 1987:209). Die toegewings ten opsigte van besondere omstandighede skep moontlikhede vir die uitbreiding van die organisasie.

5.2.2.3 Die uitbreiding van lidmaatskap van die PTA

Op die oog af is lidmaatskap van die PTA, vergeleke met SADC-lidmaatskap, meer voordelig vir Suid-Afrika as gevolg van die potensiële uitvoer na al die PTA-lidlande. Tekorte aan buitelandse valuta in Afrika plaas egter 'n beperking op hierdie moontlike verhoogde uitvoer (Leistner, 1992(b):173).

Verder is dit onwaarskynlik dat Suid-Afrika in die PTA aanvaar sal word as gevolg van die vlak van ontwikkeling in dié land se vervaardigingsektor (Kongwa, 1989:132). Veral Zimbabwe en Kenia, wat industrieel die beste in die PTA ontwikkel is, sal teen Suid-Afrika se lidmaatskap beswaar maak (Zacarias, 1991:40).

As produkte van die PTA-lande sonder handelsbeperkings na Suid-Afrika uitgevoer kan word, kan handel in die streek meer as verdubbel. In dié opsig sal Suid-Afrikaanse lidmaatskap nie net 'n bate nie maar ook 'n uitdaging wees. Dit kan die ander ekonomieë in Suider-Afrika innoverend, dinamies en mededingend laat optree (Anon, 1991(h):6).

Indien Suid-Afrika lidmaatskap van die PTA sou aanneem sal dit waarskynlik die einde van die SADC en die SADU beteken

(Die SADU word in 5.2.3 bespreek.) (Cohen, 1991:3). Die moontlike lidmaatskap van Suid-Afrika sal 'n invloed op die toekoms van die PTA hê.

5.2.2.4 Die toekoms van die PTA

Soos in die geval van SADC plaas die moontlike lidmaatskap van Suid-Afrika die PTA in 'n "catch 22"-situasie (kyk 5.2.1.4). Enersyds kan lidmaatskap polarisasie teweegbring wat beteken dat Suid-Afrika meer voordeel as die ander lidlande sal ervaar. Andersyds bestaan die moontlikheid van toenemende bilaterale ooreenkomste met Suid-Afrika as nie-lid van die PTA, wat die funksionering van die organisasie sal verswak (Leistner, 1993(e):8).

Die suksesse van die PTA is hoofsaaklik beperk tot die vestiging van die PTA-handels- en ontwikkelingsbank, die PTA-vereffeningshuis en die PTA-federasie van Kamers van Handel en Nyerheid (Mutharika soos aangehaal deur Anon, 1991(h):45). Die belangrikste hiervan is die vereffeningshuis wat transaksies tussen partye van verskillende lidlande vergemaklik. Skulde tussen partye van PTA-lidlande kan deur middel van 'n PTA monetêre eenheid via die vereffeningshuis vereffen word (Viviers, 1988:228).

Die omskepbaarheid van die verkillende monetêre eenhede van die PTA-lande in 'n PTA-monetêre eenheid bring mee dat transaksies tussen die lidlande kan plaasvind sonder die gebruik van die Amerikaanse dollar of die Britse pond as tussenganger (Mutharika soos aangehaal deur Anon, 1991(h):45).

Die handel tussen lidlande beloop ongeveer 6 persent van die totale handel van die PTA-lidlande en die uitskakeling van handelsbeperkings tussen lidlande is teleurstellend (Leistner, 1992(a):9). Hierdie beperkte vordering laat twyfel ontstaan oor die toekomstige bydrae wat die PTA tot

groei en ontwikkeling in die streek kan maak.

Die toekoms van die PTA word verder bevraagteken in die lig van die strukturele probleme wat die organisasie ondervind en veral as ander onsuksesvolle integrasie-pogings onder soortgelyke omstandighede in oorweging geneem word. Die strukturele probleme van die PTA kan soos volg opgesom word (Leistner, 1992(b):173):

i) die doelwit van'n gemeenskapsmark is moeilik haalbaar vir lande wat afhanklik is van die verkope van primêre produkte op internasionale markte,

ii) die groot verskeidenheid politieke ideologieë en ontwikkelingstrategieë van die lidlande,

iii) die mededinging met ander ooreenkomste (die SADC en die SADU),

iv) die spanning oor ongelyke verdeling van voordele, en

v) die groot aantal lede, hul verskillende agtergronde en belange en hul beperkte interne ekonomiese verbintenisse.

Die oorvleuelende strewes van die PTA en SADC maak 'n botsing van belange tussen die twee organisasies hoogs waarskynlik. Die toekoms van albei organisasies word hierdeur bedreig. Die PTA is bewus van die oorvleuelende strewes en het in Januarie 1992 'n beroep op SADC gedoen om met die PTA saam te smelt (kyk 5.2.1.4) (Leistner, 1992(c):7).

Die keuse wat Swaziland en Lesotho in 1993 moet maak ingevolge PTA-vereistes, naamlik lidmaatskap van die PTA of SADU, kan die toekoms van die PTA ook beïnvloed (Russel, 1991:40). Dit wil voorkom of die PTA in die toekoms nie

kans sien om gesamentlik met die SADU te funksioneer as gemeenskaplike lidlande bestaan nie. Die SADU speel egter al vir 'n baie lang tydperk 'n belangrike rol in samewerking en integrasie in Suider-Afrika.

5.2.3 DIE SADU (Suider-Afrikaanse Doeane-Unie)

5.2.3.1 Die stigting en doelstellings van SADU

Die SADU in sy huidige vorm is in 1969 gestig deur Suid-Afrika, Botswana, Lesotho en Swaziland. Namibië het na verkryging van onafhanklikheid in 1990 ook lid geword van die SADU. Die SADU is 'n ooreenkoms wat voortvloei uit 'n ooreenkoms tussen die betrokke partye in 1910 (Leistner, 1992(e):8).

Die doelstellings van SADU is om ontwikkeling in die gebied in sy geheel en spesifiek die minder ontwikkelde dele daarvan te bevorder. Daar word ook gestreef na die bevordering van vrye handel en die instelling van eenvormige tariewe tussen die lidlande (Viviers, 1988:211).

In teenstelling met die doelstellings van SADU val die klem tans op inkomste en nie op die rol wat die organisasie in ontwikkeling kan speel nie. Verder kon die SADU geen grootskaalse ontwikkeling van nywerhede in sy lidlande verwesenlik nie. Die stigterslande van SADU het egter almal lede gebly. Dit is waarskynlik as gevolg van die voordele wat die integrasie-benadering van SADU vir hulle inhou.

5.2.3.2 Die integrasie-benadering van SADU

'n Doeane-unie is 'n integrasie-ooreenkoms tussen lande wat onderneem om goedere vryelik tussen dié lande te laat vloei. Alle handelsbeperkings tussen die lidlande word uitgeskakel en 'n gemeenskaplike tarief word deur die

lidlande teenoor nie-lede gehandhaaf (Matthews, 1987:79).

Die SADU is die uitsondering op die reël, naamlik dat doeane-unies waarin lande met verskillende vlakke van ekonomiese ontwikkeling betrokke is, nie kan bestaan nie. Die rede hiervoor is waarskynlik die twee belangrike voordele van die funksionering van die SADU vir die BLNS-lande (Matthews, 1987:79).

Eerstens sorg die SADU vir 'n groot deel van die staats-inkomste van Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland via die toepassing van die inkomste-verdeling formule. Volgens hierdie formule word 'n deel van die inkomste uit doeane-verdienste aan die BLNS-lande oorbetaal (Matthews, 1987:79). Die jongste beskikbare syfers van inkomste uit SADU as persentasie van totale inkomste is die volgende: Botswana 25 persent (1991-92), Lesotho 58 persent (1990-91), Namibië 29 persent (1991-92) en Swaziland 43 persent (1991-92) (Leistner, 1992(c):4).

Tweedens is Suid-Afrika 'n goedkoop bron van basiese verbruikersgoedere vir die bevolking van die BLNS-lande (Maasdorp, 1986(a):154). Dit lei daartoe dat die SADU-lidlande nie dieselfde tekorte as ander lande in die streek ervaar nie.

Die voordele wat uit hierdie vorm van integrasie blyk kan 'n rede wees vir moontlike uitbreiding van lidmaatskap van die organisasie.

#### 5.2.3.3 Die uitbreiding van lidmaatskap van SADU

Zimbabwe, Mosambiek en Zambië stel moontlik belang in SADU-lidmaatskap (Makumbe soos aangehaal deur Leistner, 1992(b):174). Deur die uitbreiding van lidmaatskap kan SADU die grondslag van 'n streeksdoeane-unie, gegrond op regverdige en gelyke handelsverhoudings, vorm (Anon,

1991(d):38 en Arnold, 1991:4).

Daar word egter probleme voorsien met die uitbreiding van lidmaatskap van SADU (Russel, 1991:40). Die eerste probleem is dat Suid-Afrikaanse mededinging waarskynlik vervaardigers in ander lande sal oorrompel. Tweedens sal die inkomste-verdeling formule hersien moet word omdat geen bykomende lande deur die huidige formule geakkommodeer kan word nie. Die moontlike uitbreiding van lidmaatskap van SADU is betekenisvol vir die toekoms van die organisasie.

5.2.3.4 Die toekoms van SADU

Die lidmaatskap van SADU moet oorwegend voordelig wees vir die lidlande aangesien alle partye wat die ooreenkoms meer as 20 jaar gelede onderteken het, nog steeds lede is. Veral die gunstige inkomste-verdeling formule vir die BLNS-lande, wat in 1991 42 persent van die totale SADU-inkomste beloop het, en die vrye beskikbaarheid van verbruikersgoedere maak lidmaatskap vir dié lande voordelig (Leistner, 1992(e):8).

Dit blyk of Suid-Afrika die meeste probleme met die voortbestaan van SADU in sy huidige vorm ondervind. In Suid-Afrikaanse kringe bestaan die gevoel dat die BLNS-lande die grootste voordeel trek uit die gunstige inkomste-verdeling formule vir dié lande (Brand, 1991:259).

SADU was 'n belangrike skakel vir Suid-Afrika in die tydperk toe sanksies teen dié land ingestel is. Suid-Afrika kon via die BLNS-lande 'n mark daarstel vir sy produkte en die uitwerking van sanksies tot 'n mate beperk. Met die veranderinge wêreldwyd en in Suid-Afrika en die afskaffing van sanksies, verdwyn hierdie politieke betekenis van SADU vir Suid-Afrika (Leistner, 1991(a):7).

5.2.3.5 Gevolgtrekkings

Die uitbreiding van SADU in sy huidige vorm blyk nie moontlik te wees nie. Tog kan die ekonomiese voordele van lidmaatskap van SADU (kyk 4.3.1.1) nie geïgnoreer word nie. Die beskikbaarheid van verbruikersgoedere oor die hele gebied het beslis 'n verhoging in lewensstandaard van die inwoners van die gebied meegebring (Russel, 1991:45).

Die voordeligste situasie sou wees om alle SADC-lande lid van die SADU te maak en die voordele oor die hele streek te versprei. Kleiner nywerheidslande soos Zimbabwe sal moontlik nie hierby inval nie. Die handelsbelange van Suid-Afrika kan in so 'n geval egter in konflik met streekdoelstellings wees (Morna, 1990:17).

Die moontlikheid van die omskakeling van SADU na 'n vryehandelsgebied of selfs 'n gemeenskapsmark moet nie uitgesluit word nie. Dit sal egter beteken dat die BLNS-lande op 'n besondere wyse deur Suid-Afrika geakkomodeer moet word (Leistner, 1992(e):9). Die SADC en PTA sou as groepe ook in hierdie ooreenkomste geakkommodeer kan word. As gevolg van die ervaring en bestaande funksionering kan SADU die grondslag vorm vir moontlike toekomstige samewerking en veral integrasie in die Suider-Afrika streek.

Daar moet egter ook ander samewerkings- of integrasie-ooreenkomste in Suider-Afrika oorweeg word.

## 5.3 ANDER MOONTLIKHEDE VAN INTEGRASIE EN SAMEWERKING

Hoewel die begrippe integrasie en samewerking meestal gesamentlik gebruik word, is dit belangrik dat 'n onderskeid tussen die twee begrippe getref word.

### 5.3.1 DIE ONDERSKEID TUSSEN INTEGRASIE EN SAMEWERKING

Samewerking en integrasie is nie doelwitte nie, maar instrumente om bevordering van handel en investering en sodoende vooruitgang, in die streek te bewerkstellig (Leistner, 1992(c):22). Die keuse van 'n realistiese streeksbeleid om vooruitgang in die streek te bewerkstellig bestaan nie uit 'n keuse tussen samewerking en integrasie nie. 'n Realistiese streeksbeleid behoort altwee elemente te bevat, met erkenning van hul respektiewelike rolle en eienskappe (Leistner, 1992(c):14).

Vir die bepaling van die moontlikhede van integrasie en samewerking in Suider-Afrika word die volgende onderskeid getref:

- integrasie verteenwoordig ooreenkomste tussen lande waar 'n mate van soewereiniteit deur die betrokke lande prys-gegee word aan 'n supra-nasionale liggaam of organisasie, en

- samewerking verteenwoordig ooreenkomste tussen lande wat geen opoffering van soewereiniteit vereis nie.

Die duidelike onderskeid tussen integrasie en samewerking word vervolgens gebruik om die verskillende toekoms-moontlikhede vir die Suider-Afrika streek te bespreek.

### 5.3.2 DIE TOEKOMS VAN INTEGRASIE IN SUIDER-AFRIKA

#### 5.3.2.1 Vryehandelsgebied

Soos reeds genoem (kyk 2.3.1.1) word 'n vryehandelsgebied gevestig wanneer lande ooreenkom om onderlinge handels-beperkings uit te skakel maar hul eie tariewe teenoor nie-lede te handhaaf (Matthews, 1987:60).

'n Vryehandelsgebied noodsaak min of meer dieselfde vlak van ontwikkeling in die ekonomieë van die moontlike lidlande. Meestal het so 'n gebied 'n sekretariaat sonder besluitnemingsmag (soos SADCC). Omdat die meeste lande in Suider-Afrika soortgelyke primêre produksiestrukture het (kyk 2.6.1), sal 'n vryehandelsgebied slegs stapsgewys geïmplementeer kan word (Leistner, 1991(a):9). Deur 'n stapsgewyse implementering kan die lidlande ontwikkel om die bestaande ongelykhede in hul ekonomieë te verminder en hul produksiestrukture te verbreed, sodat hulle nie van primêre produkte afhanklik bly nie.

Die PTA streef op die korttermyn na 'n vryehandelsgebied (kyk 5.2.2.2). Die beperkte vooruitgang van die PTA is 'n aanduiding van die tekortkominge van hierdie tipe integrasie in die omstandighede in Suider-Afrika. Die moontlikheid bestaan dat 'n vryehandelsgebied nie op 'n streeksgrondslag in Suider-Afrika sal werk nie omdat Suid-Afrika en Zimbabwe die vervaardigingsektor in die streek oorheers (Cohen, 1991:3). In die lig hiervan is dit vir die afsienbare toekoms onwaarskynlik dat so 'n integrasievorm sal ontstaan.

5.3.2.2 Gemeenskapsmark

'n Gemeenskapsmark word gevestig wanneer lidlande besluit om goedere en dienste, produksiefaktore, arbeid en kapitaal vryelik tussen die lidlande te laat beweeg (Matthews, 1987:61).

In die geval van 'n moontlike Suider-Afrika gemeenskapsmark sal die groot ekonomiese verskil tussen Suid-Afrika en ander lande in die streek (kyk 4.2.3.1.3) dié vorm van integrasie onprakties maak. Suid-Afrika sal waarskynlik die streek oorheers en veral die vrye beweging van arbeid sal 'n groot migrasie na Suid-Afrika veroorsaak en politieke en ekonomiese probleme skep (Leistner,

1992(e):9).

In 'n gemeenskapsmark bestaan die neiging dat investering en ontwikkeling om bestaande groeipunte polariseer (Leistner, 1991(a):8). Omdat die meeste groeipunte in Suid-Afrika geleë is, beteken dit dat dié land moontlik meer investering sal aantrek en meer ontwikkeling sal ervaar. Om gelyke voordele vir alle lede te verseker sal Suid-Afrika moontlik deur middel van oordragbetalings moet kompenseer vir die groter voordeel wat die land ontvang. Hierdie betalings sal dié integrasie-moontlikheid egter onaantreklik vir Suid-Afrika maak.

#### 5.3.2.3 Meer gevorderde integrasie

Die ander integrasie-moontlikhede is meer gevorderd en behels die vestiging van 'n doeane-unie, 'n ekonomiese unie en 'n politieke unie. Hierdie vorms van integrasie vereis 'n groter mate van eensgesindheid en ekonomiese ewewig tussen lidlande. Ook die oordrag van soewereiniteit vanaf lidlande na die organisasie is groter as in die geval van 'n vryehandelsgebied of gemeenskapsmark.

Aangesien aansienlike struikelblokke reeds vir 'n vryehandelsgebied en gemeenskapsmark voorspel word, word die meer gevorderde vorms van integrasie nie oorweeg nie. Die voortbestaan van een van die mees suksesvolle integrasie-ooreenkomste in die wêreld, kan egter nie deur die Suider-Afrika streek geïgnoreer word nie. Hierdie ooreenkoms, die Europese Gemeenskap (EG), kan moontlik as 'n leerskool vir integrasie in Suider-Afrika gebruik word.

#### 5.3.2.4 Lesse uit EG-ervarings

Suider-Afrika kan 'n belangrike les leer van een van die belangrikste en suksesvolste integrasie-organisasies in die wêreld, die EG. Met die daarstelling van die EG is

kritiese gebiede met gemeenskaplike belange geïdentifiseer waarin samewerking begin is. Die elemente van dominering was afwesig en die rede vir die integrasie-ooreenkoms was interafhanklikheid, komplementariteit en ekonomiese vooruitgang. (Zacarias, 1991:8).

Die EG het deur die jare die proses van mark-integrasie (kyk 2.3.1.1) deurloop en na 35 jaar eers 'n mate van ekonomiese unie gevestig (Botha soos aangehaal deur Van Heerden, 1992:28 en Leistner, 1992(a):2). Die belangrike les wat die EG-benadering vir Suider-Afrika inhou is dat samewerking as grondslag vir integrasie kan gebruik word. Vanweë die totaal ander omstandighede in Suider-Afrika kan die EG-benadering egter nie gebruik en in die Suider-Afrika streek nagevolg word nie (Leistner, 1991(a):2).

Suider-Afrika se heterogene lande verskil aansienlik van die meer homogene lande van die EG. Die ekonomiese sterkte van die EG-lande is nader aan mekaar as wat die geval in Suider-Afrika is en die lande het 'n groot behoefte aan die heropbouing van hul ekonomieë na die Tweede Wêreldoorlog gehad.

In die lig van hierdie verskille tussen die EG-lande en die lande in Suider-Afrika bestaan daar twyfel oor die toepaslikheid van gevorderde integrasie in Suider-Afrika. Die prestasies van ander integrasie-ooreenkomste in Afrika en die beperkte vordering van SADCC waarsku teen 'n ambisieuse integrasie-benadering vir die Suider-Afrika streek (Leistner, 1992(e):138).

5.3.2.5 Die toepaslikheid van integrasie in Suider-Afrika

Daar is minstens drie argumente teen ekonomiese integrasie in Suider-Afrika (Mandaza 1991(b):10).

i) Die eerste argument is polities en verwys na die

noodsaaklike konsensus onder lidstate. Eensgesindheid ten opsigte van die erkenning van 'n behoefte aan integrasie moet verkry word. In Suider-Afrika is daar nog nie eensgesindheid nie.

ii) Die tweede argument verwys na die wettige en institusionele ooreenkomste wat 'n voorvereiste vir ontwikkeling en samehorigheid is. Suider-Afrika het tans 'n gebrek aan dié ooreenkomste. Skenkerlande verkies los organisasiestrukture, soos SADCC, omdat hulle sodoende in beheer van hulle skenkings kan bly (kyk 3.3.2.3.1).

iii) Die derde argument verwys na suksesse van gemeenskaplike projekte, wat vertikale integrasie met skenkers versterk. Die oorskakeling na horisontale integrasie tussen lidlande kan beteken dat skenkers uit die streek onttrek omdat hulle beperkte inspraak in die funksionering van projekte het en slegs betrokke is as finansierders van projekte.

Integrasie tussen lande met verskillende vlakke van ekonomiese ontwikkeling, soos in Suider-Afrika, lei tot polarisasie van ontwikkeling in groeipole, waarvoor slegs deur finansiële kompensasie vergoed kan word (Leistner, 1992(a):5). Hierdie kompensasiemeganisme kan egter nie gelyke ontwikkeling of voordele bewerkstellig nie en is dus ondoeltreffend.

Afrika-ervarings bewys dat dit moeilik is om ekonomieë wat van primêre produkte afhanklik is (kyk 2.6.1), en nie werklik met mekaar handel dryf nie, te laat saamwerk in 'n integrasievorm (Leistner, 1992(a):5).

Soos in ander Afrika-lande is die strewe na selfbehoud in die SADC-lande meestal te sterk om nasionale besluite op streeksvlak te laat plaasvind. Meeste SADC-lande tree

eerder in nasionale selfbelang op as in streeksbelang (kyk 5.2.2.4). Die integrasie-benadering, wat 'n toename van nasionale besluite op streeksvlak meebring (Leistner, 1992(a):5), hou nie rekening met hierdie strewe na selfbehoud nie. Die oordrag van soewereiniteit na 'n oorkoepelende liggaam is vir die lande in die streek 'n probleem en gevolglik 'n beperking vir enige integrasie-poging (kyk 2.3.2.1).

Die ekonomiese toestand van die meeste SADC-lande is van so 'n aard dat die lande nie kan bekostig om bronne en fasiliteite aan 'n oorkoepelende organisasie beskikbaar te stel nie. Al die beskikbare bronne en fasiliteite is nodig om groei vir die lande self te bewerkstellig. Omdat direkte voordele nie deur die integrasie verseker kan word nie, en slegs oor die langtermyn kan voorkom, word dit betwyfel of die SADC-lande bereid sal wees om hul fasiliteite of bronne aan 'n streeksorganisasie oor te dra (Leistner, 1992(a):5).

Integrasie-ooreenkomste is nie geskik vir die huidige omstandighede in Afrika nie. Hierdie ooreenkomste funksioneer die beste in meer homogene lande. In Suider-Afrika is die wanbalans tussen Suid-Afrika en sy buurlande egter groot en sal integrasie meer voordele vir Suid-Afrika inhou. Losser vorms van ekonomiese samewerking het skynbaar meer potensiaal om blywende ontwikkeling in die streek te bewerkstellig (Coetzee, 1992:4).

### 5.3.3 DIE TOEKOMS VAN SAMEWERKING IN SUIDER-AFRIKA

Die oorweging van samewerking in Suider-Afrika het verskillende moontlikhede, wat vervolgens bespreek word.

#### 5.3.3.1 Bilaterale en multilaterale ooreenkomste

Verskeie skrywers verkies al jare lank die bevordering van samewerking en bilaterale handel bo integrasie-pogings in

die Suider-Afrika streek (Maasdorp, 1986(b):168 en Moolman, 1990:2). Moolman (1990:2) stel eerstens die onderhandeling van bilaterale ooreenkomste en later moontlike streeks-ooreenkomste in die huidige klimaat voor.

In sy verwysing na 'n Suid-Afrikaanse beleidsraamwerk vir toekomstige samewerking in die streek beklemtoon Leistner ook (1992(c):20) die sluiting van nuwe bilaterale ooreen-komste en die uitbreiding van bestaande ooreenkomste. Die doel hiervan is om sodoende stelselmatig die hoeveelheid handel en die handelsgebied in Suider-Afrika te vergroot.

'n Stap-vir-stap benadering met die uitbreiding van bilaterale samewerking na meer omvattende ooreenkomste word as geskik beskou (Leistner, 1991(a):2).

Die doeltreffendheid van multilaterale ooreenkomste in Suider-Afrika is ook groot. Die bestaande ooreenkomste soos byvoorbeeld SARTOC en SARCCUS (kyk 3.6.7) lewer bevredigende resultate (Leistner, 1992(b):176). Daar kan in die toekoms moontlik meer van hierdie samewerkingsvorm in Suider-Afrika gebruik gemaak word.

#### 5.3.3.2 Trilaterale samewerking met die EG

Trilaterale of drieledige samewerking tussen die EG, Suid-Afrika en SADC word aktief deur ACODA, 'n groep oud en huidige EG-parlementslede, nagestreef (Van Huyssteen, 1991:99). Hierdie samewerking impliseer dat die pad van Suid-Afrika na Europa deur die SADC loop en die pad van Europa na Suider-Afrika deur Suid-Afrika.

Die Suid-Afrikaanse regering en onder andere Min. Pik Botha het ook hierdie vorm van samewerking geïdentifiseer as 'n noodsaaklikheid om stabiliteit en vooruitgang in die streek te bevorder (Leistner, 1991(b):497). Alvorens sodanige samewerking kan plaasvind moet Suid-Afrikaanse verhoudings

met die SADC-lande genormaliseer word. Begrip en samewerking tussen die verskillende lande in Suider-Afrika moet daarom aangemoedig word.

Dit blyk dat die gebruik van samewerking in Suider-Afrika minder beperkings het en moontlik 'n beter manier as integrasie is om groei en ontwikkeling onder die huidige omstandighede tussen lidlande te bewerkstellig. Die toepaslikheid van samewerking word vervolgens bespreek.

5.3.3.3 Die toepaslikheid van samewerking in Suider-Afrika

Die Suider-Afrika streek ervaar vir die eerste keer, na 'n dekade van vyandigheid, werklike geleenthede vir samewerking. Dié geleenthede ontstaan as gevolg van 'n veranderende ekonomiese en politieke klimaat in die streek. Sowel wêreldwye as plaaslike veranderinge dui daarop dat SADCC-lande hulself in 'n situasie bevind waar toenemende samewerking die enigste hoop vir vooruitgang kan bied. Met die hervormings in Suid-Afrika sal samewerking met dié belangrike speler in die streek ook meer aanvaarbaar vir SADC-lande wees (Davies, 1991:238 en Kongwa, 1990(b):72 en 1992:1).

Daar bestaan in die streek ook 'n toenemende bewustheid en erkenning dat slegs samewerking die streek van aanhoudende sosiale en politieke onstabiliteit en verarming kan red (Sullivan, soos aangehaal deur Anon, 1991(c):8).

'n Toename in samewerking om gemeenskaplike probleme wat die lande in Suider-Afrika ervaar te probeer oplos, sal ook tot voordeel van al die betrokke partye wees. Hierdie probleme behels onder meer 'n hoë bevolkingsgroei, verstedeliking, strukturele werkloosheid, 'n tekort aan opgeleide mannekrag, tekorte in opvoeding en behuising en die voorkoming van Vigs (Leistner, 1991(c):492).

Ooreenstemmende elemente tussen Suid-Afrika en die SADC-lande kan ook samewerking in die streek vergemaklik. Hierdie elemente behels onder meer soortgelyke belastingstelsels, handelskodes, eiendomswetgewing, regsprosesse, rekenkundige stelsels, besigheidstyle en taalgebruik. Die streek het ook 'n bestaande geïntegreerde vervoer- en telekommunikasienetwerk wat 'n belangrike bydrae tot die verhoogde samewerking kan lewer (Arnold, 1991:1).

Hoewel die samewerkingsklimaat in Suider-Afrika gunstig is, bestaan daar struikelblokke wat beperkings op samewerking in die streek kan plaas.

5.3.3.4 Beperkings op samewerking

Daar bestaan 'n aantal probleme wat in al die lande van die Suider-Afrika streek voorkom. Hierdie probleme is onder meer 'n hoë bevolkingsgroei, verstedeliking, strukturele werkloosheid, 'n tekort aan mannekrag, tekortkominge in primêre en sekondêre opleiding en lae koste behuising (Leistner, 1991(c):492). Hoewel samewerking om dié probleme op te los voordelig vir alle lande in die streek is (kyk 5.3.3.3), is dit juis hierdie probleme wat beperkings op samewerking plaas.

Die groot verskeidenheid politieke en ekonomiese stelsels in die Suider-Afrika streek is ook 'n beperkende faktor vir samewerking (kyk 2.6.2.2 en tabel 2.1). Verskille in hierdie stelsels kan wrywing en konflik veroorsaak en sodoende 'n negatiewe invloed op samewerking hê.

Verdere verskille tussen lidlande (kyk 2.6.2.3) kan ook samewerking beperk. Hierdie verskille behels onder meer koloniale agtergrond, kulture en ideologiese verskille, ontwikkelingsvlak, taalverskille, interne probleme, beskikbare grondstowwe, markgrootte (bevolking) en geo-politiese ligging.

Daar bestaan ook beperkings op samewerking in die streek waarby die "nuwe Suid-Afrika" betrokke is.

Die belangrikste beperkings in hierdie verband kan soos volg saamgevat word (Gous, 1991:1):

i) Suid-Afrika kan nie 'n kapitaaluitvoerder wees nie en sal moontlik self 'n kapitaalinvoerland as gevolg van sy ekonomiese omstandighede word,

ii) Suid-Afrika kan nie insette soos hoëvlak mannekrag aan Suider-Afrika beskikbaar stel nie, omdat die land self 'n tekort aan hierdie mannekrag het, en

iii) daar bestaan 'n vrees in Suider-Afrika dat Suid-Afrika 'n oorheersende rol sal speel.

Die antwoord vir ontwikkeling in Suider-Afrika moet nie noodwendig in 'n integrasie-model gesoek word nie, maar eerder in 'n eiesoortige beantwoording van behoeftes, beperkings en geleenthede in die streek (Leistner, 1991(a):9).

Uit bogenoemde beperkings en die nuwe aanvaarding van Suid-Afrika as 'n samewerkingsvennoot in die streek (kyk 5.3.3.3) blyk die belangrikheid van die rol van Suid-Afrika in toekomstige samewerking en/of integrasie in die streek.

Aandag moet aan die institusionele raamwerk waarbinne die "nuwe Suid-Afrika" met sy buurlande kan optree, gegee word. Hiervoor is intensiewe samewerking nodig om te bepaal hoe die belange van die lande in Suider-Afrika die beste by mekaar aangepas kan word (Anon, 1991:38 en Leistner, 1990:139). Dit is ook belangrik dat daar duidelikheid moet bestaan oor die toekomstige rol wat die "nuwe Suid-Afrika" in die streek gaan speel. Hierdie rol word vervolgens bespreek.

## 5.4. DIE TOEKOMSTIGE ROL VAN DIE "NUWE SUID-AFRIKA"

Met die strewe na 'n "nuwe Suid-Afrika", bestaan daar verskillende standpunte oor die moontlike toekomstige rol van die land in streeksverband, naamlik:

i) Suid-Afrika kan 'n oorbruggingsrol as finansiële tussenganger speel wat beteken dat dié land moontlike tekorte in finansiering en kundigheid wat in die streek voorspel word, kan aanvul. Hierdie tekorte word in die vooruitsig gestel vanweë 'n verwagte klemverskuiwing in hulpverlening van die Weste (kyk 3.3.4.2). Die rol as finansiële tussenganger impliseer dat skenkers projekte in SADCC-lande via Suid-Afrika kan finansier (Van Huyssteen, 1991:99 en Relly, 1991:6). Suid-Afrika kan hierdie rol vervul deur bestaande fasiliteite vir finansiering in Suid-Afrika uit te brei en vaardighede en ervaring aan die streek beskikbaar te stel (Kongwa, 1990(a):4 en Coetzee, 1992:4).

ii) Suid-Afrika moet 'n rol speel in die ontwikkeling van streeksamewerking. Indien Suid-Afrika nie in die samewerkingsraamwerk van die streek betrek word nie, sal ekonomiese ontwikkeling moeilik haalbaar wees. Dit is die mening van ACODA, 'n liggaam van huidige en oud-EG-beamptes wat samewerking en ontwikkeling in Suider-Afrika wil bevorder (Anon, 1991(e):3).

iii) Suid-Afrika is self ten gunste van 'n aktiewe en konstruktiewe rol in die streek (Leistner, 1991(a):2). Die streek verteenwoordig 'n mark vir vervaardigde produkte van Suid-Afrika en internasionale aanvaarding van die "nuwe Suid-Afrika" kan via Afrika verkry word.

Coetzee (1992:4) identifiseer drie faktore wat die rol van Suid-Afrika in Afrika sal bepaal. Eerstens die omvang en

ingewikkeldheid van interne ekonomiese- en ontwikkelingsprobleme in dié land. Tweedens die demokratisering in Suid-Afrika (kyk 4.2.3.1.3) en derdens die omvang van die ontwikkelingskrisis in Afrika.

Ten opsigte van streeksamewerking bestaan die behoefte aan 'n amptelike standpunt van Suid-Afrika oor die toekomstige rol van die land. Hierdie standpunt kan as vertrekpunt vir 'n toekomstige streeksbeleid vir samewerking en integrasie gebruik word (Leistner, 1991(a):19).

Dit is belangrik dat Suid-Afrika in die oorweging van sy rol verskeie omstandighede in aanmerking neem. In die raamwerk van samewerking in die streek is dit belangrik dat Suid-Afrika gevoelig bly vir die behoeftes van sy buurlande in die lig van die bestaande interafhanklikheid tussen Suid-Afrika en die SADCC-lande (kyk 3.6.7). Dié interafhanklikheid tussen die lande in die streek noodsaak 'n tweeledige benadering ten opsigte van samewerking en integrasie in die streek.

## 5.5 DIE TWEELEDIGE BENADERING VIR SUIDER-AFRIKA

### 5.5.1 DIE KORTTERMYN-BENADERING

Ekonomiese samewerking tussen lande van Suider-Afrika kan geweldige wedersydse voordele inhou indien dit stap-vir-stap aangepak word. Gegewe Suid-Afrika se ekonomiese krag, vergeleke met ander lande in die streek (kyk 4.2.3.1.3), is dit onrealisties om op die korttermyn na samewerkingsvorme te mik wat op integrasie gemik is.

Die voordele van bestaande tegniese samewerking in die streek is voldoende om verdere samewerking aan te moedig (Leistner, 1992(a):5). Hierdie samewerking kan deur die onderhandeling van bilaterale ooreenkomste die beste verbeter word in die huidige klimaat (kyk 5.3.3.1). Slegs

as ondervinding verkry is en wedersydse vertroue deur samewerking op gebiede van gemeenskaplike belang ontwikkel het, kan verdere stappe na 'n ekonomiese unie op die langtermyn betekenisvol wees (Moolman, 1990:2 en Leistner, 1991(a):2).

Die Suider-Afrikaanse benadering tot samewerking behoort klem te lê op die volgende drie elemente (Fair, 1990:7):

i) die stapsgewyse maar omvangryke vestiging van samewerking wat twee of meer lande toelaat om saam te werk waar hulle voordele in die vooruitsig stel, ongeag die terrein waarop samewerking plaasvind,

ii) die versterking van funksionele samewerking soos vervoer, kommunikasie en dienste om meer eenvormigheid te kry en doeltreffende en betroubare dienste in die hele Suider-Afrika streek te vestig, en

iii) die daarstelling van 'n klimaat wat vrye beweging van goedere, dienste, arbeid en kapitaal aanmoedig.

Dit is 'n realiteit dat samewerking tussen lande in Suider-Afrika reeds aansienlik is (kyk 3.6.7). Die vraag bestaan egter of hierdie bestaande interaksie op die langer termyn in 'n institusionele raamwerk van 'n integrasie-ooreenkoms vasgevat kan of moet word (Relly, 1991:6). Hierdie vraag verwys inherent na die langtermyn-benadering van Suider-Afrika.

### 5.5.2 DIE LANGTERMYN-BENADERING

Tans (1992) is die SADC-lande nie gereed om hulle te onderwerp aan 'n skema wat opoffering van nasionale besluitname op ekonomiese en politieke vlak behels nie. Die daarstelling van groter streeksekonomiese eenhede en integrasie moet gesien word as langtermyn doelstellings.

Dit kan slegs bereik word deur 'n stelselmatige versterking van wedersydse begrip en vertroue tussen die betrokke lande (Leistner, 1992(a):5).

Vir die langtermyn is dit noodsaaklik dat die funksies, strukture en interverwantskap van bestaande organisasies met 'n sterk integrasiekarakter ontleed moet word. Hier word veral na SADC, die PTA en die SADU verwys (Zacarias, 1991:4). 'n Ondersoek na die herstrukturering van dié organisasies om nuwe moontlikhede vir ekonomiese samewerking te ondersteun, is noodsaaklik (Schoeman, 1991:43). Deur die aanvanklike ondersteuning van samewerking kan dan stelselmatig na integrasie oorbeweeg word.

Op dié manier kan die institusionele raamwerk verkry word wat noodsaaklik is om ekonomiese ontwikkeling in die streek te bevorder. Die rasionalisering van hierdie streeksinstellings kan lei tot 'n herstigte en werklike streeksooreenkoms wat onder 'n nuwe naam bekend kan staan (Leistner, 1992 a:10).

## 5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is eerstens 'n ondersoek ingestel na die drie belangrikste ooreenkomste in die Suider-Afrika streek, naamlik die SADC, die PTA en die SADU. Vir die toekoms blyk nie een van hierdie organisasies in hul huidige vorm vir die omstandighede in die streek opgewasse te wees nie.

In die lig hiervan is in die tweede plek ander moontlikhede van integrasie en samewerking bespreek. Uit die bespreking blyk dat integrasie-ooreenkomste tans nie geskik is vir die daarstelling van groei en ontwikkeling in die streek nie. Die gebruik van samewerkingsooreenkomste is skynbaar meer toepaslik vir die Suider-Afrika streek hoewel hier ook beperkings bestaan.

Ter afsluiting is die toekomstige rol van die "nuwe Suid-Afrika" in oënskou geneem voordat 'n moontlike tweeledige benadering vir die bevordering van groei en ontwikkeling in die streek aandag geniet het.

In hoofstuk 6 word 'n samevatting en gevolgtrekkings van die studie verskaf, alvorens aanbevelings oor moontlike verdere studies of ondersoeke gemaak word.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die bevindinge, in terme van die doelstelling wat in die eerste hoofstuk gestel is, weer te gee.

Ten eerste word in hierdie hoofstuk 'n beknopte samevatting van die vorige hoofstukke verskaf. Tweedens word gevolgtrekkings gemaak in terme van die ekonomiese waarde van SADCC en die toekoms van SADC onder die veranderende omstandighede in Suider-Afrika. In die derde deel word aanbevelings gemaak vir moontlike verdere navorsing.

## 6.2 SAMEVATTING

In die eerste deel van die studie (hoofstuk 2) is die omstandighede waaronder SADCC tot stand gekom het bespreek. Die Konsas-idee van Suid-Afrika en die verkiesing van Mnr. Robert Mugabe in Zimbabwe het die stigting van SADCC as 'n samewerkingsorganisasie bespoedig.

Gegrond op Afrika-ervarings (kyk 2.3.1.2) en die omstandighede in Suider-Afrika, waar 'n verskeidenheid lande met uiteenlopende polities-ekonomiese stelsels en ander verskille in 'n samewerkingsooreenkoms betrek word, het SADCC op die mikro-integrasie benadering besluit. Dit behels kortliks die toekenning van verantwoordelikhede vir samewerkingsgebiede aan die verskillende lidlande van SADCC (kyk 2.4.2).

Met die bepaling van die vordering van SADCC in hoofstuk 3, is eerstens na die teenstrydige standpunte oor die prestasies van die organisasie verwys. Om 'n wetenskaplike standpunt te maak, is die vordering van SADCC in die eerste plek in terme van sy stigtingsdoelstellings gemeet. Veral die hoofdoelstelling van SADCC, naamlik die strewe na 'n

vermindering in afhanklikheid van onder andere Suid-Afrika, is volledig toegelig (kyk 3.6). Hoewel teenstrydighede oor prestasies bestaan was die resultate oorwegend positief. Ook die verkryging van internasionale samewerking en die vestiging van 'n streeksidentiteit toon positiewe resultate (kyk 6.3.1.2).

In hoofstuk 3 is tweedens die vordering in die groeisektore van SADCC gemeet. Die toename in belangrikheid van die vervoer en kommunikasie-sektor (kyk 3.4.7.3) en die finansiering van die totale SADCC-projekte (kyk 3.4.9) is onderwerpe wat in meer besonderhede bespreek is. Met uitsondering van die vervoer en kommunikasie-sektor was vordering in die SADCC-groeisektore nie noemenswaardig nie.

Die uitwerking van veranderinge, wêreldwyd en in Suider-Afrika, op die streek en SADCC as 'n organisasie is die hooftema van hoofstuk 4. Die belangrikste implikasies vir die Suider-Afrika streek en SADCC is gevolge van die veranderinge in die "nuwe Suid-Afrika".

SADCC was nie voorbereid op die veranderinge in Suid-Afrika nie en moes in 'n kort tydperk reageer. Die reaksie was 'n drastiese verandering in die benadering tot integrasie. Met die aanvaarding van 'n nuwe beleidsdokument in Januarie 1992 en die daarmee gepaardgaande stigting van 'n nuwe organisasie (die Suider Afrika Ontwikkelingsgemeenskap (SADC)) in Augustus 1992, het SADCC sy mikro-integrasie benadering verruil vir die ontwikkelings-integrasie benadering. Dit behels kortliks dat die los samewerkings-assosiasie vervang word met 'n supra-nasionale liggaam met besluitnemingsmagte.

Hoofstuk 5 gee 'n kort blik oor die toekoms van samewerking en integrasie in Suider-Afrika. In die lig van die moontlikheid dat Suid-Afrika lid sal word van SADC word die toepaslikheid van die ontwikkelings-integrasie benadering

van SADC bevraagteken. Die drie belangrikste integrasie-ooreenkomste (SADC, die PTA en SADU) word kortliks bespreek voordat moontlike alternatiewe uitgelig word. Daar word klem gelê op die feit dat die realiteite in Suider-Afrika en veral die toekomstige rol van 'n nuwe Suid-Afrika 'n besliste invloed op samewerking en integrasie in die streek het.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n tweeledige toekoms-benadering in die streek. Volgens hierdie benadering kan samewerking op die korttermyn plaasvind terwyl daar gesoek word na die regte raamwerk vir 'n integrasie-ooreenkoms op die langtermyn.

## 6.3 GEVOLGTREKKINGS

Die doel van die studie was om die ekonomiese waarde van SADCC vas te stel, asook om die nuwe SADC in die veranderende omstandighede in die Suider-Afrika streek te evalueer (kyk 1.1). Die gevolgtrekkings van die studie verwys spesifiek na hierdie tweeledige doel.

### 6.3.1 DIE EKONOMIESE WAARDE VAN SADCC

Met die ondersoek na die ekonomiese waarde van SADCC is veral gelet op die bydrae wat die organisasie tot die ekonomiese ontwikkeling van sy lidlande gelewer het. Hierdie bydrae is gemeet deur die mate van bereiking van die doelstellings van SADCC, asook die vordering van projekte in die groeisektore te evalueer. Die aard van SADCC het ook 'n invloed op die ontwikkeling van die lidlande en word eerstens bespreek as deel van die bepaling van die ekonomiese waarde van SADCC.

#### 6.3.1.1 Die aard van SADCC

In die lig van die integrasie-ervarings in Suider-Afrika en

Afrika was die stigters van SADCC versigtig met die aanvaarding van 'n integrasie-vorm as manier om samewerking in die streek te bevorder. Die verskille tussen lidlande, veral op polities-ekonomiese gebied (kyk 2.6.2.2), maak samewerking en veral opoffering van soewereiniteit wat aan integrasie gekoppel word, byna onmoontlik.

Die geringste vorm van integrasie vereis 'n mate van oordrag van nasionale besluitneming aan 'n streeksliggaam. Die keuse van die mikro-integrasie benadering, waar lande slegs 'n los assosiasie vorm om samewerking te bevorder, was die enigste werkbare oplossing in die Suider-Afrikaanse omstandighede. Die voortbestaan van SADCC oor die jare word direk aan die SADCC-standpunt teenoor integrasie gekoppel (kyk 2.3.2.1).

Die gebruik van die mikro-benadering tot integrasie het beslis 'n bydrae gelewer tot die deelname van buitelandse skenkers en algehele funksionering van SADCC om die stigtingsdoelstellings te probeer bereik.

Die toekenning van verantwoordelikhede vir samewerkingsgebiede aan lidlande was egter nadelig. Die groot afstande, gebrekkige kommunikasie en swak beskikbare infrastruktuur het die administrasie van projekte in hierdie gebiede bemoeilik.

Die gebrek aan 'n institusionele raamwerk skep ook probleme. Daar bestaan geen eenvormigheid ten opsigte van die hantering van projekte of selfs die groeisektore nie. In die lig van politieke en ekonomiese veranderinge in die streek mag dit die belangrikste nadeel van SADCC blyk. 'n Los groepering van lande blyk onvanpas te wees om samewerking in die veranderde klimaat te bevorder (kyk 4.3).

Ondanks die ontoepaslikheid van die aard van SADCC in die veranderde omstandighede het die los assosiasie van die

organisasie sedert 1980 bygedra tot die bereiking van die stigtingsdoelstellings van SADCC, wat vervolgens bespreek word.

6.3.1.2 Die bereiking van die stigtingsdoelstellings

6.3.1.2.1 Die vermindering van ekonomiese afhanklikheid

Die eerste doelstelling wat deur SADCC gestel is, behels die vermindering van ekonomiese afhanklikheid, veral van Suid-Afrika. SADCC het gemengde welslae met hierdie doelstelling bereik. Op die terrein van vervoer en kommunikasie het SADCC egter wel daarin geslaag om sy afhanklikheid van Suid-Afrika te verminder (kyk 3.4.7.1).

Hierdie vermindering in afhanklikheid van Suid-Afrika het egter gepaardgegaan met 'n toename in afhanklikheid van buitelandse skenkers. Veral in terme van finansiering van projekte maak SADCC vir byna 90 persent van die totale koste van projekte staat op buitelandse fondse (kyk 3.4.9.2). Die vraag ontstaan of bogenoemde verandering van afhanklikheid as 'n vermindering beskou kan word.

6.3.1.2.2 Die skepping van streeksintegrasie

Danksy die mikro-integrasie benadering van SADCC het die organisasie daarin geslaag om 'n gevoel van samehorigheid en streeksidentiteit onder die lidlande te vestig (kyk 2.3.2.1).

Hoewel hierdie vordering binne SADCC-geledere as 'n merkwaardige prestasie beskou word, moet die werklike betekenis van streeks-integrasie by die evaluering hiervan in oënskou geneem word. Die ontwikkeling van 'n eenheids-gevoel of identiteit is 'n vae omskrywing en lewer nie bewys van aksies wat werklike integrasie verteenwoordig nie.

6.3.1.2.3 Die verkryging van internasionale samewerking

Die verkryging van internasionale samewerking is deur SADCC as derde doelstelling vooropgestel. Hiermee was SADCC suksesvol. Die feit dat buitelandse fondse vir SADCC-projekte van 1 078 miljoen VSA dollar in 1985 tot 2 549 miljoen VSA dollar in 1990 gestyg het (kyk 3.4.9.2), lewer 'n bewys van die toename in internasionale betrokkenheid by SADCC-bedrywighede.

Die moontlike motivering agter die verskaffing van fondse, naamlik om sodoende die opskorting van verbintenisse met Suid-Afrika te vermy, doen geen afbreuk aan die feit dat fondse wel verkry is nie. Die moontlikheid bestaan dat die toekomstige hulp van die buiteland beperk sal word as gevolg van veranderinge wêreldwyd en in Suider-Afrika (kyk 4.2.1.2 en 4.2.3.2).

6.3.1.2.4 Die mobilisering van plaaslike hulpbronne

Die vierde doelstelling is die mobilisering van plaaslike hulpbronne om 'n gesonde grondslag vir groei en ontwikkeling daar te stel. Op hierdie gebied word in SADCC-geledere erken dat geen suksesse behaal is nie (kyk 3.3.5). Die beperkte SADCC-bydrae tot projekte in die verskillende groeisektore is 'n aanduiding van die beperkte betrokkenheid van plaaslike bronne by groei en ontwikkeling in die lidlande (kyk 3.4.9.2).

SADCC het met die nastrewing van sy stigtingsdoelstellings beperkte vordering getoon. Daar bestaan egter 'n ander maatstaf wat gebruik kan word om die vordering van SADCC te meet. Hierdie maatstaf is die vordering van die projekte in die groeisektore van SADCC, ten opsigte waarvan daar vervolgens gevolgtrekkings gemaak word.

6.3.1.3 Die vordering van projekte in die groeisektore

i) Landbou: Beperkte vordering is gemaak met landbouprojekte. Die produksie van landbouprodukte in die streek het in 'n beperkte mate toegeneem.

ii) Mynwese : Ondanks die belangrike rol wat die mynwesesektor in die SADCC-ekonomieë speel, het SADCC slegs 'n gunstige klimaat vir plaaslike verwerking van minerale grondstowwe geskep.

iii) Energie: Op die gebied van energie het geen werklike verbetering plaasgevind nie. Slegs bestaande fasiliteite is opgegradeer maar geen nuwe fasiliteite is gevestig nie.

iv) Nywerheid en handel: Resultate in hierdie sektor is kommerwekkend aangesien geen vordering sedert 1980 plaasgevind het nie. Om groei en ontwikkeling op die langtermyn egter te verseker is 'n toename in bedrywighede van die nywerheidsektor en inter-SADCC handel 'n voorvereiste.

v) Toerisme: Projekte in hierdie sektor was onaktief en het geen vordering getoon nie. SADCC wend weinige pogings aan om hierdie sektor te aktiveer, ondanks die potensiaal van dié sektor.

vi) Vervoer en kommunikasie: Goeie vordering is sedert 1980 in hierdie sektor aangeteken. Toenemende onafhanklikheid is op die gebied van vervoer, maar veral op die gebied van telekommunikasie bereik.

Die koste en finansiering van hierdie sektor het tussen 1985 en 1990 'n toenemend groter deel van die totale koste en finansiering van SADCC-projekte uitgemaak. Die vervoer en kommunikasie-projekte het vanaf 1985 tot 1990 met 55 persent van die totale projekkoste tot 77 persent toegeneem. Die bydraes van SADCC en die buiteland tot

projekte in hierdie sektor, in vergelyking met hul totale bydraes, het respektiewelik van 55 en 61 persent in 1985 na 84 en 82 persent in 1990 toegeneem.

Indien die verhoogde toegekende fondse van SADCC en die buiteland in ag geneem word, is die gevolglike vordering in hierdie sektor 'n gevolg van dié verhoogde investering (kyk 3.4.7.3).

vii) Mannekrag: Geen werklike vordering is in hierdie groeisektor bewerkstellig nie. Alle SADCC-lande ervaar die uitvloei van opgeleide mannekrag, wat die bestaande mannekragtekorte verswak. SADCC stel geen oplossing in die vooruitsig nie en die situasie sal moontlik in die toekoms vererger.

viii) Finansiering: Die afhanklikheid van buitelandse fondse vir die finansiering van SADCC-projekte het sedert 1980 aansienlik toegeneem. Hierdie situasie bevraagteken die vermoëns en wilskrag van SADCC-lande om ontwikkelingsprojekte te finansier. Die hoë finansieringstekort plaas 'n vraagteken oor die lewensvatbaarheid en sinvolheid van meer as 50 persent van die SADCC-projekte. Die verskaffing van finansiering uit plaaslike bronne is laag (tussen 10 en 14 persent) en toon geen verbetering sedert 1985 nie (kyk 3.4.9.2).

Die algemene vordering in die groeisektore van SADCC is beperk. Afgesien van die vervoer en kommunikasie-sektor, is daar geen sektor wat noemenswaardige vordering sedert 1980 toon nie.

Deur middel van die mikro-integrasie benadering van die organisasie, is struikelblokke vermy en samewerking tussen die lidlande vergemaklik. Veral die verkryging van buitelandse hulp het die implementering van projekte in die verskillende lidlande moontlik gemaak. Die beperkte

vooruitgang van die projekte in die verskillende groeisektore bewys dat die meetbare prestasies van SADCC nie baie positief was nie. Die ekonomiese waarde van die organisasie lê hoofsaaklik daarin dat 'n gunstige klimaat en verstandhouding geskep is om groei en ontwikkeling in lidlande aan te moedig. SADCC se rol as tussenganger vir samewerking tussen die verskillende lidlande, is as vertrekpunt daargestel vir die funksionering van SADC (wat in Augustus 1992 gestig is).

### 6.3.2 DIE STIGTING EN TOEKOMSPOTENSIAAL VAN SADC

Die interafhanklikheid in die streek veroorsaak dat die toekoms van SADC aan die toekoms van Suid-Afrika verbind is (kyk 3.6.7). Die invloed van veranderinge in Suid-Afrika op die bestaan van SADCC is 'n duidelike aanduiding van die interafhanklikheid wat in Suider-Afrika bestaan. Die politieke aanvaarbaarheid van die "nuwe Suid-Afrika" bring mee dat dié land tot samewerking in die streek kan toetree. Die oorskakeling na SADC, wat as reaksie van SADCC hierop gevolg het, was 'n ingrypende stap. Die stigting van SADC word eerstens bespreek, waarna die toekomspotensiaal aandag geniet.

#### 6.3.2.1 Die stigting van SADC as noodsaaklike reaksie

Die veranderinge in Suid-Afrika het die klimaat waarin SADCC funksioneer verander. SADCC-lande was in die tagtigerjare gekant teen verbintenisse met Suid-Afrika. In 1992 was daar egter slegs een SADCC-land, naamlik Tanzanië, wat geen handelsbande met Suid-Afrika gehad het nie. Die toenemende verbintenisse van sy lidlande met Suid-Afrika (kyk 4.2.3.2) het SADCC verplig om sy houding teenoor Suid-Afrika te heroorweeg en aan te pas.

Die politieke veranderinge en hervorming in Suid-Afrika was nie totaal onverwags nie, maar die spoed waarmee dié

veranderinge egter deurgevoer is, het SADCC onkant betrap. SADCC het daarop staat gemaak dat die ekonomieë van sy lidlande sterker sou wees teen die tyd dat Suid-Afrika moontlik 'n lid van SADCC kan word.

In SADCC-geledere is egter aanvaar dat Suid-Afrika onvoorwaardelik tot die organisasie sou kon toetree (kyk 4.3.2.1), maar in Suid-Afrika is die lidmaatskap egter nie 'n uitgemaakte saak nie.

Suid-Afrika het 'n bedreiging vir SADCC geword (kyk 4.2.3.3) en SADCC het besluit dat 'n reaksie noodsaaklik is.

Die aanvaarding van 'n nuwe beleidsdokument in Januarie 1992 en die vervanging van SADCC met die SADC was 'n noodmaatreël teen die moontlike ekonomiese oorheersing deur Suid-Afrika. Die aanvanklike mikro-benadering tot integrasie, wat die voortbestaan van die organisasie vir meer as 'n dekade sedert 1980 verseker het (kyk 6.3.1.1), word met die stigting van SADC vervang met 'n ontwikkelingsbenadering.

Hierdie verandering is gedoen om die verwagte ekonomiese oorheersing (kyk 4.2.3.3) van 'n polities aanvaarbare Suid-Afrika te neutraliseer. Die verandering is moontlik ook gegrond op die behoefte aan 'n infrastrukturele raamwerk vir toekomstige samewerking in die streek (kyk 5.4.2).

Die vraag bestaan of SADC in die toekoms potensiaal het om 'n betekenisvolle rol in samewerking en integrasie in die Suider-Afrika streek te speel.

6.3.2.2 Die toekomspotensiaal van SADC

Daar bestaan alreeds twyfel oor die toekomspotensiaal van

SADC. Die redes vir die twyfel word vervolgens bespreek.

Die SADC-benadering tot integrasie, naamlik die ontwikkelings-benadering, impliseer groter en bindende besluitneming deur 'n oorkoepelende liggaam op streeksvlak. Dit word betwyfel of die regerings van die SADC-lande enersyds gereed is om hulle te onderwerp aan inmenging en andersyds bereid is om hul soewereiniteit aan so 'n liggaam op te offer (kyk 5.3.2.5).

Die SADC-benadering is byna identies aan die PTA-benadering (kyk 5.2.2). In die lig hiervan sal dit tot voordeel van die streek wees as hulle kan saamsmelt of minstens hul aktiwiteite kan koördineer.

Daar is weinig ooreenkomste tussen die SADC en SADU. Ondanks die suksesse van SADU word die organisasie beperkte kans op 'n langtermyn voortbestaan in sy huidige vorm gegee, hoofsaaklik omdat die finansiële struktuur van die organisasie nie meer lidlande kan akkommodeer nie (kyk 5.2.3.4).

Dit wil voorkom of SADC probleme kan verwag nog voordat die organisasie werklik kan funksioneer. Die benadering tot integrasie wat gevolg word, skep nie 'n geskikte raamwerk vir die heterogene politieke en ekonomiese omstandighede in die lidlande nie.

Die toekomstige samewerkingsraamwerk van die Suider-Afrika streek behoort sover moontlik hierdie heterogene omstandighede van alle lande in die streek te akkommodeer. SADC in sy vorm as ontwikkelings-integrasie ooreenkoms sal moontlik weer binnekort aanpassings moet maak om 'n sinvolle rol in die toekoms van Suider-Afrika te kan speel.

## 6.4 AANBEVELINGS

Met die "nuwe Suid-Afrika" as 'n wwerklikheid in die Suider-Afrika streek, is 'n toename in samewerking tussen dié land en die SADC-lande 'n hoë waarskynlikheid (kyk 4.2.4.2 en 3.6.7). Die vraag bestaan of hierdie samewerking tussen die lande geformaliseer moet word. Indien wel, is dit noodsaaklik dat 'n studie gemaak word van die institusionele raamwerk wat nodig is om optimale samewerking tussen Suid-Afrika en die SADC-lande te bewerkstellig.

Die benadering van die Suider-Afrika streek ten opsigte van samewerking en integrasie behoort duidelik geskei te word. Die korttermyn-benadering moet gebaseer word op samewerking sonder enige toegewings in terme van die soewereiniteit van die deelnemende lande. Oor die langtermyn kan integrasievorms, waar die opofferings van lidlande betrokke is, oorweeg word.

Oor die korttermyn behoort die lande in die streek aandag te gee aan die volgende wyses van samewerking:

i) bilaterale samewerking tussen die lande in die streek (SADC-lande individueel en Suid-Afrika). Hierdie vorm van samewerking moet van so 'n aard wees dat ander lande in die streek nie daardeur benadeel word nie,

ii) bilaterale samewerking tussen die SADC-lande as 'n groep en Suid-Afrika. Op hierdie wyse kan die verskille in ekonomiese grootte in die streek in 'n mate uitgeskakel word. Hierdie soort ooreenkoms vereis eensgesindheid onder SADC-lede,

iii) geassosieerde lidmaatskap van SADC. Hierdie opsie sal die kennis, mannekrag en infrastruktuur van Suid-Afrika aan die SADC-lande beskikbaar stel en Suid-

Afrika sal slegs 'n beperkte invloed in die funksionering van SADC hê, en

iv) trilaterale samewerking met Suid-Afrika as tussenganger tussen die SADC en die buitelandse skenkers. Die verwagte vermindering van buitelandse fondse aan SADC kan moontlik geneutraliseer word deur Suid-Afrika se deelname aan projekte. Die gebruik van die Suid-Afrikaanse kundigheid, tegniese vaardighede en fisiese en finansiële infrastruktuur kan lei tot 'n toenemende betrokkenheid van buitelandse skenkers.

Met die oorweging van hierdie tipe ooreenkomste behoort vasgestel te word watter ooreenkoms die gunstigste vir toekomstige integrasie sal wees.

Op die langtermyn kan integrasie in die streek wel oorweeg word. Daar bestaan egter geen bloudruk vir die instelling van integrasie tussen lande nie. Die situasie wat in Suider-Afrika bestaan kan geensins vergelyk word met die situasie waaraan ander integrasie-pogings blootgestel is nie. Die heterogeniteit van die lidlande is 'n groot belemmering vir integrasie.

Hierdie unieke situasie vereis 'n unieke benadering tot integrasie. Die belangrikste faktor vir suksesvolle integrasie is toegewyde ondersteuning van die lidlande. Hierdie ondersteuning kan verkry word deur deurentyd die betrokke lande te raadpleeg en deur gebruik te maak van 'n stelselmatige benadering tot integrasie.

Die integrasie-verskynsel het byna 'n obsessie in die wêreldekonomie geword. Daar moet egter onthou word dat suksesvolle integrasie-ooreenkomste soos die EG meer as 35 jaar geneem het om suksesse te bereik. Die Suider-Afrika streek kan nie verwag om na tien jaar, in baie swakker ekonomiese omstandighede, dieselfde resultate te verkry

nie.

Ter voorbereiding van 'n latere integrasie-ooreenkoms kan daar, tesame met die samewerkingsooreenkomste hierbo genoem, oorweging geskenk word aan die daarstelling van 'n institusionele raamwerk, wat integrasie nastreef. Met die bepaling van hierdie raamwerk behoort die volgende elemente egter grondig ondersoek te word:

i) die aard en funksionering van bestaande organisasies (soos die SADC, SADU en die PTA) en 'n ontleding van die eienskappe wat gunstig en ongunstig was en is in die funksionering van die organisasies,

ii) die eiesoortige situasie (polities, ekonomies en sosio-maatskaplik) waarbinne die Suider-Afrika streek hom bevind, en hoe die raamwerk daarby kan aanpas,

iii) die verskeidenheid ekonomiese en politieke stelsels wat in die streek voorkom en hoe hulle saam in een raamwerk kan funksioneer, en

iv) suksesvolle integrasie-pogings wêreldwyd wat moontlike oorvleueling met die streek toon (soos die EG en die OECD) en die aanpassing daarvan om die unieke streeks-omstandighede te akkommodeer.

'n Studie kan aangepak word om bogenoemde elemente van die institusionele raamwerk te ondersoek.

## 6.5 SLOT

Die Suider-Afrika streek kan 'n gunstige toekoms hê. Die benadering ten opsigte van samewerking en integrasie oor sowel die korttermyn as die langtermyn kan hierdie toekoms 'n werklikheid maak. Die SADC-benadering om 'n supra-nasionale liggaam te vestig en sodoende gelyke verdeling

van voordele te bewerkstellig is egter nie geskik vir die huidige omstandighede in die streek nie. Dit is meer sinvol om haalbare resultate en konkrete doelstellings vir samewerking in die streek te stel. Daarom is dit noodsaaklik om 'n moontlike integrasie-benadering, soos dié van SADC, slegs as 'n langtermynoorweging te beskou.

Die geskikste manier om groei en ontwikkeling in die Suider-Afrika streek te bewerkstellig is om gebruik te maak van samewerkingsooreenkomste tussen al die lande in die streek. Hierdie ooreenkomste kan oor die langtermyn, soos wat omstandighede in die streek dit toelaat en vereis, tot 'n meer formele vorm van integrasie lei. Op hierdie manier kan groei en ontwikkeling oor die korttermyn én langtermyn verkry word.

**BRONNELYS**


AFRICA INSTITUTE OF SOUTH AFRICA. 1992. Africa at a glance: 1992 Facts and Figures (Compiled by Esterhuysen P.). Pretoria. 124p.

AMIN, S., CHITALA, D. & MANDAZA, I.,eds. 1987. SADCC prospects for disengagement and development in Southern Africa. London: ZED Books. 256p.

ANON. 1988(a). Fixing up the SADCC house. Southern African economist, 1(4):3-11, Aug-Sep.

ANON. 1988(b). Southern Africa's economic mercenaries. Work in progress, 54:27-28, Jun-Jul.

ANON. 1990(a). Birthday blues. Southern Africa special dispatch, 3(6):8-10, Jun/Jul.

ANON. 1990(b). Recent Developments in Regional Integration in the world. Cape Issues on Regional Integration (CIRI), 2(2):7-18, Apr.

ANON. 1990(c). SADCC after the revelry. Southern African economist, 3(2):22-25, Apr-May.

ANON. 1990(d). SADCC in the Nineties. Southern African economist. 3(1):11-15, Feb-Mar.

ANON. 1990(e). SADCC: the next ten years. Front File, 4(6):5-6, May.

ANON. 1991(a). Business Council sees SA link. SADCC Monthly report, 1(8):1-2, Sep.

ANON. 1991(b). Co-operation or integration. International Research and Information Services (IRIS), 1(5):5-7, June.

ANON. 1991(c). Regional development prospects improve. Chamber of Mines newsletter: 8-9, Mar/Apr.

ANON. 1991(d). SA and the SADCC states: Prospects for regional co-operation in the post-apartheid era. Die Suid-Afrikaan, (33):38-39, Jun/Jul.

ANON. 1991(e). SADCC after apartheid. ACODA Info, 1(2):1-3, Feb.

ANON. 1991(f). Special report: SA and SADCC. SADCC Monthly report, 1(2):4-6, Mar.

ANON. 1991(g). The end of SADCC? Southern African economist, 4(2):5-7, Apr/May.

ANON. 1991(h). New man at the PTA. Southern African economist, 4(2):45-47, Apr/May.

ARNOLD, G. 1990(a). Head to head. Business traveller: 17-22, June.

ARNOLD, G. & HALL, T. 1990(b). Shock treatment for African economies. Africa South, (4):15-16, Apr.

ARNOLD, M.W. 1991. Southern Africa in the year 2000: An optimistic scenario. CSIS Africa notes, (122):1-5, 28 Mar.

BEUKES, E.P. & COETZEE, S.F. 1991. Good hope for Southern Africa: conditions and strategy (Paper delivered at the Society for International Development 20th World Conference, held from 6 to 9 May.) Amsterdam.(The Netherlands.) 30p.

BRAND, S.S. 1991. Interafhanklikheid en ekonomiese interaksie. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 31(3): 248-261.

BREYTENBACH, S. 1986. Die Suider-Afrikaanse konferensie vir ontwikkelingskoördinering(SADCC). Bloemfontein. 192p. (Verhandeling (MA) - UOVS.)

BREYTENBACH,. W.J. 1991. South-Africa in Africa: The challenges of a changing world. Bellville: Instituut vir Toekomsnavorsing, Universiteit van Stellenbosch, 71p.

CAMDESSUS, M. 1991. Some African countries have made enviable progress. (Remarks to the IMF/AACB symposium in Gaborone on 25 February 1991.) IMF Survey: 86-88, 18 March.

CATANEO, N. 1986. The viability of regional economic integration among developing countries with special reference to the Southern African Customs Union and the Southern African Development Co-ordination Conference. Grahamstown. 84p. (Honnours Dissertation - Rhodes University.)

CHALKER, L. 1991. United Kingdom response on behalf of the co-operating partners at the SADCC Annual Consultative Conference in Windhoek on 31 January 1991. Southern Africa record, (61):79-84.

CHIKOVE, S. 1991. The new Southern Africa: visions and realities. (Interview with Dr. S. Makoni, SADCC executive secretary.) Africa South, (9):12-13, Mar/Apr.

CHITALA, D. 1987. The political economy of the SADCC and imperialism's response. (In AMIN, S., CHITALA, D. & MANDAZA, I., eds. SADCC prospects for disengagement and development in Southern Africa. London: ZED Books. p.13-36.)

CHIZINGA, M. 1988. Administration of regional development programmes: SADCC since the Lusake Declaration. Southern African international and political affairs, 23(2):66-74, Jun.

COETZEE, S. 1992. South Africa's development role in Africa: Are expectations too high? Africa Institute Bulletin, 32(4):4.

COHEN, T. 1991. Trade increase of $5bn 'only lacking promotion'. Business Day: 3, Mar.15.

DAVIES, R. 1991. South Africa joining SADCC or SADCC joining South Africa?: emerging perspectives on regional economic co-operation after apartheid. (In VAN NIEUWKERK, A. & VAN STADEN, G., eds. Southern-Africa at the crossroads: prospects for the political economy of the region. Johannesburg: South African Institute of International Affairs. p.235-245.)

DU PISANI, A. 1992. No escape from laws of world economics. Die Suid-Afrikaan/Focus on Southern Africa, (41):20-21, Oktober/November.

DU PLESSIS, S.P.J. 1987. International Economics. Durban: Butterworth. 366p.

ECONOMIST INTELLIGENCE UNIT. 1992(a). Namibia: Country Profile 1991-1992: annual survey of political and economic background. London: EIU. 57p.

ECONOMIST INTELLIGENCE UNIT. 1992(b). Botswana, Lesotho, Swaziland: Country Profile 1991-1992: annual survey of political and economic background. London: EIU. 97p.

EIU
kyk
Economist Intelligence Unit.

ELECTRICITY SUPPLYING CORPORATION. 1991. Eskom Annual Report:1990. Johannesburg: Escom. 87p.

ESKOM
kyk
Electricity Supplying Corporation

FAIR, T.J.D. 1986. Economic organizations in sub-Saharan Africa (Part 3). <u>Africa Institute Bulletin</u>, 26(8):131-134.

FAIR, T.J.D. 1990. Frameworks for African development. <u>Africa Institute Bulletin</u>. 30(4):1-8.

GELDENHUYS, D. 1981. The Constellation of Southern African States and the Southern African Development Co-ordination Council: towards a new regional stalemate? Braamfontein: The South African Institute of International Affairs. 54p.

GOUS, F. 1991. Samewerking net so bewerkstellig. <u>Sake-Rapport</u>, 1, May 5.

HAARLOV, J. 1988. Regional co-operation in Southern Africa: central elements of the SADCC venture. Copenhagen: Centre for Development Research. 125p. (Research Report No.14.)

HANLON, J. 1984. SADCC: Progress, projects and prospects. London: Economist Intelligence Unit. 109p. (Special Report 182.)

HANLON, J. 1989. SADCC in the 1990's: Development on the frontline. London: Economist Intelligence Unit. 174p. (Special report 1158.)

HARDY, C. 1987. The prospects for growth and structural change in Southern Africa. Development dialogue, (2): 33-58.

HAWKINS, T. 1992. A mere magnet for funds. Die Suid-Afrikaan/Focus on Southern Africa, (41):13-14, Oktober/November.

HERHOLDT, A.N.J. 1988. South Africa within Southern Africa: uncertainties facing a capitalistic economy in the post-apartheid era. Small business news, 10(1):30-31, Feb.

HILL, H. 1991. Who's afraid of the RSA? Africa South, (9):7-11, Mar/Apr.

KONGWA, S. 1989. Foreign relations of post-apartheid South Africa with Africa and other developing countries. (In Professors World Peace Academy. Post-apartheid South Africa. Johannesburg: PWPA. p125-143.)

KONGWA, S. 1990(a). S.A. and the SADCC countries in the 1990's. South Africa foundation revieuw, 16(4):3-4, Apr.

KONGWA, S. 1990(b). SADCC - the way forward. South Africa foundation review, 16(10):1-2, Oct.

KONGWA, S. 1992. SADCC: Towards regional integration. Africa Institute Bulletin, 32(2):1-2.

LEISTNER, E. 1986. Economic interdependence in southern Africa. (Paper delivered at a colloquium, "Africa - the past the present, and the future" at Tamkang University on 25 and 26 January 1986.) Taipei. 16p.

LEISTNER, E. 1988. Labour migration. (In LEISTNER, E. & ESTERHUYSEN, P., eds. South Africa in Southern Africa: economic interaction. Pretoria: Africa Institute of South Africa. p111-128.)

LEISTNER, E. 1990. Post-apartheid South Africa and Africa. Africa Insight, 20(3):138-140.

LEISTNER, E. 1991(a). South Africa's future contribution to the economic development of Southern Africa. (Paper presented at an international symposium on "South Africa in Southern Africa: Aspects of regional co-operation" from 12 to 14 July 1991.) Windhoek. 23p.

LEISTNER, E. 1991(b). The Southern African Development Co-ordination Conference in its second decade. Africa Institute Bulletin, 31(2):1-2.

LEISTNER, E. 1991(c). Towards closer economic union in Southern Africa. (In VAN VUUREN, D.J., WIEHAHN, N.E., RHOODIE, N.J. & WIECHERS, M., eds. South Africa in the nineties. Pretoria: Human Sciences Research Council. p.491-501.)

LEISTNER, E. 1992(a). Designing the framework for a Southern African Development Community. Africa Insight, 22(1):4-13.

LEISTNER, E. 1992(b). Post-apartheid South Africa's economic ties with neighbouring countries. Development Southern Africa, 9(2):169-185, May.

LEISTNER, E. 1992(c). Issues of economic integration in Southern Africa. (Paper presented at a workshop on Economic integration in Southern Africa, arranged by the Africa Institute of South Africa in conjunction with the Southern Africa Foundation for Economic Research on 27 July 1992.) Pretoria. 25p.

LEISTNER, E. 1992(d). SADCC into SADC: plus ca change. Africa Insight, 22(3):158

LEISTNER, E. 1992(e). South Africa's options for future relations with Southern Africa and the European Community. (Discussion document commissioned by SACOB and presented at an embargo on 19 October 1992.) Pretoria. 23p.

LIVI, G. 1989. From Europe a growing commitment. Cooperazione, 14th year(Supplement to No 87):41-44.

LOUW, C. 1992(a). What hope the Windhoek treaty? Die Suid-Afrikaan/Focus on Southern Africa, (41):10-12, Oktober/November.

LOUW, C. 1992(b). Trying to achieve equity (Interview with W. Lindeke of the University of Namibia). Die Suid-Afrikaan/Focus on Southern Africa, (41):18-19, Oktober/November.

LOUW, C. 1992(c). SADC's success: feeling we belong together (Interview with S. Makoni, executive secretary of SADC). Die Suid-Afrikaan/Focus on Southern Africa, (41):16-17, Oktober/November.

LOUW, C. 1992(d). "Absolutely normal relations" with South Africa (Interview with J. Veloso, Minister of co-operation of Mozambique). Die Suid-Afrikaan/Focus on Southern Africa, (41):33-34, Oktober/November.

LOUW, C. 1992(e). We just want to get back into business (Interview with R. Penza, Minister of commerce, trade and industry of Zambia). Die Suid-Afrikaan/Focus on Southern Africa, (41):31-32, Oktober/November.

LOUW, C. 1992(f). Manuel warns of apartheid "web" (Interview with T. Manuel, chief economist of the ANC). Die Suid-Afrikaan/Focus on Southern Africa, (41):26-28, October/November.

LOXTON, L. 1992. Co-operation formula eludes Africa. Die Suid-Afrikaan/Focus on Southern Africa, (41):17, October/ November.

MAASDORP, G. 1980. The Constellation of States and the Southern African Development Co-ordination Conference : The economic issues. (Paper presented at the National Productivity Institute conference of economics and business economics, held on 2 December.) Pretoria. 13p.

MAASDORP, G. 1984. Southern African Development Co-ordination Conference: a post Nkomati evaluation. Braamfontein: South African Institute for International Affairs. 117p.

MAASDORP, G. 1985. Squaring up to economic dominance: regional patterns. (In ROTBERG, R.I., BIENEN, H.S., LEGVOLD, R. & MAASDORP, G.G., eds. South Africa and its neighbours: Regional security and self-interest. Toronto: Lexington. p.91-135.)

MAASDORP, G. 1986(a). Economic and political aspects of regional cooperation in Southern Africa. South African journal of economics, 54(2):151-170, Jun.

MAASDORP, G. 1986(b). The Southern African Nexus: dependence or interdependence. Indicator SA: economic monitor, 3(4):5-10, Autumn

MAASDORP, G. 1988. The Southern African Development Co-ordination Conference. (In LEISTNER, E. & ESTERHUYSEN, P., eds. South Africa in Southern Africa: economic interaction. Pretoria: Africa Institute of South Africa. p.69-88.)

MAASDORP, G. 1990. The Southern African Development Co-ordination Conference. (In VAN DER KOOY, R.J.W., ed. PRODDER'S 1989-1990 annual: Development in Southern Africa. Pretoria: Prodder. p.116-121.)

MACLEAN, W. 1991. Human resources and Southern Africa. Southern Africa record, (61):72-78.

MALAN, Du T. 1983. New dimensions in Southern African economic relationships. ISSUP Strategic review: 2-19, March.

MALAN, Du T. 1987. Nuwe verwikkelinge in SAKOK. Africa Insight bulletin, 27(2):45-46.

MANDAZA, I. 1987. Perspectives on economic co-operation and autonomous development in Southern Africa. (In AMIN, S., CHITALA, D. & MANDAZA, I., eds. SADCC prospects for disengagement and development in Southern Africa. London: ZED Books. p.210-243.)

MANDAZA, I. 1988. Perspectives on Regional Economic Co-operation in Southern Africa. Southern Africa political and economic monthly, 2(1):11-13, Oct.

MANDAZA, I. 1991(a). Did CHOGM undermine SADCC? Southern Africa political and economic monthly, 5(2):3-9.

MANDAZA, I. 1991(b). Southern Africa in the 1990's: resolving the South African (national) question. Southern Africa political and economic monthly, 4(8):4-13, May.

MASIRE, Q. 1990. SADCC Tenth Anniversary. (Speech made on the tenth anniversary commemorative summit in Lusaka on 1 April.) Southern Africa political and economic monthly, 3(6):27-28, April.

MATSEBULA, M. 1991. Economic association of Southern African countries after apartheid. (In VENTER, A., ed. The political economy of South Africa. Johannesburg, Professors World Peace Academy (South Africa), p.126-138).

MATTHEWS, J. 1985. The third Lomé convention and its significance to southern Africa. Africa Insight, 15(4):262-307.

MATTHEWS, J. 1987. International economic relations for South African students. Johannesburg: Southern, 143p.

MHANGO, M. 1987. SADCC goes into reverse. New African, (240):37-38, Sep.

MISSER, F. 1991. What role is South Africa to play in the Lomé convention? African business, (156):10-11, Aug.

MMUSI, P.S. 1991. Statement at the 1991 SADCC annual consultative conference in Windhoek on 31 January 1991. Southern Africa record, (61):60-67.

MOOLMAN, A.T. 1990. Die nuwe Suid-Afrika se rol in Suider-Afrika. (Toespraak gelewer by 'n kongres op 24 Oktober 1990 wat die nuwe Suid-Afrika se ekonomiese rol in Suider-Afrika verband bespreek.) 7p.

MORNA, C.L. 1990(a). Frontline states prepare for competition with South Africa. African business, (146):16-18, Oct.

MORNA, C.L. 1990(b). SADCC's first decade. Africa report, 35(2):49-52, May-June.

MORNA, C.L. 1990(c). What lies ahead now for the SADCC countries? Afican business, (138):15-18, Feb.

MORNA, C.L. 1991. SADCC conference in Windhoek: European funding cuts spark outcry. African Business, (151):14-17, Mar.

MUFUNE, P. 1988. Potential for economic conflict within SADCC. Southern Africa political and economic monthly, 1(8):12-15, May.

NCUBE, T. 1991. S.I.R. Economic forecast. (In SADCC. ed., The Business guide to the SADCC region 1991/2: The SADCC industrial review. Harare: Africa South Publications. p.8-11.)

N'GANDWE, C. 1987. Financial integration and development in SADCC and PTA countries. (In AMIN, S., CHITALA, D. & MANDAZA, I., eds. SADCC prospects for disengagement and development in Southern Africa. London: ZED Books. p.181-121.)

NOVICKI, M.A. 1990. A decade of regional co-operation. Africa Report, 35(3):34-36, Jul/Aug.

NUJOMA, S. 1991. Statement at the official opening of the SADCC annual consultative conference in Windhoek on 31 January 1991. Southern Africa record, (61):68-71.

NYIKA, T. 1990. Grounds for optimism. West Africa, (3790):579-580, 9-15 April.

O MEARA, D. 1991. Regional economic integration in post-apartheid Southern Africa: dream or reality. (In VAN NIEUWKERK, A. & VAN STADEN, G., eds. Southern-Africa at the crossroads: prospects for the political economy of the region. Johannesburg: South African Institute of International Affairs. p.120-145.)

REDDY, G. 1988. Another worthless block? African Concord, 2(15):14-15, Jul.

RELLY, G. 1991. South Africa can help regional economies, up to a point. Business Day, 6, Apr. 24.

RUSSEL, D. 1991. The potential benefits of regionalisation in Southern Africa. Commerce, 45:37-47, Jul.

SADC
kyk
SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT COMMUNITY

SADCC
kyk
SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT CO-ORDINATION CONFERENCE.

SCHOEMAN, R. 1991. Prospects for regional economic co-operation in Southern Africa. (Speech delivered at the 1991 National Convention of the South African Chamber of Business on 16 October 1991.) 47p.

SCOTT, J. 1987. Co-operation between the European community and SADCC. (Paper presented on the one day seminar of the centre for Southern African Studies in August.) The University of York. 25p. (Ongepubliseer)

SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT COMMUNITY. 1992. Treaty of the Southern African Development Community. Windhoek:SADC. 29p.

SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT CO-ORDINATION CONFERENCE. 1987. SADCC annual progress report(1985-1986). Harare: SADCC. 106p.

SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT CO-ORDINATION CONFERENCE. 1988. SADCC annual progress report(1986-1987). Harare: SADCC. 128p.

SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT CO-ORDINATION CONFERENCE. 1989. SADCC annual progress report(1987-1988). Harare: SADCC. 144p.

SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT CO-ORDINATION CONFERENCE. 1990. SADCC annual progress report(1988-1989). Harare: SADCC. 134p.

SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT CO-ORDINATION CONFERENCE. 1991(a). SADCC annual progress report(1989-1990). Harare: SADCC. 123p.

SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT CO-ORDINATION CONFERENCE. 1991(b). The Business guide to the SADCC region 1991/2: The SADCC industrial review. Harare: Africa South Publications. 143p.

SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT CO-ORDINATION CONFERENCE. 1992(a). SADCC annual progress report(1990-1991). Harare: SADCC. 138p.

SOUTHERN AFRICAN DEVELOPMENT CO-ORDINATION CONFERENCE, 1992(b). SADCC: Towards Economic Integration. (Theme document at the 1992 SADCC annual conference held from 29 to 31 January 1992) Maputo, Mozambique. 37p.

THOMPSON, C.B. 1986. Regional economic policy under crisis conditions: the case of the Southern African Development Co-ordination Conference. Uppsala: The Scandinavian Institute. 30p. (Current African Issues. No.6.)

TOSTENSEN, A. 1982. Dependence and collective self-reliance in Southern Africa: the case of the Southern African Development Co-ordination Conference. Sweden: Scandinavian Institute of African Studies. 165p. (Research report No.62.)

VAN ASWEGEN, K. 1991. Skriftelike antwoord op navraag by Departement van Buitelandse Sake. (Brief in besit van outeur).

VAN HEERDEN, D. 1992. Local "US" worth persuing, says Pik (Interview with P. Botha). <u>Die Suid-Afrikaan/Focus on Southern Africa</u>, (41):27-28, Oktober/November.

VAN DER KOOY, R. 1991. Response to Matsebula. (<u>In</u> VENTER, A., <u>ed</u>. The political economy of South Africa. Johannesburg, Professors World Peace Academy (South Africa), p.139-142).

VAN HUYSSTEEN, A. 1991. The road to Europe is via Africa. <u>Financial Mail</u>, 99. Mar. 8.

VIVIERS, W. 1988. Kriteria vir evaluering van 'n optimum valutagebied. Die monetêre interafhanklikheid van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho en Swaziland. Potchefstroom. 265p. (Proefskrif (D.Com.) - P.U. vir C.H.O.)

WAGAO, J.H. 1987. Trade relations among SADCC countries. (<u>In</u> AMIN, S., CHITALA, D. & MANDAZA, I., <u>eds.</u> SADCC prospects for disengagement and development in Southern Africa. London: ZED Books. p.147-180.)

WEIMER, B. 1991. The Southern African Development Co-ordination Conference (SADCC): Past and future. Africa Insight, 21(2):78-89.

WEISFELDER, R.F. 1991. Collective foreign policy decision-making within SADCC: do regional objectives alter national policies? Africa today, 38(1):5-17, 1st Quarter.

ZACARIAS, A.M. 1991. A case for closer co-operation in Post-Apartheid era. (Paper presented for the SAFER Symposium on regional economic integration and national development, from 5 to 8 May.) Harare. 11p.

ZEHENDER, W. 1983. Co-operation versus integration: The prospects of the Southern African Development Co-ordination Conference. Berlin: German Development Institute, 69p.